# FINANSIëLE JAARSTATE VAN 'N UNIVERSITEIT INGEVOLGE DIE WET OP HOëR ONDERWYS: 'N GEVALLESTUDIE

**Daniël Andreas Walker**

**Skripsie voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Commercii (Rekeningkunde) in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die PU vir CHO.**

**Studieleier: Prof JPS Pretorius**

Potchefstroom
November 2000

# FINANSIëLE JAARSTATE VAN 'N UNIVERSITEIT INGEVOLGE DIE WET OP HOëR ONDERWYS: 'N GEVALLESTUDIE

D. A. WALKER

## VOORWOORD

Hiermee wil ek graag my dank betuig teenoor almal wat op die een of ander wyse 'n bydrae ter ondersteuning van hierdie studie gelewer het.

Graag wens ek ook my opregte dank te betuig teenoor prof JPS Pretorius onder wie se leiding hierdie navorsing gedoen is en mnr JSM Henning wat die taalversorging behartig het.

DA Walker
November 2000

## INHOUDSOPGAWE


Bladsy

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING**

| | | |
|---|---|---|
| **1.1** | **Agtergrond** | **1** |
| **1.2** | **Probleemstelling** | **2** |
| **1.3** | **Doel van die studie** | **5** |
| **1.4** | **Basiese hipotese** | **5** |
| **1.5** | **Metode van ondersoek** | **6** |
| **1.6** | **Struktuur van die studie** | **6** |

**HOOFSTUK 2**

**ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK (AARP)**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **Inleiding** | **8** |
| **2.2** | **RE 000: Raamwerk vir die opstel en aanbieding van finansiële state** | **9** |
| 2.2.1 | Gebruikers en hul inligtingsbehoefte | 9 |
| 2.2.2 | Die oogmerk met finansiële state | 9 |
| 2.2.3 | Grondliggende veronderstellings | 10 |
| 2.2.4 | Kwalitatiewe eienskappe van finansiële state | 10 |
| 2.2.5 | Die elemente van finansiële state | 12 |
| 2.2.6 | Erkenning van die elemente van finansiële state | 13 |
| 2.2.7 | Meting van die elemente van finansiële state | 13 |
| 2.2.8 | Toepassing | 14 |
| **2.3** | **RE 100: Voorwoord by standpunte oor AARP** | **15** |
| 2.3.1 | Redelike aanbieding | 15 |
| 2.3.2 | Toepassing van standpunte oor AARP | 15 |
| **2.4** | **RE 101: Aanbieding van finansiële state** | **16** |
| 2.4.1 | Doel van finansiële state | 16 |
| 2.4.2 | Oorhoofse oorwegings | 16 |
| 2.4.2.1 | Redelike weergawe | 16 |
| 2.4.2.2 | Nakoming | 16 |
| 2.4.2.3 | Rekeningkundige beleid | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.4.2.4 | Lopende saak | 17 |
| 2.4.2.5 | Toevallingsgrondslag | 17 |
| 2.4.2.6 | Konsekwentheid van aanbieding | 17 |
| 2.4.2.7 | Wesenlikheid en samevoeging | 17 |
| 2.4.2.8 | Verrekening | 17 |
| 2.4.2.9 | Vergelykende inligting | 17 |
| 2.4.3 | Areas waarin openbaarmaking van rekeningkundige beleid genoodsaak word | 17 |
| 2.4.4 | Struktuur en inhoud | 18 |
| 2.4.5 | Toepassing | 19 |
| **2.5** | **RE 103: Netto wins of verlies vir die tydperk, fundamentele foute en veranderinge in rekeningkundige beleid** | **20** |
| 2.5.1 | Bepaling van netto wins of verlies vir die tydperk | 20 |
| 2.5.2 | Ongewone items | 20 |
| 2.5.3 | Buitengewone items | 20 |
| 2.5.4 | Fundamentele foute | 21 |
| 2.5.5 | Veranderinge in rekeningkundige beleid | 21 |
| 2.5.6 | Veranderinge in rekeningkundige ramings | 21 |
| 2.5.7 | Toepassing | 22 |
| **2.6** | **RE 105: Rekeningkundige verantwoording van hure in die finansiële state van huurders** | **23** |
| 2.6.1 | Agtergrond | 23 |
| 2.6.2 | Rekeningkundige hantering | 24 |
| 2.6.3 | Openbaarmaking | 24 |
| 2.6.3.1 | Bruikhure | 25 |
| 2.6.3.2 | Bedryfshure | 25 |
| 2.6.3.3 | Verkoop en terughuur | 25 |
| 2.6.3.4 | Bateregister | 26 |
| 2.6.4 | Toepassing | 26 |
| **2.7** | **RE 106: Beleggingseiendomme** | **26** |
| 2.7.1 | Agtergrond | 26 |
| 2.7.2 | Rekeningkundige hantering | 27 |
| 2.7.2.1 | Gespesialiseerde aard | 27 |
| 2.7.2.2 | Nie-gespesialiseerde aard | 27 |
| 2.7.3 | Openbaarmaking | 27 |
| 2.7.4 | Toepassing | 28 |

| | | |
|---|---|---|
| **2.8** | **RE 107: Gebeurlikhede en gebeure na balansstaatdatum** | **29** |
| 2.8.1 | Agtergrond | 29 |
| 2.8.2 | Rekeningkundige hantering | 29 |
| 2.8.3 | Openbaarmaking | 30 |
| 2.8.4 | Toepassing | 31 |
| **2.9** | **RE 108: Voorraad** | **31** |
| 2.9.1 | Agtergrond | 31 |
| 2.9.2 | Rekeningkundige hantering | 32 |
| 2.9.3 | Openbaarmaking | 33 |
| 2.9.4 | Toepassing | 33 |
| **2.10** | **RE 111: Inkomste** | **34** |
| 2.10.1 | Agtergrond | 34 |
| 2.10.2 | Rekeningkundige hantering | 34 |
| 2.10.3 | Openbaarmaking | 35 |
| 2.10.4 | Toepassing | 36 |
| **2.11** | **RE 114: Leenkoste** | **37** |
| 2.11.1 | Agtergrond | 37 |
| 2.11.2 | Rekeningkundige hantering | 37 |
| 2.11.3 | Openbaarmaking | 38 |
| 2.11.4 | Toepassing | 38 |
| **2.12** | **RE 116: Aftreevoordele** | **39** |
| 2.12.1 | Agtergrond | 39 |
| 2.12.2 | Rekeningkundige hantering | 39 |
| 2.12.3 | Openbaarmaking | 40 |
| 2.12.4 | Toepassing | 41 |
| **2.13** | **RE 118: Kontantvloeistate** | **43** |
| 2.13.1 | Agtergrond | 43 |
| 2.13.2 | Aanbieding van 'n kontantvloeistaat | 43 |
| 2.13.3 | Openbaarmaking | 44 |
| 2.13.4 | Toepassing | 44 |
| **2.14** | **RE 123: Eiendom, aanleg en toerusting** | **46** |
| 2.14.1 | Agtergrond | 46 |
| 2.14.2 | Rekeningkundige hantering | 46 |
| 2.14.3 | Openbaarmaking | 48 |
| 2.14.4 | Toepassing | 49 |

| | | |
|---|---|---|
| **2.15** | **RE 125: Finansiële instrumente: openbaarmaking en aanbieding** | **51** |
| 2.15.1 | Agtergrond | 51 |
| 2.15.2 | Rekeningkundige hantering | 52 |
| 2.15.3 | Openbaarmaking | 54 |
| 2.15.4 | Toepassing | 54 |
| **2.16** | **RE 128: Waardedaling van bates** | **56** |
| 2.16.1 | Agtergrond | 56 |
| 2.16.2 | Rekeningkundige hantering | 58 |
| 2.16.3 | Openbaarmaking | 59 |
| 2.16.4 | Toepassing | 60 |
| **2.17** | **RE 129: Ontasbare bates** | **60** |
| 2.17.1 | Agtergrond | 60 |
| 2.17.2 | Rekeningkundige hantering | 62 |
| 2.17.3 | Openbaarmaking | 63 |
| 2.17.4 | Oorgangsbepalings | 64 |
| 2.17.5 | Toepassing | 64 |
| **2.18** | **RE 130: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates** | **64** |
| 2.18.1 | Definisies | 65 |
| 2.18.2 | Erkenning | 65 |
| 2.18.3 | Meting van 'n voorsiening | 66 |
| 2.18.4 | Ander bepalings | 67 |
| 2.18.5 | Openbaarmaking | 67 |
| 2.18.6 | Toepassing | 68 |
| **2.19** | **RE 406: Interpretasie van standpunte oor AARP: Koste verbonde aan modifikasie van bestaande sagteware** | **69** |
| 2.19.1 | Aanbeveling | 69 |
| 2.19.2 | Openbaarmaking | 69 |
| 2.19.3 | Toepassing | 69 |
| **2.20** | **GK 131: Rekeningkundige hantering van staatstoekennings en die openbaarmaking van staatsondersteuning** | **70** |
| 2.20.1 | Erkenning en meting | 70 |
| 2.20.2 | Openbaarmaking | 71 |
| 2.20.3 | Toepassing | 71 |

| | | |
|---|---|---|
| **2.21** | **GK RE 408: Voorgestelde interpretasie van standpunte oor AARP: Eerste aanwending van standpunte oor AARP as die primêre basis van rekeningkundige verantwoording** | **72** |
| 2.21.1 | Aanbeveling | 72 |
| 2.21.2 | Openbaarmaking | 72 |
| 2.21.3 | Toepassing | 73 |
| **2.22** | **Gevolgtrekking** | **73** |

**HOOFSTUK 3**

**BYLAE 4 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 1973**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Agtergrond** | **75** |
| **3.2** | **Toepassing** | **76** |
| **3.3** | **Gevolgtrekking** | **78** |

**HOOFSTUK 4**

**MODEL STEL FINANSIëLE JAARSTATE VAN DIE PU VIR CHO**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **Inleiding** | **80** |
| **4.2** | **Model stel finansiële jaarstate** | **80** |
| **4.3** | **Gevolgtrekking** | **124** |

**HOOFSTUK 5**

**INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **Praktiese implikasies** | **125** |
| **5.2** | **Aanbevelings en vooruitskouïng** | **128** |

**BRONNELYS** **129**

BYLAAG A 132

LYS VAN STANDPUNTE OOR ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK (AARP)

BYLAAG B 137

STANDPUNTE OOR ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK WAT NIE OP DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS VAN TOEPASSING IS NIE

BYLAAG C 139

VERNAAMSTE BEPALINGS VAN BYLAE 4 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 1973

BYLAAG D 146

GESTRUKTUREERDE GESPREKKE MET DIE REGISTRATEUR FINANSIES EN DIE DIREKTEUR INTERNE OUDIT EN BESTUURS-INLIGTING VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

OPSOMMING 152

ABSTRACT 153

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 Agtergrond

Verslagdoening deur Openbare Entiteite het in die verlede altyd die klem laat val op die dienste gelewer deur die entiteit en nie op die skepping van rykdom nie. Verslagdoening was hoofsaaklik gedryf uit 'n openbare verantwoordingsoogpunt en primêr gerig op die Parlement en die Ouditeur-generaal en die vermoede het bestaan dat daar weinig ander eksterne gebruikers van die finansiële jaarstate was.

Met die verloop van tyd het daar egter 'n groeiende behoefte ontstaan om 'n eenvormige raamwerk en effektiewe verslagdoeningstrukture ten opsigte van Openbare Entiteite daar te stel waarvolgens verslag gedoen kan word aan die Parlement en ook aan ander belanghebbendes, byvoorbeeld donateurs, banke, leweransiers en vakbonde. Dit het gelei tot nuwe wetgewing en 'n fase van openbare verantwoordelikheid en openheid teenoor die gemeenskappe wat deur daardie entiteite bedien word (Die Instituut van Interne Ouditeure van Suid-Afrika, 1992:55-56).

Universiteite is volgens die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) vanaf 1999 verplig om hulle finansiële jaarstate op te stel in ooreenstemming met Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) en die vereistes gestel in Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, soos gewysig.

Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk is 'n gemeenskaplike stel rekeningkundige standaarde en prosedures wat gesaghebbende riglyne met betrekking tot openbaarmaking van rekeningkundige inligting verskaf. Alhoewel AARP nie alle rekeningkundige aangeleenthede dek nie, verteenwoordig dit die ooreenstemming van belanghebbende partye met betrekking tot:

- watter ekonomiese hulpbronne en verpligtinge aangeteken moet word
- hoe die aangetekende bates en laste en die veranderings daarin gemeet moet word
- wanneer sodanige veranderings aangeteken moet word
- watter inligting geopenbaar moet word
- hoe dit geopenbaar moet word en
- watter finansiële state voorberei moet word.

Verslagdoening in ooreenstemming met AARP en Bylae 4 van die Maatskappywet, sal die state van universiteite meer verstaanbaar en vergelykbaar maak vir die belanghebbendes en kan ook in 'n kragtige kommunikasiemedium ontwikkel om die gemeenskap te oortuig van die entiteit se waarde en die belangrikheid van sy voortbestaan. Finansiële state in hierdie formaat en inhoud is vanweë die algemene aanvaarbaarheid aan die deursnee gebruiker meer bekend omdat dit ooreenstem met die algemene verslagdoeningsformaat en nie, soos tans, 'n unieke vorm is nie.

## 1.2 Probleemstelling

Sedert 1982 is universiteite en technikons verplig om jaarliks Suid-Afrikaanse Na-Sekondêre Onderwys (SANSO) state op te stel en in te dien by die Departement van Onderwys. Die SANSO-state dek die hele spektrum van die aktiwiteite van universiteite. Handleiding SANSO-010(U) gee 'n oorsig van die totale stelsel soos verdeel in die volgende vyf kategorieë:

- Studentestatistieke
- Mannekragstatistieke
- Finansiële State
- Vaste batestate
- Geboue- en Ruimtestatistieke.

Die vorm van die finansiële state wat in meer besonderhede voorgeskryf is in die "Finance Manual-Report SAPSE-006", is basies 'n fondse rekeningstelsel wat nie voldoen aan AARP nie en ook nie die vereistes van Bylae 4 van die Maatskappywet insluit nie (Die Instituut van Interne ouditeure van Suid-Afrika, 1992:50).

Die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) is op 19 Desember 1997 in die Staatskoerant gepubliseer. Artikel 41(3) bepaal dat die Raad van 'n Openbare Inrigting vir hoër onderwys die Minister moet voorsien van:

- die inligting wat ingevolge die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992 (Wet No. 93 van 1992), verstrek moet word; en
- die bykomende inligting wat die Minister redelikerwys vereis.

Die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite No. 93 van 1992 soos gewysig deur Wet No. 30 van 1997 bepaal onder andere die volgende in artikel 6:

"Finansiële jaarstate.-

(1) Die raad van direkteure van elke gelyste entiteit moet ten opsigte van elke boekjaar finansiële jaarstate laat opstel en afskrifte van genoemde state, na ouditering van sodanige state ingevolge artikel 12, binne ses maande na die einde van die betrokke boekjaar aan die verantwoordelike Minister en die Ouditeur-generaal voorlê.

(2) Die finansiële jaarstate in subartikel (1) vermeld, moet bestaan uit -

   (a) 'n balansstaat waarin die stand van sake van die openbare entiteit behandel word;
   (b) 'n inkomstestaat;
   (c) 'n kontantvloeistaat;
   (d) aantekeninge by die finansiële jaarstate;
   (e) 'n direkteursverslag in artikel 7 beoog;
   (f) groeps- finansiële jaarstate, waar toepaslik, opgestel ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973); en

(g) die ander state wat voorgeskryf mag word.

(3) Die finansiële jaarstate in subartikel (1) vermeld, moet vergesel gaan van 'n verslag van die ouditeure soos in artikel 12 beoog.

(4) Die finansiële jaarstate in subartikel (1) vermeld, moet ooreenkomstig Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk die finansiële prestasie en veranderinge in die finansiële posisie van die entiteit gedurende die betrokke boekjaar en die finansiële posisie van die entiteit aan die einde van die betrokke boekjaar redelik weergee en moet -

(a) vir daardie doel ooreenstem met en ten minste insluit die aangeleenthede voorgeskryf deur Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, vir sover dit toepaslik is, en

(b) voldoen aan die ander verslagdoeningsvereistes wat voorgeskryf mag word.

(5) Die finansiële jaarstate van 'n gelyste entiteit moet deur middel van syfers en 'n beskrywende verslag enige ander aangeleenthede en inligting wat wesenlik betrekking het op die sake van die entiteit, verduidelik."

Na aanleiding van bogenoemde wetsvereistes moet daar dus vir 'n openbare inrigting vir hoër onderwys finansiële jaarstate opgestel word wat voldoen aan die vereistes gestel deur Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) (rekeningkundige standpunte uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) onder die gesag van die Rekeningkundige Praktykeraad (RPR)) en die Vierde Bylae van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973 soos gewysig). Die SANSO-state, wat nie aan AARP voldoen nie, moet ook steeds voorberei word.

Voldoening aan die vereistes sal 'n materiële aanpassing van die finansiële verslaglewering van universiteite verg aangesien die rekeningkundige verantwoording volgens SANSO en volgens AARP drasties verskil.

Die SANSO-stelsel is basies 'n fondse rekeningstelsel (soos hierbo genoem) op die kontantbasis van teboekstelling en verslagdoening. Volgens die SANSO-voorskrifte word onder andere:

- geen waardevermindering op vaste bates afgeskryf nie;
- geen voorsienings geskep nie;
- opgelope uitgawes nie op jaareinde in ag geneem nie;
- inkomste nie erken wanneer dit verdien of gefaktureer word nie;
- reseweverrekening gedoen wat inhou dat sekere ontvangstes direk na 'n spesifieke reserwe soos byvoorbeeld 'n boufonds gekrediteer word;
- verouderde bates nie afgeskryf nie;
- staatsubsidies ook erken op die kontantbasis; en
- die finansiële state opgestel in 'n vaste voorgeskrewe formaat wat slegs sekere minimum inligting openbaar.

Finansiële state wat voldoen aan die vereistes gestel deur AARP en Bylae 4 van die Maatskappywet hanteer bogenoemde aangeleenthede anders, soos uiteengesit in hoofstukke 2 en 3. Hierdie vereistes

bring mee dat 'n stel voorskrifte wat vir handelsondernemings ontwikkel is, nou ook vir diensondernemings voorgeskryf word. Die probleem lê in die toepassing van hierdie voorskrifte in die universiteitswese en beteken dat daar beleids- en prosedure-aanpassings gemaak moet word, waaronder die volgende:

- definiëring van die rekeningkundige beleid

  Volgens Cilliers et al. (1999:47) is rekeningkundige beleid die spesifieke beginsels, grondslae, konvensies, reëls en praktyke wat deur 'n onderneming by die opstel en aanbieding van finansiële state aanvaar is. Sodanige beleid word geformuleer met inagneming van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk oor soortgelyke en verwante aangeleenthede.

  RE 101.21 bepaal die volgende: bestuur behoort 'n onderneming se rekeningkundige beleid so te kies en toe te pas dat die finansiële state aan al die vereistes van elke toepaslike Standpunt oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en elke toepaslike goedgekeurde vertolking voldoen. Indien daar geen spesifieke vereiste is nie, behoort bestuur 'n beleid te ontwikkel om te verseker dat die finansiële state inligting verskaf wat:

  - toepaslik vir die besluitnemingsbehoeftes van gebruikers van finansiële state is, en
  - betroubaar is, deurdat die finansiële state:
    - die resultate en finansiële stand van die onderneming getrou weergee,
    - die ekonomiese wese van gebeure en transaksies weerspieël en nie net die regsvorm nie,
    - neutraal is, met ander woorde onbevooroordeeld,
    - omsigtig is, en
    - in alle wesenlike opsigte volledig is.

  Volgens Cilliers et al. (1996:22) is die lopende saak-, konsekwentheids- en toevallingsbegrippe basiese rekeningkundige veronderstellings. Wanneer finansiële jaarstate in ooreenstemming met sodanige fundamentele rekeningkundige begrippe opgestel word, word die openbaarmaking van hierdie veronderstellings nie vereis nie (Cilliers et al. 1996:22). Hierdie oorkoepelende oorwegings word gevolglik stilswyend omvat.

  Let spesifiek ook op die hantering van die volgende ten opsigte van die definiëring van die rekeningkundige beleid:

  - waardevermindering
  - skenkingsfondse
  - staatsubsidies
  - beleggings
  - fondse vir langtermynonderhoud
- hantering van vaste bate transaksies
- wyse waarop bedryfsresultate ekstern gerapporteer moet word
- direkteursverslag (verslag van die Raad)

  Dit moet onder andere ook die oogmerke van die entiteit en die mate waartoe dit bereik is, behandel en toepaslike prestasie-inligting oor die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne bevat.

- finansiële inligtingstelsel vir eksterne verslaggewing aanvullend tot die SANSO-stelsel
- identifisering van enige addisionele openbaarmakingsvereistes wat AARP vereis en
- verseker dat die finansiële state verstaanbaar, toepaslik, betroubaar en vergelykbaar is.

Volgens die Departement van Onderwys behoort aan die bepalings van genoemde Wette voldoen te word vanaf die finansiële jaar geëindig 31 Desember 1999, met vergelykende syfers ten opsigte van 1998.

## 1.3 Doel van die studie

Die doel van hierdie skripsie is om die beginsels vir finansiële verslagdoening soos vereis deur die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) te identifiseer, te bevestig en toe te pas deur die daarstelling van 'n aanvaarbare model stel finansiële jaarstate. Die toepassing sal geskied deur die resultaat en bevindinge van die studie toe te pas op die verslagdoeningsvereistes van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) vir die jaar geëindig 31 Desember 1999.

Dit behels 'n model stel finansiële jaarstate vir die PU vir CHO met oplossings vir genoemde probleme, wat voldoen aan AARP en Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973. Verdere duidelikheid in hierdie verband word deur die "Internal Checklist for the evaluation of the Annual Financial Statemens of a Public Entity" (Office of the Auditor-General, 1997) asook "Guideline of Recommended Practice" (Coopers & Lybrand, 1998) verskaf.

## 1.4 Basiese Hipotese

Finansiële state van inrigtings vir hoër onderwys moet voldoen aan die gestelde wetsvereistes. Daar is egter sekere voorvereistes wat nagekom moet word, byvoorbeeld:

- Identifiseer die addisionele openbaarmakingsvereistes wat gestel is.
- Stel duidelike rekeningkundige beleid vas.
- Verkry vergelykende syfers vir die jaar geëindig 31 Desember 1999.
- Omskryf die relevante prestasie-inligting en -meting.
- Verslagdoening vir gebruikers op 'n formaat wat tot nou toe net vir handels- en diensondernemings van toepassing was.

Die einddoel is dus om finansiële jaarstate vir 'n inrigting vir hoër onderwys op te stel wat 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële stand en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting verstrek in 'n formaat wat algemeen bekend en aanvaarbaar is. Deur gebruik te maak van die formaat en inhoud wat voldoen aan AARP en die bepalings van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, soos gewysig, kan universiteite derhalwe beter verslag doen.

## 1.5 Metode van ondersoek

Wat die data-insameling en data-analise betref, sal daar soos volg te werk gegaan word:

- 'n Literatuurstudie t.o.v. bronne wat handel oor die nuutgestelde wetsvereistes word gedoen waardeur die beginsels wat transformasie moet ondergaan geïdentifiseer en bevestig sal word.
- 'n Model stel finansiële jaarstate vir die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) word opgestel om aan die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) te voldoen.
- 'n Voorlegging van genoemde stel finansiële jaarstate aan, en gestruktureerde gesprekke met die Bestuur van die PU vir CHO om beleids- en prosedure-aanpassings wat gemaak moet word, te bespreek en uit te klaar.

## 1.6 Struktuur van die studie

**Hoofstuk 1: Inleiding en probleemstelling**

Verskaf agtergrond en die probleemstelling na aanleiding van die betrokke nuwe wetsvereistes, naamlik die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) asook die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite No. 93 van 1992 soos gewysig deur Wet No. 30 van 1997.

**Hoofstuk 2: Literatuurstudie - AARP**

'n Kort oorsig word gegee oor die vernaamste vereistes wat van toepassing sal wees op 'n inrigting van hoër onderwys volgens Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).

As verdere motivering word vasgestel wat die mening van kundiges is - deur middel van 'n literatuurstudie - oor die wyse waarop verslag gedoen behoort te word om 'n verslagdoeningsformaat, geskoei op 'n handelsgebaseerde stelsel, eie te maak aan 'n universiteit. Hieronder volg enkele menings:

"Aangesien finansiële verslae in hul huidige vorm nie vir die oningeligte gebruikers verstaanbaar is nie, is dit noodsaaklik dat korporatiewe verslae ontwikkel word om die oningeligte gebruikers van finansiële en ander inligting te bedien." (Joubert, 1993:4);

"As gevolg van die bepalings van artikel 7 van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, No. 93 van 1992, is verslagdoening oor die verwesenliking van doelwitte, en ander prestasie-inligting, tans baie aktueel. Dit behoort egter al lankal so aktueel gewees het, want prestasieverslagdoening is noodsaaklik vir die uitvoering van interne bestuursfunksies en die bevrediging van eksterne rekenpligtigheid." (Conradie, 1994:13);

Booysen (1988:244) stel dat "Die vergelykbaarheid van maatskappye se finansiële state en hul eenvormigheid dra daartoe by om finansiële state meer betekenisvol vir die breë publiek te maak en is dit uiteraard onderhewig aan die beginsel van redelike openbaarmaking."; en

'n Ondersoek wat deur Koen (1997:95) gedoen is, "toon dat pogings deur openbare entiteite aangewend word om prestasie-inligting behoorlik te rapporteer, maar dat daar nog baie ruimte is vir verbetering".

**Hoofstuk 3: Literatuurstudie – Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973**

Die vernaamste vereistes wat van toepassing sal wees op 'n inrigting van hoër onderwys word kortliks uiteengesit.

**Hoofstuk 4: Model stel Finansiële jaarstate van die PU vir CHO**

Na aanleiding van al die voorafgaande, word 'n model stel finansiële jaarstate vir die PU vir CHO ten opsigte van die 1999-boekjaar opgestel wat aan die wetsvereistes voldoen.

**Hoofstuk 5: Interpretasie en gevolgtrekking**

Kommentaar word gelewer oor die finansiële jaarstate wat vir die PU vir CHO opgestel is. Enkele probleemgebiede word ook verder toegelig. Die praktiese implikasies asook moontlike aanbevelings en 'n vooruitskouïng sal hier aandag geniet. Volgens Marx en Du Toit (1996:36) "handel goeie korporatiewe beheer nie slegs oor die openbaarmaking en die finansiële aspekte daarvan nie, maar in wese oor die beste bestuurspraktyk".

# ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK (AARP)

## 2.1 Inleiding

Finansiële state word wêreldwyd deur ondernemings vir interne en eksterne gebruikers opgestel. Regulasies, rekeningkundige standaarde en prosedures vir die opstel en aanbieding van finansiële state is ontwikkel om verskillende ondernemings se finansiële state in ooreenstemming met mekaar te bring (SAIGR, 1990:RE 000 Voorwoord). In hierdie verband sal daar spesifiek aandag gegee word aan Standpunte oor AARP en die bepalings van Bylae 4 van die Maatskappywet. Sodoende kan universiteite deur belanghebbendes met mekaar vergelyk word, asook hul finansiële stand met ander ondernemings.

Standpunte oor AARP word na 'n proses van opstelling en openbaarmaking deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) deur die Rekeningkundige Praktykeraad (RPR) goedgekeur. **'n Lys van standpunte oor AARP word in bylaag A verskaf. Dit bevat standpunte waarvan die effektiewe datum betrekking het op die boekjaar vanaf 1 Januarie 1999 tot 31 Desember 1999.** Hersiene standpunt RE 123 tree in werking op 1 Januarie 2000 maar die standpunt moedig dit aan dat dit al vroeër toegepas moet word - derhalwe is dit by die lys geïnkorporeer. Terselfdertyd is die volgende verbandhoudende standpunte ook geïnkorporeer:

- RE 128: Waardedaling van bates
- RE 129: Ontasbare bates
- RE 130: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates.

Die vernaamste standpunte oor AARP en bepaalde aspekte daarin vervat, word opsommenderwys, soos spesifiek van toepassing op universiteite in die algemeen en die PU vir CHO in die besonder, hierna uiteengesit. Die werkswyse in die hoofstuk is om hierdie standpunte kortliks te bespreek met 'n beskrywing hoe dit deur universiteite gebruik sal word en hoe dit spesifiek op die PU vir CHO van toepassing is. As gevolg van die generiese aard van die meeste AARP-standpunte is hulle net so van toepassing op die universiteitswese en word daar vervolgens 'n kort oorsig gegee van die vernaamste vereistes wat van toepassing is. Daar word by elke standpunt onder die opskrif "Toepassing" telkens aangedui hoe dit toepaslik is op universiteite in die algemeen en verder spesifiek op die PU vir CHO.

As gevolg van die aard van die bedrywighede van universiteite, is sekere AARP-standpunte nie van toepassing nie. 'n Lys van AARP-standpunte wat nie op die PU vir CHO van toepassing is nie, tesame met die redes waarom nie van toepassing nie, word in bylaag B verskaf.

## 2.2 RE 000: Raamwerk vir die opstel en aanbieding van finansiële state

Die standpunt verskaf 'n raamwerk (hieronder uiteengesit), wat die doelwitte en begrippe, onderliggend aan die opstelling en aanbieding van rekeningkundige state, insluit (Everingham & Watson, 1990:AC 000).

### 2.2.1 Gebruikers en hul inligtingsbehoefte (AC 000.9)

Finansiële state moet in die gemeenskaplike behoeftes van die meeste gebruikers voorsien omdat bykans alle gebruikers ekonomiese besluite neem ten einde byvoorbeeld:

- te besluit wanneer om 'n ekwiteitsbelegging te koop, te hou of te verkoop;
- die rentmeesterskap of toerekenbaarheid van bestuur te evalueer;
- die vermoë van 'n onderneming om personeel te kan vergoed, te beoordeel;
- die sekuriteit vir bedrae aan 'n onderneming geleen, te beoordeel;
- belasting te bepaal;
- verdeelbare winste en dividende te bepaal;
- nasionale inkomstestatistiek voor te berei en te gebruik; of
- die bedrywighede van ondernemings te reguleer;
- te besluit of daar verdere finansiering van aktiwiteite of subsidie toegestaan kan word;
- te beoordeel of donasies en borge gemaak moet word; of
- te beoordeel of die onderneming se voortbestaan in gedrang is.

Eksterne gebruikers sluit byvoorbeeld die volgende in:

- beleggers
- werknemers
- uitleners van geld
- leweransiers en handelskrediteure
- klante
- regerings en hulle instellings
- publiek
- vakbonde
- donateurs.

### 2.2.2 Die oogmerk met finansiële state (AC 000.12-.14)

Die oogmerk met finansiële state is om inligting te voorsien oor die finansiële stand, prestasie en veranderinge in finansiële stand van 'n onderneming, wat vir 'n groot verskeidenheid gebruikers by ekonomiese besluitneming nuttig is. Sodanige finansiële state voorsien in die algemene behoeftes van die meeste gebruikers en gee hoofsaaklik die finansiële gevolge van gebeure, wat reeds plaasgevind het, weer. Finansiële state toon ook die resultate van die rentmeesterskap van die bestuur, of die rekenskap van die bestuur vir die bronne wat aan hulle toevertrou is.

Die ekonomiese besluite wat deur die gebruikers van finansiële state geneem word, vereis 'n beoordeling van die vermoë van 'n onderneming om kontant en kontantekwivalente voort te bring en van die tydsberekening en sekerheid van die voortbring daarvan.

Komponente van finansiële state (volgens RE 101):

- balansstaat
- inkomstestaat
- staat van verandering in ekwiteit
- kontantvloeistaat en
- rekeningkundige beleid en verduidelikende aantekeninge.

### 2.2.3 Grondliggende veronderstellings (AC 000.22-.23)

Omdat dit grondliggend is aan alle verslagdoening, ongeag die soort onderneming, geld hierdie aspekte onveranderd vir universiteite ook. Die twee begrippe staan teenoor die volgende alternatiewe, naamlik die kontantgrondslag en verslagdoening vir 'n insolvente onderneming wat beide nie in hierdie opsig bruikbaar is vir besluitneming vir die gebruikers van state van universiteite nie, tensy dit so deur omstandighede vereis word.

**Toevallingsgrondslag**
Finansiële state word volgens die rekeningkundige toevallingsgrondslag opgestel. Transaksies en ander gebeurtenisse word volgens hierdie grondslag erken wanneer hulle plaasvind vir die tydperk waarop hulle betrekking het.

**Lopende saak**
Finansiële state word gewoonlik opgestel met die veronderstelling dat die onderneming 'n lopende saak is wat die afsienbare toekoms steeds in bedryf sal wees.

### 2.2.4 Kwalitatiewe eienskappe van finansiële state (AC 000.24-.39)

Kenmerke van die inligting in die finansiële state:
Omdat hierdie kenmerke bydraend is tot beter begrip van die soort onderneming en sy verslagdoening geld dit juis vir alle ondernemings, universiteite ingesluit. Die besigheid van universiteite is hoofsaaklik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Dit is dan ook hierdie andersoortigheid van universiteite (nie gewone handels- of diensondernemings nie) wat lei tot unieke verslagdoeningsomstandighede, byvoorbeeld: verslagdoening geskied hoofsaaklik aan die Staat en die primêre inkomstebronne is staatsubsidie, klasgelde, losiesgelde en navorsingstoekennings.

**Verstaanbaarheid**

Inligting in finansiële state moet geredelik verstaanbaar vir gebruikers wees. Vir hierdie doel word aanvaar dat gebruikers oor redelike kennis van sake- en ekonomiese aktiwiteite sowel as kennis van rekeningkunde beskik. Die finansiële state moet ook die aktiwiteite van 'n universiteit aan die gebruiker kommunikeer sodat die andersoortigheid soos rentabiliteit op eie kapitaal en bates, die aard, oorsprong en aanwending van ekwiteit, anders beoordeelbaar is.

**Toepaslikheid**

Inligting moet toepaslik en van belang wees vir die besluitnemingsbehoeftes van gebruikers. Tydige verslagdoening is ook noodsaaklik.

Inligting is gewoonlik toepaslik as dit wesenlik is. Inligting is wesenlik indien die weglating of foutiewe weergawe daarvan, 'n invloed kan hê op gebruikers se ekonomiese besluite wat op die finansiële state berus. Wesenlikheid hang af van die grootte van die item of fout, geoordeel aan die bepaalde omstandighede waarin dit weggelaat of foutief weergegee is.

**Betroubaarheid**

Inligting moet betroubaar wees om bruikbaar te wees. Inligting is betroubaar indien dit vry van wesenlike foute en onewewigtigheid is, en gebruikers daarop kan staatmaak.

<u>Getroue weergawe</u>

In 'n getroue weergawe moet inligting die betrokke transaksies en ander gebeurtenisse wat ter sake is, getrou weergee.

<u>Wese bo vorm</u>

In 'n getroue weergawe van transaksies en ander gebeurtenisse is dit noodsaaklik dat dit in ooreenstemming met die wese en ekonomiese werklikheid verantwoord en aangebied word, en nie bloot volgens hulle regsvorm nie.

<u>Onpartydigheid</u>

Om betroubaar te wees, moet inligting in finansiële state onpartydig en ewewigtig wees.

<u>Omsigtigheid</u>

Omsigtigheid is die versigtige toepassing van oordeel by die raming van onsekere gevolge, dat bates en inkomste nie te hoog en laste en uitgawes nie te laag aangetoon word nie.

<u>Volledigheid</u>

Inligting in finansiële state moet binne die grense van wesenlikheid en koste volledig wees.

**Vergelykbaarheid**

Die meting en aanbieding van die finansiële gevolge van gelyksoortige transaksies en ander gebeurtenisse moet op konsekwente wyse dwarsdeur die onderneming en oor 'n tydperk geskied, en ook op konsekwente wyse vir verskillende ondernemings.

Vergelyking met ander hoër onderwysinstellings sal hierdeur vergemaklik word. Dit sou gesê kon word dat dieselfde moontlik sou wees met die SANSO-formaat state. Wat egter dan in gedagte gehou moet word is dat die SANSO-state se formaat in die eerste plek nie so bekend is aan gebruikers as die maatskappyformaat nie. Dit hou eerstens in dat hulle nie weet wat openbaar word en waar nie, wat die waarde van vergelyking verminder. Tweedens is die soort openbaarmaking in die maatskappyvorm gerig op die gee van inligting wat van belang vir die gebruiker is, in so 'n formaat en detail dat die gebruiker sal kan besluit, oordeel en vergelyk. Laasgenoemde geskied volgens die beginsel van openbaarmaking – in die Engelse regstaal bekend as die "doctrine of disclosure" – ingevolge waarvan die Maatskappywet vereis dat die voorgekrewe inligting openbaar moet word ten voordele van sekere belanghebbendes (Cilliers et al. 1977:20). Die verpligte openbaarmaking van inligting aangaande die onderneming vervul 'n belangrike rol ter beskerming van die belange van aandeelhouers, beleggers, skuldeisers en ander.

### 2.2.5 Die elemente van finansiële state (AC 000.47-.70)

Finansiële gevolge van transaksies word in breë klasse volgens hul ekonomiese eienskappe ingedeel. Hierdie breë klasse word die elemente van die finansiële state genoem. Elemente in die balansstaat wat regstreeks op die meet van finansiële state betrekking het, is bates, laste en eienaarsbelang. Elemente in die inkomstestaat wat regstreeks op die meet van prestasie betrekking het, is inkomste en uitgawes. Die staat van veranderinge in finansiële stand verstrek gewoonlik inkomstestaatelemente en die verandering in balansstaatelemente. Navolging van hierdie aspekte word deur artikel 41(3) van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) asook deur artikel 6 van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite (Wet No. 93 van 1992, soos gewysig deur Wet No. 30 van 1997) vereis, en word daarom, met aanpassing vir uniekheid by universiteite, net so toegepas.

Bates

'n Bate is 'n hulpbron wat deur die onderneming beheer word as gevolg van aktiwiteite in die verlede waaruit verwagte ekonomiese voordele sal invloei.

Laste

'n Las is 'n huidige verpligting (wetlik of onafwendbaar) voortspruitend uit aktiwiteite van die verlede en wat tot 'n verwagte uitvloei van voordele sal lei.

Ekwiteit (Eienaarsbelang)

Dit is die oorblywende belang in die bates van die onderneming nadat al die laste afgetrek is. By universiteite verteenwoordig die item nie 'n waardebelang wat direk of indirek in 'n bepaalde natuurlike persoon of persone vestig nie, maar wel opgehoopte winste oor die jare van bestaan van die universiteit. Volgens artikel 8 van die Private Wet van die PU vir CHO (Wet No. 80 van 1993) oefen die Universiteitsraad beheer uit oor die Universiteit ingevolge artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997). Daarvolgens is fondse nie uitkeerbaar nie maar slegs aanwendbaar ter vervulling van die Universiteit se Missie en Taakstelling. Artikel 25 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 stel dat die Minister van Onderwys by die sluiting van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys volle handelsbevoegdheid het oor enige bates wat oorbly na die betaling van alle laste. Bogenoemde bevestig inderdaad dat dit die kenmerke van ekwiteit het met betrekking tot permanentheid en as waarborgfonds vir krediteure.

Inkomste/Uitgawes

Inkomste/uitgawes is invloei/uitvloei van ekonomiese voordele gedurende die rekenpligtige tydperk in die vorm van toenames/afnames in bates of afnames/toenames in laste, uitgesonderd bydraes of uitkerings aan ekwiteitsdeelnemers.

### 2.2.6 Erkenning van die elemente van finansiële state (AC 000.83)

'n Item wat aan die omskrywing van 'n element voldoen, behoort deur alle ondernemings erken te word indien:

- dit waarskynlik is dat enige toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die item na of uit die onderneming sal vloei; en
- die item 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word.

### 2.2.7 Meting van die elemente van finansiële state (AC 000.99 & .100)

Meting is die proses van vasstelling van die geldbedrae waarteen die elemente van die finansiële state in die balansstaat en die inkomstestaat erken en gedra word.

'n Aantal verskillende metingsgrondslae wat universeel van toepassing is, sluit die volgende in:

- historiese koste
- huidige koste
- realiseerbare (vereffenings-) waarde
- huidige waarde.

### 2.2.8 Toepassing

Hierdie raamwerk is van toepassing op die finansiële state van alle kommersiële, industriële en sakeverslagdoende ondernemings. Finansiële state is 'n gestruktureerde finansiële weergawe van die finansiële stand van 'n onderneming en die transaksies wat deur hom onderneem is (Cilliers et al. 1999:44). Die universiteit as 'n onderneming is ook hierby ingesluit.

Gebruikers van die finansiële state van die PU vir CHO steun daarop om die universiteit spesifiek te beoordeel met betrekking tot die volgende afgesien van die generiese gebruikersbehoeftes volgens die standpunt:

- subsidie-doeleindes deur die owerheid
- rentmeesterskap ten opsigte van borge, donasies en ander toekennings
- die vermoë om sy personeel te kan vergoed
- bestaansreg.

Finansiële state volgens AARP dien 'n groot verskeidenheid gebruikers vanweë die algemene aanvaarbaarheid daarvan. Spesifieke gebruikers van die universiteit se finansiële state wat die bogenoemde inligtingsbehoeftes het, is onder andere:

- die owerheid om rentmeesterskap of toerekenbaarheid van bestuur te evalueer sowel as die voortbestaan van die universiteit
- donateurs om rentmeesterskap ten opsigte van borge, donasies en ander toekennings te evalueer
- vakbonde om die universiteit se vermoë om sy personeel te kan vergoed te evalueer
- personeel om bogenoemde en die bedrywighede van die universiteit te evalueer
- banke om leningsbevoegdheid te evalueer.

Volgens SANSO-voorskrifte word transaksies hoofsaaklik op die kontantbasis geboekstaaf. Volgens AARP word die toevallingsgrondslag gebruik en kan inkomste en uitgawes behoorlik gepaar word, byvoorbeeld:

- inkomste word erken wanneer dit die PU vir CHO toeval en nie eers wanneer dit ontvang word nie,
- uitgawes word erken vir die tydperk waarop dit van toepassing is en nie noodwendig wanneer betaling geskied nie - so word byvoorbeeld opgelope uitgawes by jaareinde in ag geneem en geboekstaaf.

Deur die kwalitatiewe eienskappe (verstaanbaarheid, toepaslikheid, betroubaarheid en vergelykbaarheid) streng na te kom, word die kwaliteit en aanvaarbaarheid van die finansiële state verseker. Dit hou verder in dat die elemente van die finansiële state korrek erken en gemeet moet word - soos in die rekeningkundige beleid uiteengesit.

## 2.3 RE 100: Voorwoord by standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk

Standpunte oor AARP word na 'n proses van opstelling en openbaarmaking deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) deur die Rekeningkundige Praktykeraad (RPR) goedgekeur.

### 2.3.1 Redelike aanbieding (AC 100.07)

Die oorheersende vereiste is redelike aanbieding. Die rekeningkundige standaarde dien as hulpmiddel om redelike aanbieding sowel as vergelykbaarheid te bevorder.

### 2.3.2 Toepassing van standpunte oor AARP (AC 100.11)

Daar is twee oorwegings wat die toepassing van standpunte oor AARP in besondere omstandighede raak:

**Wese bo vorm**

Transaksies en ander gebeure behoort ooreenkomstig hul wese in finansiële werklikheid verantwoord en aangebied te word en nie slegs in ooreenstemming met hul regsvorm nie. 'n Voorbeeld hiervan is bates wat deur middel van 'n bruikhuurooreenkoms verkry is. Dit hou in dat al die risiko's en voordele met betrekking tot eienaarskap oorgedra word na die huurder. Volgens die wese van die transaksie, moet hierdie bates gekapitaliseer word en is dit nie gewoonweg huuruitgawe nie.

Wese-bo-vorm-keuses word in 'n handelsonderneming gedoen omdat die besigheidswêreld die aard en soort transaksies ken. 'n Deeglike kennis en beoordeling van die aard en soort transaksies asook die verslagdoeningsomgewing van 'n universiteit is nodig ten einde die wese-bo-vorm-keuse te kan doen. Dit veronderstel 'n kennis nie net van die generiese aspekte wat wese-bo-vorm-keuses laat nie, maar ook die wat uniek aan 'n universiteit is, dit wil sê universiteitsregtelike transaksies maar wat rekeningkundig korrek volgens die wese van die transaksie behandel moet word. 'n Voorbeeld hiervan is ekwiteit wat in punt 2.2.5 bespreek is.

**Wesenlikheid**

Finansiële state behoort alle items wat wesenlik genoeg is om evaluerings of besluite van gebruikers te beïnvloed, te openbaar (Everingham & Watson, 1983:AC 100.11).

Voldoening aan 'n standpunt oor AARP beteken dat daar met veiligheid aanvaar kan word dat daar aan die bepalings van die Maatskappywet, 1973, voldoen word ten opsigte van "algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk" en dat die nie-nakoming nie noodwendig tot wetsoortreding lei nie (Everingham & Watson, 1983:AC 100 Bylae).

## 2.4 RE 101: Aanbieding van finansiële state

### 2.4.1 Doel van finansiële state (RE 101.01)

Hierdie standpunt vorm die grondslag vir aanbieding van algemenedoel-finansiële state (SAIGR, 1999: RE 101).

Algemenedoel-finansiële state behoort inligting te verskaf oor die finansiële toestand, prestasie en kontantvloei van 'n onderneming wat nuttig is by ekonomiese besluitneming deur gebruikers van hierdie finansiële state.

### 2.4.2 Oorhoofse oorwegings (RE 101.12)

Die volgende dien as oorhoofse oorwegings wat universeel van toepassing is op alle rekeningkundige verslagdoening:

#### 2.4.2.1 Redelike weergawe

Finansiële state moet die finansiële toestand, prestasie en kontantvloei van 'n onderneming redelik weergee.

#### 2.4.2.2 Nakoming

Indien finansiële state in ooreenstemming met AARP-standpunte opgestel is, moet die feit geopenbaar word (SAIGR, 1999:RE 101.12).

#### 2.4.2.3 Rekeningkundige beleid

Volgens Cilliers et al. (1996:21) omvat rekeningkundige beleid die beginsels, grondslae, en prosedures wat deur die bestuur toegepas word, by die opstel en aanbieding van finansiële state.

Bestuur moet rekeningkundige beleid op so 'n wyse selekteer en toepas dat die finansiële state in alle opsigte aan die vereistes van elke toepaslike rekeningkundige standpunt voldoen. Die metingsgrondslae wat by die voorbereiding van die finansiële state gebruik is, moet ook verskaf word.

Volgens Cilliers et al. (1996:22) is die lopende saak-, konsekwentheids- en toevallingsbegrippe basiese rekeningkundige veronderstellings. Wanneer finansiële jaarstate in ooreenstemming met sodanige fundamentele rekeningkundige begrippe opgestel word, word die openbaarmaking van hierdie veronderstellings nie vereis nie. Waar daar egter van 'n fundamentele rekeningkundige begrip afgewyk word, of 'n rekeningkundige beleid aanvaar is wat nie in ooreenstemming is met die begrippe soos vervat in die Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk nie, moet besonderhede van die afwyking, die uitwerking daarvan en die redes daarvoor vermeld word (Cilliers et al. 1996:22). Volgens RE 101.14 behoort afwykings slegs in uiters seldsame omstandighede voor te kom.

#### 2.4.2.4 Lopende saak

Finansiële state moet op 'n lopende saakgrondslag opgestel word tensy bestuur van voorneme is om die onderneming te likwideer of handeldrywing te staak.

#### 2.4.2.5 Toevallingsgrondslag

Finansiële state moet opgestel word ooreenkomstig die toevallingsgrondslag. Daarvolgens word die finansiële state verantwoord wanneer die transaksie plaasvind, ongeag die tydstip waarop die kontantvloei plaasvind.

#### 2.4.2.6 Konsekwentheid van aanbieding

Die aanbieding en klassifikasie van items in finansiële state moet dieselfde bly van een tydperk tot die volgende, tensy 'n verandering meer toepaslike aanbieding tot gevolg sal hê.

#### 2.4.2.7 Wesenlikheid en Samevoeging

- Elke wesenlike item moet afsonderlik getoon word.
- Voeg nie-wesenlike items van 'n soortgelyke aard of funksie saam.

#### 2.4.2.8 Verrekening

Items behoort nie teen mekaar verreken te word nie, behalwe:

- indien 'n standpunt dit vereis of toelaat; of
- winste, verliese en verwante uitgawes voortspruitend uit dieselfde of soortgelyke transaksies en gebeure nie wesenlik is nie.

#### 2.4.2.9 Vergelykende inligting

Tensy 'n rekeningkundige standpunt dit toelaat of andersins vereis, word vergelykende inligting vir die vorige periode vereis.

### 2.4.3 Areas waarin openbaarmaking van rekeningkundige beleid genoodsaak word

Binnekade et al. (1997:28) en RE 101.100 gee onder andere die volgende voorbeelde waar die beleid wat toegepas is, geopenbaar moet word (aspekte met 'n asterisk aangedui is spesifiek op universiteite van toepassing en sal in oorweging geneem word met die formulering van 'n rekeningkundige beleid):

**Algemeen**

- konsolidasiebeleid
- omrekening van buitelandse valuta en die behandeling van wisselkoerswinste en -verliese
- algemene waardasie beleid (bv. historiese koste, algemene koopkragindeks, vervangingswaarde) *
- gebeure na balansstaatdatum *
- bedryfshure, bruikhure, afbetalingskrediet- of paaiementtransaksies en die tersaaklike rente *
- belasting (insluitend uitgestelde belasting)

- langtermynkontrakte *
- agentskappe
- kapitalisering van leenkoste. *

**Bates**

- debiteure *
- voorraad (handels- en verbruiksvoorraad en onvoltooide werk) en die toepaslike koste van goedere verkoop *
- afskryfbare/amortiseerbare bates en waardevermindering *
- staande oeste
- grond bestem vir ontwikkeling en ontwikkelingskoste *
- beleggings: filiale, geassosieerde maatskappye, gesamentlike ondernemings en ander beleggings *
- navorsings- en ontwikkelingsuitgawes *
- patente en handelsmerke *
- klandisiewaarde.

**Laste en voorsienings**

- waarborge *
- kontraktuele verpligtinge en gebeurlikhede *
- pensioenkoste en uittredingsvoorsiening *
- diensopleggingsbetalings. *

**Inkomste en verliese**

- metodes van inkomste-erkenning *
- instandhouding, reparasies en verbeterings *
- winste of verliese op vervreemding van nie-bedryfsbates *
- verantwoording ten opsigte van reserwes (statutêr en ander) insluitend oordragte na en onttrekkings van reserwes. *

### 2.4.4 Struktuur en inhoud (RE 101.43-.103)

Die standpunt verskaf verder inligting omtrent die struktuur en inhoud van finansiële state (vergelyk SAIGR, 1999:RE 101) en dui onder andere aan watter minimuminligting op die hoofblad vereis word en watter inligting in die aantekeninge vervat moet word met betrekking tot die volgende:

- balansstaat
- inkomstestaat
- staat van veranderings in ekwiteit
- kontantvloeistaat.

### 2.4.5 Toepassing

Die standpunt geld vir alle tipes ondernemings en moet so toegepas word. Die direksie en/of beheerliggaam van 'n onderneming (Raad in die geval van 'n universiteit) is verantwoordelik vir die opstel en aanbieding van sy finansiële state en moet gevolglik toesien dat alle ter sake bepalings nagekom word ten einde 'n redelike weergawe te bereik.

Wat die PU vir CHO se finansiële state betref, word daar voldoen aan al die oorhoofse oorwegings soos in 2.4.2, 2.4.3 en 2.4.4 hierbo behandel en bestaan dit uit die volgende komponente volgens RE101:

- balansstaat
- inkomstestaat
- staat van verandering in ekwiteit
- kontantvloeistaat en
- rekeningkundige beleid en verduidelikende aantekeninge.

Die rekeningkundige beleid (uiteengesit in hoofstuk 4) is in ooreenstemming daarmee en hanteer ook die voorbeelde soos in 2.4.3 aangedui onder die volgende opskrifte:

- Rekeningkundige grondslae
- Basis van samestelling
- Eiendom en toerusting
- Finansiële instrumente
- Langtermynbeleggings
- Studentelenings
- Voorrade
- Lopende en ander debiteure
- Kontant en kontantekwivalente
- Voorsienings
- Bruikhuurkontrakte
- Inkomste erkenning
- Navorsings- en ontwikkelingskoste
- Leenkoste
- Rekenaarprogrammatuur
- Aftreevoordeelkoste
- Inflasie

Die balansstaat, inkomstestaat, staat van veranderings in ekwiteit, kontantvloeistaat en aantekeninge by die finansiële state (hoofstuk 4) is in die voorgeskrewe formaat opgestel om aan Standpunte oor AARP te voldoen.

## 2.5 RE 103: Netto wins of verlies vir die tydperk, fundamentele foute en veranderinge in rekeningkundige beleid

Die doel van hierdie standpunt (vergelyk Cilliers et al., 1996:38-40) is om die klassifikasie, openbaarmaking en rekeningkundige verantwoording van sekere items in die inkomstestaat voor te skryf sodat alle ondernemings inkomstestate op konsekwente grondslag opstel en aanbied. Dit verhoog vergelykbaarheid met die onderneming se finansiële state van vorige tydperke sowel as die finansiële state van ander ondernemings. Dieselfde sal gesê en gedoen kan word vir die universiteite.

### 2.5.1 Bepaling van netto wins of verlies vir die tydperk (RE 103.06 & .09)

Alle inkomste- en uitgawe-items wat in 'n tydperk erken word, moet ingesluit word by die bepaling van die netto wins of verlies vir die tydperk, tensy 'n standpunt oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk anders vereis of toelaat, byvoorbeeld:

- die regstelling van fundamentele foute
- die uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid
- herwaardasiesurplusse en winste.

Netto wins of verlies vir die tydperk behels twee komponente, naamlik wins of verlies uit gewone bedrywighede en buitengewone items, wat elk op die hoofblad van die inkomstestaat openbaar gemaak word.

### 2.5.2 Ongewone items (RE 103.15 & .17)

Wanneer inkomste- en uitgawe-items binne die wins of verlies uit gewone bedrywighede van sodanige omvang, aard en voorkoms is dat die openbaarmaking daarvan noodsaaklik is om die prestasie van die onderneming vir die tydperk te verduidelik, behoort die aard en bedrag van die items afsonderlik geopenbaar te word, byvoorbeeld:

- die afskrywing van voorraad
- herstruktureringskoste
- vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting
- beëindigde bedrywighede
- skikking van regsgedinge
- ander omswaaiings van voorsienings.

### 2.5.3 Buitengewone items (RE 103.05 & .13)

Buitengewone items is inkomste of uitgawes wat voortspruit uit gebeure of transaksies wat duidelik van die gewone bedrywighede van die onderneming onderskei kan word en dus na verwagting nie dikwels of gereeld herhaal sal word nie, byvoorbeeld:

- die onteiening van bates
- 'n aardbewing of ander natuurramp.

### 2.5.4 Fundamentele foute (RE 103.05 & .33)

Fundamentele foute is foute wat in die lopende tydperk ontdek word en so ingrypend is dat die finansiële state van een of meer vorige tydperke nie meer as betroubaar op die datum van hul uitreiking geag kan word nie.

Die totale bedrag van die regstelling van 'n fundamentele fout wat op vorige tydperke betrekking het, behoort verantwoord te word deur die beginsaldo van behoue verdienste in die lopende tydperk aan te suiwer. Vergelykende inligting behoort hersaamgestel te word, tensy dit nie deur regulerende owerhede toegelaat word nie of prakties onuitvoerbaar is.

### 2.5.5 Veranderinge in rekeningkundige beleid (RE 103.37 & .45)

'n Verandering in rekeningkundige beleid behoort slegs aangebring te word indien dit vereis word deur wetgewing of deur 'n liggaam wat rekeningkundige standaarde stel, of indien die verandering meer toepaslike aanbieding van gebeure of transaksies in die finansiële state van die onderneming tot gevolg sal hê.

'n Verandering in rekeningkundige beleid behoort terugwerkend toegepas te word asof die nuwe rekeningkundige beleid altyd in gebruik was, tensy die aansuiwering met betrekking tot vorige tydperke nie geredelik bepaal kan word nie (in uitsonderingsgevalle word die verandering in rekeningkundige beleid dus vooruitwerkend toegepas). Die totale voortvloeiende aansuiwering behoort as 'n aansuiwering aan die beginsaldo van behoue verdienste in die lopende tydperk verantwoord te word.

Vergelykende inligting behoort hersaamgestel te word, tensy dit nie deur regulerende owerhede toegelaat word nie.

### 2.5.6 Verandering in rekeningkundige ramings (RE 103.22 & .27)

Rekeningkundige ramings is onderliggend aan die rekeningkundige proses. Die ramingsproses behels oordeel gegrond op die jongste beskikbare inligting. Dit kan nodig wees om 'n raming te hersien indien veranderinge voorkom in die omstandighede waarop die raming gegrond is of indien nuwe inligting beskikbaar word. Die uitwerking van 'n verandering in 'n rekeningkundige raming behoort ingesluit te word by die bepaling van die netto wins of verlies van die huidige en toekomstige periodes en behoort in dieselfde inkomsteklassifikasie ingesluit te word as wat voorheen vir die raming gebruik is.

### 2.5.7 Toepassing

Hierdie standpunt moet deur alle ondernemings toegepas word om inkomstestate op konsekwente grondslag op te stel en aan te bied. Dit sluit universiteite ook in. Die aktiwiteite eie aan 'n universiteit bepaal sy eiesoortige transaksies - soos enige ander onderneming - wat ook dan bepalend is vir die inhoud van sy inkomstestaat en onder gepaste hoofde aangebied moet word.

Die inkomstestaat van die PU vir CHO (hoofstuk 4) is opgestel in die voorgeskrewe formaat met aantoning van surplus uit bedryfsaktiwiteite en netto surplus vir die jaar. Huidiglik is daar geen buitengewone items, ongewone items of fundamentele foute wat geopenbaar moet word nie. Alle inkomste- en uitgawe-items wat in die tydperk erken moet word, is ingesluit en binne die betrokke kategorieë soos volg aangetoon:

**Bedryfsinkomste**

Staatsubsidie ontvang
Staat - Navorsingskontrakte
Klas- en ander gelde
Ander navorsingskontrakte en toekennings
Inwoning- en voedseldienste
Dienste - Opvoedkundige en ondersteuningsaktiwiteite

**Bedryfsuitgawes**

Personeelvergoeding
Bedryfskoste
Waardevermindering

**Ander**

Beleggingsinkomste
Finansieringskoste


Verdere uiteensetting geskied in die betrokke aantekeninge by die finansiële state.

Die state is ook opgestel met die veronderstelling dat die rekeningkundige beleid soos genoem in 2.4.5 al lankal deur die Bestuur aangeneem is, wat in wese die geval is by die PU vir CHO - derhalwe word geen verandering in rekeningkundige beleid vir die bepaalde jaar aangetoon nie, maar sal dit wel gedoen word, sou 'n verandering in rekeningkundige beleid hom wel voordoen (RE 103.36-.45).

## 2.6 RE 105: Rekeningkundige verantwoording van hure in die finansiële state van huurders

### 2.6.1 Agtergrond

**Bruikhuur teenoor Bedryfshuur**




Nota: Indien die antwoord op enige van die voorwaardes dus positief is, word dit geklassifiseer as 'n bruikhuur.

Volgens Cilliers et al., (1996:49) word die rekeningkundige verantwoording van 'n huur bepaal deur sy klassifikasie as bruikhuur of bedryfshuur.

Die hersiene weergawe van standpunt RE 105 tree op 1 Maart 2000 in werking.

### 2.6.2 Rekeningkundige hantering

Binnekade et al., (1997:214-215) sit die rekeningkundige hantering soos volg uiteen:

**Bruikhure** (RE 105.05 & .42-.46)
'n Bruikhuur (ook huurkope) is 'n huur waar in wese al die risiko's en voordele met betrekking tot eienaarskap oorgedra word na die huurder (wese bo vorm).

Bates wat ingevolge bruikhure gehou word, word in die finansiële state van die huurder gekapitaliseer teen die opemarkwaarde. Die finansieringskoste word aan rekenpligtige tydperke gedurende die huurtermyn toegewys.

Die gekapitaliseerde waarde word gedepresieer oor die nutsduur of huurtermyn indien daar geen redelike sekerheid is dat die huurder eiendomsreg aan die einde van die huurtermyn sal behou nie.

Die huurbetalings word verdeel tussen finansieringskoste en kapitaal.

**Bedryfshure** (RE 105.28-.30)
Bates wat ingevolge 'n bedryfshuur gehou word, word nie gekapitaliseer nie. Die huurbetalings word teen inkomste verreken op 'n sistematiese grondslag wat verband hou met die voordeel wat na verwagting uit die huurbate sal voortspruit (paring). Dit is soms nodig om huurbetalings uit te stel of te voorsien.

**Verkoop en terughuurtransaksies** (RE 105.32-.34)
Bruikhure
Indien die terughuur 'n bruikhuur is, is die wese van die transaksie sodanig dat die verhuurder finansiering aan die huurder voorsien het, met die bate as sekuriteit. Om die rede word die verkoop nie erken nie. Die finansiering wat ontvang word, word as 'n aanspreeklikheid erken en die finansieringskoste word oor die huurtermyn verreken op 'n wyse wat die omvang en koste van die huurfinansiering weerspieël wat in elke rekenpligtige tydperk benut is. Gevolglik word die huurbetaling verdeel tussen rente en kapitaal.

Bedryfshure
Indien die terughuur 'n bedryfshuur is, is daar in werklikheid 'n normale verkoopstransaksie en enige wins of verlies met verkoop word onmiddellik erken (verskil tussen markwaarde en drawaarde). Die verskil tussen die markwaarde en die verkoopprys word uitgestel en oor die huurtermyn versprei.

### 2.6.3 Openbaarmaking

Die volgende punte word deur Binnekade et al. (1997:217-218) genoem:

**2.6.3.1 Bruikhure** (RE 105.35 & .36 asook .50-.52)

**Inkomstestaat**

- Waardevermindering word afgeskryf op die gekapitaliseerde bruikhuurbates.
- Bruikhuurfinansieringskoste, toeskryfbaar aan die huidige tydperk, word in die rentekoste ingesluit.

**Balansstaat**

- Die drabedrag van die gekapitaliseerde bruikhuurbate moet openbaar word, met onderskeid van die belangrikste kategorieë vaste bates.
- Die laste onder bruikhuur moet aangetoon word (verdeel ook die kapitaalgedeelte tussen kort- en langtermyn).

**Aantekeninge**

- Rekeningkundige beleid: die waardeverminderingsbeleid sowel as die metode van erkenning van bruikhuurfinansieringskoste moet aangetoon word.
- Bruikhuurlas: verskaf die besonderhede soos vir enige ander langtermynlening, naamlik: versekering, aard, rentekoers, paaiemente en datum van laaste paaiement.

**2.6.3.2 Bedryfshure** (RE 105.53)

**Inkomstestaat**

- Bedryfshuuruitgawes moet aangetoon word vir die hoof kategorieë bates.

**Balansstaat**

- Uitgestelde bedryfshuur word aangetoon onder bedryfsbates.
- Voorsiening vir bedryfshuur word aangetoon onder bedryfslaste.

**2.6.3.3 Verkoop en terughuur** (RE 105.54)

**Bruikhure**

- Dit word hanteer soos normale bruikhure en soos hierbo aangetoon.

**Bedryfshure**

<u>Inkomstestaat</u>

- Die wins of verlies met verkoop van die bate word getoon.
- Die huurbetalings, soos aangepas, word getoon.

<u>Balansstaat</u>

- Die saldo van die wins of verlies wat uitgestel is (verskil tussen die markwaarde en die verkoopprys soos oor die huurtermyn versprei) word getoon.

Aanteekeninge

- 'n Uiteensetting van die terugkoopvoorwaardes word gegee.

**2.6.3.4 Bateregister** (RE 105.39)

'n Register van bates wat ingevolge bruikhure gehou word, moet in stand gehou word.

### 2.6.4 Toepassing

Die PU vir CHO het tans net bedryfshuurkontrakte en geen bruikhuurkontrakte nie. Die bepalings van hierdie standpunt het egter steeds betrekking en word net so toegepas ten einde die finansiële wese van die onderliggende transaksies redelik weer te gee.

**Bruikhuurkontrakte**

Die rekeningkundige beleid van die PU vir CHO (aantekening 1.11 by die finansiële state in hoofstuk 4) bepaal die volgende:

Bruikhuurkontrakte word by die oorgaan van die risiko en vergoeding verbonde aan eienaarskap na die PU vir CHO gekapitaliseer en gedepresieer oor hul nuttige lewensduur (soos uiteengesit in aantekening 1.3). Bruikhuurpaaiemente word verdeel tussen kapitaal en rente volgens die effektiewe-rentekoers-metode. In die balansstaat word die drabedrag van die gekapitaliseerde bruikhuurbates en die bruikhuurlas (verdeel tussen korttermyn en langtermyn) aangetoon met die gepaardgaande aantekeninge by die finansiële state. In die inkomstestaat word die waardevermindering en die bruikhuurfinansieringskoste waar van toepassing, toeskryfbaar aan die huidige tydperk, aangetoon en verder uiteengesit in die betrokke aantekeninge.

**Bedryfshuurkontrakte**

Die PU vir CHO het 'n aantal bedryfshure ten opsigte van geboue en toerusting. Die betrokke uitgawes vir die jaar word in die inkomstestaat onder bedryfskoste verantwoord en verder ontleed in aantekening 2 en 19 by die finansiële state in hoofstuk 4, naamlik huur van geboue en huur van toerusting onderskeidelik.

## 2.7 RE 106: Beleggingseiendomme

### 2.7.1. Agtergrond

Eiendomme wat as beleggingseiendomme geklassifiseer is, kan as afskryfbare bates of as langtermynbeleggings hanteer word.

Beleggings wat as afskryfbare bates beskou word, word volgens RE 123: Eiendom, aanleg en toerusting verantwoord (Cilliers et al., 1996:62).

### 2.7.2. Rekeningkundige hantering

Dit is die bestuur se verantwoordelikheid om te besluit watter eiendomme as beleggingseiendomme (langtermynbeleggings) geklassifiseer moet word, gegrond op hul voorneme en die bepaalde omstandighede.

'n Eiendom kan normaalweg geklassifiseer word as synde van 'n gespesialiseerde of nie-gespesialiseerde aard te wees (Cilliers et al., 1998:AC 106) soos volg:

**2.7.2.1 Gespesialiseerde aard** (RE 106.21 & .22)

Kenmerke van eiendom:

- word selde of ooit verkoop
- geen mark vir die bate alleen nie
- voorbeelde: brouerye, papiermeule, staalwerke
- word normaalweg nie as 'n beleggingseiendom geklassifiseer nie.

**2.7.2.2 Nie-gespesialiseerde aard** (RE 106.21 & .22)

Kenmerke van eiendom:

- algemene aanvraag
- met of sonder aanpassings
- word in die algemeen op die ope-mark verkoop
- volgens bestuur se voorneme en die bepaalde omstandighede geklassifiseer as beleggingseiendomme.

### 2.7.3 Openbaarmaking (RE 106.34-.36)

#### Balansstaat en aantekeninge

Volgens Binnekade et al. (1997:254-255) moet die drawaarde (kosprys of waardasie) van die beleggingseiendomme (langtermynbeleggings word nie gedepresieer nie), asook die volgende inligting vermeld word:

- dui die jongste ope-markwaarde (sodanige waardasie behoort minstens een keer elke vyf jaar bepaal te word) aan;
- dui effektiewe datum van die waardasie aan;
- dui aan of die waardasie deur 'n onafhanklike eksterne waardeerder gedoen is of intern deur bevoegde persone soos deur die bestuur aangewys;
- maak voorsiening vir enige permanente daling in waarde;
- faktore wat die waarde kan beïnvloed sedert die laaste waardasie word getoon;
- voldoen aan vereistes van Bylae 4 van die Maatskappywet, bv. beskrywing en ligging van die eiendom, datum van verkryging, ensovoorts;

- rekeningkundige beleid: waardasie grondslag word aangedui; en
- wins of verlies by verkoop moet in die inkomstestaat aangedui word.

### 2.7.4 Toepassing

Soos ander universiteite besit die PU vir CHO besit sekere eiendomme wat as beleggingseiendomme (van 'n nie-gespesialiseerde aard) deur bestuur geklassifiseer is (op grond van voorneme en omstandighede) en as langtermynbeleggings hanteer word volgens die bepalings van hierdie standpunt (RE 106.32-.36). Hierdie eiendomme bestaan uit woonstelblokke wat gehou word vir verhuringsinkomste en kapitaal-appresiasie.

Die rekeningkundige beleid volgens aantekening 1.5 by die finansiële state in hoofstuk 4 lees soos volg: Langtermynbeleggings word teen kosprys plus opgelope rente getoon en word slegs afgeskryf indien daar 'n permanente daling in waarde is. Hierdie afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word in normale inkomste verantwoord in die tydperk wanneer dit voorkom.

Die drawaarde van die beleggingseiendomme word in die balansstaat ingesluit by langtermynbeleggings en toegelig in aantekening 3 by die finansiële state.

## 2.8 RE 107: Gebeurlikhede en Gebeure na Balansstaatdatum

### 2.8.1 Agtergrond


**Gebeurlikheid** (AC 107.02)
'n Gebeurlikheid is 'n toestand of omstandigheid op balansstaatdatum, waarvan die uiteindelike resultaat (voordelig of nadelig) slegs bevestig sal word by die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer toekomstige gebeurtenisse.

RE 130 (Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates) vervang die gedeeltes van RE 107 wat handel oor gebeurlikhede vir finansiële state wat tydperke dek wat op of na 1 Januarie 2000 begin.

**Gebeure na balansstaatdatum** (AC 107.04)
Dit is gebeure wat plaasvind tussen die balansstaatdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking goedgekeur word (Everingham & Watson, 1990:AC 107).

### 2.8.2 Rekeningkundige hantering

Op bladsy 29 is 'n diagram volgens Binnekade <u>et al.</u> (1997:260) wat die rekeningkundige hantering van 'n gebeurlikheid illustreer.




Binnekade et al. (1997:260)

Die onderstaande simbole dui telkens die hantering van elke geval aan:

A. Wanneer die realisering van 'n wins feitlik seker is, is sodanige wins nie 'n gebeurlikheid nie en is die inagneming van die wins gepas.

B. Die bestaan van 'n voorwaardelike wins behoort vermeld te word indien daar 'n moontlikheid bestaan dat die wins gerealiseer sal word.

C. 'n Voorwaardelike wins of verlies behoort nie geopenbaar te word wanneer dit misleidend sal wees nie.

D. Die bestaan van 'n voorwaardelike verlies behoort in die finansiële state openbaar gemaak te word indien dit nie as uitgawe in die inkomstestaat voorsien is nie.

E. Voorsien die voorwaardelike verlies as 'n uitgawe in die inkomstestaat.

**Gebeure na balansstaatdatum**

Indien gebeure, volgens Cilliers et al., (1996:64), na balansstaatdatum plaasvind en wat bykomende bewys lewer van omstandighede wat op die balansstaatdatum geheers het, of indien die onderneming nie meer 'n lopende saak is nie, moet die toepaslike bates en laste aangesuiwer word.

Gebeure wat na balansstaatdatum plaasvind en wat nie verband hou met omstandighede wat op balansstaatdatum bestaan het nie, vereis nie aansuiwering van bates of laste nie. Dit moet egter openbaar gemaak word indien dit die besluitneming van die gebruikers van die finansiële state kan beïnvloed.

## 2.8.3 Openbaarmaking

**Gebeurlikheid** (AC 107.35)

Uit Binnekade et al. (1997:261) blyk dat daar in gevalle waar gebeurlikhede nie aanleiding gee tot aansuiwerings of voorsienings nie, die volgende geopenbaar moet word:

- die aard van die gebeurlikheid
- die onsekere faktore wat die toekomstige resultaat kan beïnvloed
- die bedrag en die finansiële uitwerking, indien enige, voor en na belasting (mag beraam word) en
- wanneer beramings nie gemaak kan word nie - 'n ter sake verklaring.

**Gebeure na balansstaatdatum** (AC 107.36)

In gevalle van gebeure na balansstaatdatum wat nie lei tot aansuiwerings van balansstaatitems nie, maar wat wel geopenbaar moet word, moet die volgende inligting verskaf word by wyse van aantekening (Binnekade et al., 1997:261-262):

- die aard van die gebeure
- beraming van die finansiële uitwerking, voor en na belasting
- indien bogenoemde nie moontlik is nie - 'n verklaring dat so 'n beraming nie gemaak kan word nie.

Bylae 4 van die Maatskappywet vereis ook die volgende:

Par 35: Voorwaardelike aanspreeklikhede -

Openbaar die bedrag of beraamde bedrag asook die aard van die verpligting wat nie voorsien is nie.

Par 67(2) en 72(b): Direkteursverslag -

Die feit en omstandighede van gebeure na balansstaatdatum en die datum van die verslag moet vermeld

### 2.8.4 Toepassing

Hierdie standpunt is generies en is op alle soorte ondernemings van toepassing, dus ook universiteite.

Die PU vir CHO vermeld in aantekening 27 (gebeure na balansstaatdatum) by die finansiële state in hoofstuk 4 die volgende:

Geen wesenlike feite of omstandighede het ontstaan tussen die datums van die balansstaat en hierdie verslag wat die finansiële posisie raak nie.

Aantekening 26 verstrek die vereiste inligting ten opsigte van voorwaardelike aanspreeklikhede soos volg:

Daar bestaan voorwaardelike aanspreeklikhede as borg en mede-hoofskuldenaar teenoor finansiële instellings ten opsigte van studentelenings, welke bedrag op 31 Desember 1999 R1 150 500 (1998: R1 624 100) beloop het. Daar word nie verwag dat dit 'n wesenlike las vir die Universiteit tot gevolg sal hê nie.

Universiteite het nie direkteure soos in die geval van maatskappye nie, maar word deur 'n Universiteitsraad bestuur. Gevolglik word 'n direkteursverslag nie by die state verskaf nie maar wel 'n soortgelyke verslag van die Universiteitsraad - soos vervat in hoofstuk 4. Die betrokke aspekte wat deur hierdie standpunt en die Vierde Bylae van die Maatskappywet vereis word, word op dieselfde wyse daarin hanteer onder die opskrif: Gebeure na balansstaatdatum.

## 2.9 RE 108: Voorraad

### 2.9.1 Agtergrond

Volgens Everingham en Watson (1995:AC 108) verskaf hierdie standpunt die rekeningkundige behandeling van voorraad kragtens die historiese koste-stelsel. 'n Primêre aangeleentheid by die verantwoording van voorraad, is dat die bedrag aan koste wat as bate erken word, vorentoe gedra moet word totdat die verwante inkomste erken is.

Voorraad is bates wat:

- vir verkoop in die gewone gang van sake gehou word
- in die produksieproses vir sodanige verkoop is of
- in die vorm van grondstowwe of verbruiksgoedere is wat in die produksieproses of tydens die lewering van dienste verbruik gaan word.

## 2.9.2 Rekeningkundige hantering

Voorraad moet teen kosprys of netto realiseerbare waarde gemeet word, welke ookal die laagste is. Die koste van voorraad behoort te bestaan uit alle aankoopkoste, verwerkingskoste en ander koste wat aangegaan is om die voorraad tot die huidige ligging en toestand te bring.

**Kosteformules**

Werklike koste

Die werklike koste van 'n item word bereken deur een van die volgende formules te gebruik:

- spesifieke identifisering
- eerste-in-eerste-uit-formule (EIEU)
- geweegde gemiddelde-formule.

Standaardkoste

- Kan gebruik word indien die resultate by benadering dieselfde as die kosprys is en indien dit gereeld hersien word.

Kleinhandelmetode

- Kan gebruik word wanneer dit onprakties is om ander kosteformules te gebruik
- Verminder die verkoopwaarde met 'n toepaslike brutowinspersentasie (Binnekade et al., 1997:288).

**Netto realiseerbare waarde**

Cilliers et al. (1998:AC 108) stel netto realiseerbare waarde as die geraamde verkoopprys in die gewone gang van sake, minus die geraamde koste van voltooiing en die geraamde koste wat nodig is om die verkoop daarvan te bewerkstellig.

Die kosprys van voorraad kan onverhaalbaar wees indien daardie voorraad beskadig is, in geheel of gedeeltelik verouderd raak of indien die verkooppryse daarvan gedaal het. 'n Afwaartse waardasie vanaf kosprys na netto realiseerbare waarde moet dan gedoen word.

**Erkenning as uitgawe**

- Wanneer voorraad verkoop word, moet die drabedrag van hierdie verkoopte voorraad as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin die verwante inkomste erken word.
- Die bedrag van enige afwaartse aansuiwering van die voorraad na netto realiseerbare waarde en alle voorraadverliese moet as 'n uitgawe erken word in die tydperk waarin dit plaasvind.
- Die terugskrywingsbedrag van 'n afwaartse aansuiwering, as gevolg van 'n verhoging in netto realiseerbare waarde, moet in die tydperk waarin die terugskrywing ontstaan, erken word as 'n vermindering in die voorraadbedrag wat as 'n uitgawe erken is.
- Voorraad wat aan ander baterekenings toegedeel word, byvoorbeeld as 'n komponent van 'n selfvervaardigde bate, word tydens die nutsduur van daardie bate as 'n uitgawe erken (Everingham & Watson, 1996:AC 108).

## 2.9.3 Openbaarmaking

Volgens Everingham en Watson (1996:AC 108) moet finansiële state die volgende openbaar maak:

- die rekeningkundige beleid wat vir die meting van voorraad gebruik is, insluitend die kosteformule
- die totale drabedrag van voorraad en die drabedrag volgens klassifikasies wat op die onderneming van toepassing is
- die drabedrag van voorraad wat teen netto realiseerbare waarde gedra word
- die bedrag van enige terugskrywing van enige afskrywing wat in die tydperk as inkomste erken word;
- die omstandighede of gebeure wat aanleiding gegee het tot die terugskrywing van 'n afskrywing van voorraad en
- die drabedrag van voorraad wat as sekuriteit vir verpligtinge verpand is.

Die finansiële state behoort een van die volgende te openbaar:

- die koste van voorraad wat as 'n uitgawe gedurende die tydperk erken is of
- die bedryfskoste, soos van toepassing op inkomste, wat as 'n uitgawe gedurende die tydperk erken is, geklassifiseer volgens die aard daarvan.

## 2.9.4 Toepassing

Die PU vir CHO waardeer voorrade teen kosprys of netto realiseerbare waarde, welke ook al die laagste is - ooreenkomstig die bepalings van hierdie standpunt. Universiteite is genoodsaak om sekere voorraaditems aan te hou ter uitvoering van hul primêre aktiwiteite (onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens), naamlik:

- skryfbehoeftes (akademie en administrasie)
- voedselprodukte (koshuisstudente)
- brandstof (voertuigpoel)
- gedrukte publikasies (studente - studiegidse)
- sporttoerusting (sportsoorte bv. hokkie en krieket).

In aantekening 1.7 by die finansiële state in hoofstuk 4 word die rekeningkundige beleid met betrekking tot voorrade vermeld, naamlik:

Voorrade word teen kosprys of netto realiseerbare waarde welke ookal die laagste is, waardeer. Kospryse word soos volg bepaal:

- sentrale magasyn-, kafeteria- en koshuisvoorraad teen gemiddelde aankoopprys
- brandstofvoorraad volgens die eerste-in-eerste-uit-formule (EIEU)
- gedrukte publikasies teen gemiddelde aankoopprys
- waar nodig word voorsiening vir verouderde en stadig bewegende voorraad gemaak.

Aantekening 5 verskaf 'n ontleding van die drawaarde van voorrade soos in die balansstaat getoon en dui die kosprys en netto realiseerbare waarde aan van elke klas voorraad - soos saamgegroepeer onder:

- Verbruikersvoorraad: Universiteit
- Handelsvoorraad: Inwoning- en voedseldienste.

Aantekening 20 dui dan ook in hierdie klasse aan die bedrae van voorrade afgeskryf tot die netto realiseerbare waarde.

Voorrade wat as uitgawe gedurende die tydperke erken is, is ingesluit by bedryfskoste soos geklassifiseer volgens die aard daarvan in aantekening 20 by die finansiële jaarstate in hoofstuk 4.

## 2.10 RE 111: Inkomste

### 2.10.1 Agtergrond (AC 111.09)

Cilliers et al. (1996:79) stel inkomste as toenames in ekonomiese voordele (wat in die gang van normale bedrywighede van 'n onderneming ontstaan) gedurende die rekenpligtige tydperk in die vorm van toenames in bates of afname in laste wat toename in ekwiteit tot gevolg het, uitgesonderd bydraes deur ekwiteitsdeelnemers.

### 2.10.2 Rekeningkundige hantering (AC 111.16-.38)

Die standpunt erken drie soorte inkomste, naamlik: verkoop van goedere, lewering van dienste en gebruik van bates - elkeen word kortliks hieronder toegelig.

**Verkoop van goedere**

Inkomste word erken wanneer daar aan al die volgende vereistes voldoen word:

- die risiko's en vergoeding van eienaarskap aan die koper oorgedra is
- die verkoper nie enige bestuursbetrokkenheid of effektiewe beheer oor die goedere het nie
- die bedrag aan inkomste betroubaar gemeet kan word

- dit waarskynlik is dat ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei
- die verwante koste van die transaksie betroubaar gemeet kan word.

**Lewering van dienste**

Inkomste word erken wanneer die resultaat van 'n transaksie betroubaar geraam kan word, deur te verwys na die stadium van voltooiing van die transaksie op die rekenpligtige datum. Daar moet aan die volgende vereistes voldoen word:

- die inkomste moet betroubaar gemeet kan word
- dit moet waarskynlik wees dat ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei
- die stadium van voltooiing moet betroubaar op balansstaatdatum geraam kan word en
- die koste ter voltooiing van die transaksie moet betroubaar geraam kan word.

Indien die resultaat van 'n transaksie met betrekking tot die lewering van 'n diens nie betroubaar geraam kan word nie, word inkomste slegs erken tot die mate waarin die uitgawes wat reeds erken is, verhaalbaar is. Inkomste word dus beperk tot die uitgawes wat erken is en geen wins word erken nie. Verliese kan wel erken word indien die erkende uitgawes groter is as die verhaalbare uitgawes.

**Gebruik van bates**

Inkomste wat voortspruit uit die gebruik van ondernemingsbates deur andere wat rente, tantieme en dividende oplewer, word erken indien:

- die inkomste betroubaar gemeet kan word en
- dit waarskynlik is dat ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei.

Inkomste behoort op die volgende grondslae erken te word:

- rente word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken
- tantieme word op 'n toevallingsgrondslag (sistematies en rasioneel) erken
- dividende word erken wanneer die aandeelhouer se reg om betaling te ontvang, vasgelê is.

Indien daar onsekerheid is oor die invorderbaarheid van 'n bedrag wat reeds by inkomste ingesluit is, word die bedrag as 'n uitgawe (slegte skuld) erken (Cilliers et al., 1998:AC 111).

### 2.10.3 Openbaarmaking (AC 111.39)

Volgens Everingham en Watson (1995:AC 111) behoort 'n onderneming die volgende openbaar te maak:

- die rekeningkundige beleid wat vir die erkenning van inkomste aanvaar is asook die metodes toegepas om die stadium van voltooiing van transaksies te bepaal
- die bedrag van elke wesenlike inkomstekategorie:
    - verkoop van goedere
    - lewering van dienste
    - rente

    - tantieme
    - dividende
- inkomstebedrag voortspruitend uit die verruiling van goedere of dienste wat by enige wesenlike inkomstekategorie ingesluit word.

### 2.10.4 Toepassing

Die primêre dienste wat deur universiteite gelewer word, is onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Inkomste word daardeur gegenereer en word ontvang vanaf die bronne soos hieronder uiteengesit.

Volgens die inkomstestaat in hoofstuk 4 word die volgende kategorieë inkomste vir die PU vir CHO aangetoon:

- Staatsubsidie ontvang
- Staat - Navorsingskontrakte
- Klas- en ander gelde
- Ander navorsingskontrakte en toekennings
- Inwoning- en voedseldienste
- Dienste - Opvoedkundige en ondersteuningsaktiwiteite
- Beleggingsinkomste.

Die rekeningkundige beleid met kort verduideliking van die rede daarvoor ten opsigte van inkomste erkenning word in aantekening 1.12 by die finansiële state soos volg uiteengesit:
Inkomste word normaalweg erken wanneer dit waarskynlik is dat ekonomiese voordele na die universiteit sal vloei en die waarde daarvan betroubaar gemeet kan word. Die rekeningkundige beleid betreffende die elemente van bruto inkomste, is die volgende:

- Staatsubsidies word as inkomste erken oor die tydperke wat benodig word om die inkomste op 'n sistematiese wyse te paar met die verwante uitgawes waarvoor dit bestem is.
- Klasgelde, losiesgelde en ander inkomste word erken soos die diens gelewer word volgens die persentasie-van-voltooiing-metode.
- Navorsingsgelde word soos volg hanteer omdat die resultate nie betroubaar geraam kan word nie:
    - Inkomste word erken wanneer dit ontvang word en word nie uitgestel oor die termyn van die spesifieke navorsing nie.
    - Daarteenoor word die uitgawes ook verreken wanneer dit aangegaan word en word dit nie uitgestel oor die termyn van die spesifieke navorsing nie.
- Interdepartementele inkomste en uitgawes word geëlimineer.
- Dividende word as inkomste erken op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en wanneer dit verklaar word in die geval van ongenoteerde aandele. Rente word erken op 'n tydverhoudingsgrondslag wat die effektiewe opbrengs van die bate in berekening bring.
- Skenkings ontvang word erken teen die redelike markwaarde op die datum van die skenking.
- Huur ontvang word erken in die tydperk waarvoor die verhuring plaasvind en dit verdien word.

Bostaande beginsels is dus net so toegepas in die opstel van die model stel finansiële jaarstate van die PU vir CHO soos vervat in hoofstuk 4.

## 2.11 RE 114: Leenkoste

### 2.11.1 Agtergrond (AC 114.04 & .05)

Everingham en Watson (1995:AC 114) definieer leenkoste as rente en ander koste wat 'n onderneming in verband met die leen van fondse aangaan en dit kan die volgende insluit:

- rente op bankoortrekkings en kort- en langtermynlenings
- amortisasie van diskonto's of premies met betrekking tot lenings asook bykomende kostes wat aangegaan word om lenings te reël
- finansieringskoste ten opsigte van bruikhuurkontrakte
- valutaverskille indien aansuiwering aan rentekoste gemaak word.

### 2.11.2 Rekeningkundige hantering (AC 114.07-.26)

Leenkoste behoort volgens die normverantwoording van die standpunt as uitgawe erken te word gedurende die tydperk waarin dit aangegaan word. As toegelate alternatiewe verantwoording behoort leenkoste wat regstreeks aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate ('n kwalifiserende bate is 'n bate wat noodwendig 'n aansienlike tydperk in beslag neem om dit vir sy beoogde gebruik of verkoop in gereedheid te kry) toeskryfbaar is, gekapitaliseer te word indien dit waarskynlik is dat:

- die koste betroubaar gemeet kan word en
- toekomstige ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei.

Die bedrag van leenkoste wat gekapitaliseer behoort te word, word grotendeels bepaal deur die wyses waarop fondse verkry word, naamlik:

- Spesifieke lenings: verteenwoordig die werklike leenkoste wat gedurende die tydperk vir daardie lening aangegaan is, minus enige beleggingsinkomste verkry uit die tydelike belegging van daardie lenings.
- Algemene lenings: verteenwoordig die uitgawes aan die bate vermenigvuldig met die kapitalisasiekoers (geweegde gemiddelde koers van algemene lenings), beperk tot die werklike leenkoste aangegaan gedurende die tydperk.

Voorwaardes vir kapitalisering:

- aanvaarding van rekeningkundige beleid waarvolgens leenkoste gekapitaliseer moet word
- uitgawes vir die bate moet aangegaan word
- leenkoste moet aangegaan word en

- bedrywighede wat nodig is om die bate vir sy beoogde gebruik of verkoop voor te berei, moet aan die gang wees.

Kapitalisering van leenkoste moet opgeskort word gedurende uitgebreide tydperke waartydens aktiewe ontwikkeling onderbreek word. Verder moet die kapitalisering van leenkoste gestaak word wanneer wesenlik alle bedrywighede wat nodig is om die kwalifiserende bate vir sy beoogde gebruik of verkoop voor te berei, afgehandel is (Cilliers et al., 1996:93-94).

### 2.11.3 Openbaarmaking (AC 114.29)

Die volgende moet vermeld word:

- openbaar die rekeningkundige beleid wat vir leenkoste aanvaar is
- gee die bedrag aan leenkoste wat vir leenkoste aanvaar is, met onderskeid tussen bedrae wat as uitgawe erken word en wat gekapitaliseer word (ook vereis in paragraaf 42(f) van Bylae 4 tot die Maatskappywet)
- verstrek die kapitaliseringskoers wat gebruik is om die bedrag van leenkoste wat vir kapitalisering in aanmerking kom, te bepaal (Everingham & Watson, 1995:334-10).

### 2.11.4 Toepassing

Die gestelde vereistes behoort deur alle ondernemings toegepas te word - beslis ook universiteite. As voorbeeld kan geneem word duur gespesialiseerde apparaat wat in die normale bedryf aangewend word vir navorsingsdoeleindes. Tot dusver het die PU vir CHO dit uit eie fondse gefinansier en nie met behulp van geleende fondse nie.

Die rekeningkundige beleid van die PU vir CHO stel in aantekening 1.14 by die finansiële state in hoofstuk 4 die volgende met betrekking tot leenkoste:
Leenkoste wat regstreeks aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate ('n bate wat 'n aansienlike tydperk in beslag neem om vir sy beoogde gebruik of verkoop in gereedheid te kry) toeskryfbaar is, word as deel van die koste van daardie bate gekapitaliseer. Ander leenkoste word as uitgawe erken gedurende die tydperk waarin dit aangegaan word.

Vervolgens word die uitgawes in die inkomstestaat getoon as finansieringskoste en in aantekening 22 verder ontleed tussen langtermynlenings en bankrekenings. Soos hierbo genoem, is daar huidiglik geen kwalifiserende bate verkry, opgerig of geproduseer deur gebruik te maak van leningsfondse nie - dit is deur interne fondse gefinansier. Daar is ook nie finansieringskoste ten opsigte van bruikhuurkontrakte nie, aangesien die PU vir CHO tans geen bruikhuurkontrakte het nie.

## 2.12 RE 116: Aftreevoordeelkoste

### 2.12.1 Agtergrond (AC 116.06-.16)

Aftreevoordeelplanne blyk uit Cilliers et al. (1998:AC 116) as reëlings waarvolgens 'n onderneming voordele vir sy werknemers by of na diensbeëindiging voorsien. Daar is hoofsaaklik twee tipes aftreevoordeelplanne, naamlik: omskrewe bydraeplanne en omskrewe voordeelplanne volgens RE 116.

**Omskrewe bydraeplanne**

Dit is aftreevoordeelplanne waarvolgens bedrae wat as aftreevoordele betaal gaan word, bepaal kan word met verwysing na bydraes tot 'n fonds tesame met die beleggingsopbrengs daarop.

- 'n Voorbeeld van 'n omskrewe bydraeplan is 'n voorsorgfonds.
- Die werkgewer se aanspreeklikheid is beperk tot die verskuldigde bydrae vir die tydperk - dit kan gewoonlik maklik bereken word.
- Die toekomstige aanspreeklikheid van die werkgewer word gebaseer op toekomstige pensioenarisse alleenlik.

**Omskrewe voordeelplanne**

Dit is aftreevoordeelplanne waarvolgens bedrae wat as aftreevoordele betaal gaan word, bepaal kan word met verwysing na 'n formule wat gewoonlik op werknemersvergoeding en/of jare diens gegrond is.

- 'n Voorbeeld van 'n omskrewe voordeelplan is 'n pensioenfonds.
- Die werkgewer is ook aanspreeklik om enige tekort in die fonds uit te wis.
- Die toekomstige aanspreeklikheid van die werkgewer word gebaseer op huidige sowel as toekomstige pensioenarisse.

### 2.12.2 Rekeningkundige hantering (AC 116.19-.46)

Universiteite (byvoorbeeld die PU vir CHO) het beide omskrewe bydraeplanne en omskrewe voordeelplanne - die toepaslike rekeningkundige hantering is soos volg:

**Omskrewe bydraeplanne**

Die onderneming se vereiste bydraes tot 'n omskrewe bydraeplan ten opsigte van diens in 'n bepaalde tydperk, behoort in daardie tydperk as uitgawe erken te word.

'n Onderneming kan instem om bykomende bydraes ingevolge 'n omskrewe bydraeplan te maak. Die verhoogde bydraes word as uitgawe erken in die tydperke waarin die verwante dienste deur die werknemers gelewer word, naamlik:

- pensioenarisse: huidige tydperk

- huidige werknemers: huidige en toekomstige tydperk.

**Omskrewe voordeelplanne**

Die huidige dienskoste ten opsigte van 'n omskrewe voordeelplan behoort in die huidige tydperk as 'n uitgawe erken te word.

Bestaande werknemers

Verstreke dienskoste, aansuiwerings vir ondervinding, die uitwerking van veranderings in aktuariële aannames en die uitwerking van planwysigings behoort sistematies oor die verwagte oorblywende werklewe van daardie werknemers as uitgawe of inkomste erken te word, behalwe in die volgende gevalle:

- in die geval van sekere planwysigings waar die gebruik van 'n korter tydperk nodig is om die ontvangs van ekonomiese voordele deur die onderneming te weerspieël; of
- wanneer dit waarskynlik is dat 'n omskrewevoordeel-plan ontbind sal word, of dat daar besnoeiing of skikking sal wees van aftreevoordele wat betaalbaar is:
  - (a) enige gevolglike verhoging in die onderneming se aftreevoordeelkoste behoort onmiddellik as uitgawe erken te word; en
  - (b) enige gevolglike wins behoort as inkomste erken te word.

Afgetrede werknemers

Die uitwerking van planwysigings behoort gemeet te word as die huidige waarde van die uitwerking van die gewysigde voordele en behoort as uitgawe of as inkomste erken te word in die tydperk waarin die planwysiging gedoen word.

Normverantwoording

Die koste behoort deur 'n waardasiemetode gegrond op opgelope voordele bepaal te word. As toegelate alternatief kan die waardasiemetode gegrond word op geprojekteerde voordele. Veranderings tussen die twee aktuariële waardasiemetodes behoort rekeningkundig verantwoord te word as 'n verandering in rekeningkundige beleid (Cilliers et al., 1998:AC 116).

### 2.12.3 Openbaarmaking (AC 116.23 & .53)

Binnekade et al. (1997:564-565) se openbaarmaking bevestig die standpunt se bepalings soos volg:

**Omskrewe bydraeplanne**

- 'n algehele omskrywing van elke plan
- werknemersgroepe wat gedek word
- die bedrag wat gedurende die tydperk as 'n uitgawe erken word
- enige ander beduidende aangeleenthede ten opsigte van aftreevoordele wat vergelykbaarheid met die vorige tydperk beïnvloed.

**Omskrewe voordeelplanne**

- die basis vir die kostetoedeling na die inkomstestaat
- 'n algemene beskrywing van die aktuariële waardasiemetode of metodes wat gebruik is
- die befondsingsbeleid waar dit verskil van die rekeningkundige beleid en 'n bate of las in die balansstaat teweegbring.
- die bedrag wat tydens die tydperk as uitgawe of as inkomste erken word.
- Indien die bedrae wat sedert die aanvang van die plan befonds is, verskil van die bedrae wat as uitgawe of inkomste oor dieselfde tydperk erken is (of met 'n verandering in rekeningkundige beleid na teruggehoue inkomste gedebiteer of gekrediteer word), moet die bedrag van die las of bate geopenbaar word.
- Wanneer 'n werkgewer meer as een plan het en dit daartoe lei dat daar beide 'n las en 'n bate is, behoort die las of bate nie verminder te word deur die een van die ander af te trek nie.
- 'n algemene omskrywing van die plan
- werknemersgroepe wat gedek word
- of die plan befonds is al dan nie
- die aktuariële huidige waarde van beloofde aftreevoordele op die datum van die jongste aktuariële waardasie
- indien die plan befonds word, die billike waarde van die planbates op die datum van die jongste aktuariële waardasie
- die vernaamste aktuariële aannames wat gebruik is in die bepaling van die koste vir aftreevoordele en enige beduidende veranderings in die aannames
- die datum van die jongste aktuariële waardasie en die gereeldheid waarmee waardasies gedoen word
- enige ander beduidende aangeleenthede wat vergelykbaarheid met die vorige tydperk beïnvloed.

### 2.12.4 Toepassing

Die voorsiening van aftreevoordele is 'n wesenlike element van 'n universiteit se vergoedingspakket aan sy werknemers. Dit is dus belangrik dat die koste verbonde aan die voorsiening daarvan behoorlik verantwoord en geopenbaar word in die finansiële state van die universiteit.

Die PU vir CHO se aftreevoordeelplanne bestaan uit beide omskrewe bydrae- en omskrewe voordeelplanne terwyl die na-aftrede mediese voordele ook so verantwoord word.

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van aftreevoordeelkoste in volle nakoming van die standpunt word uiteengesit in aantekening 1.16 by die finansiële state in hoofstuk 4 en bepaal die volgende:

<u>Pensioenfondse</u>

*Omskrewe voordeelplanne*

Aftreevoordeelkoste word ingevolge omskrewe voordeelplanne (PU Pensioenfonds en die Pensioenfonds vir Geassosiëerde Inrigtings) voorsien. Die huidige waarde van die omskrewe voordeelverpligting en die

huidige dienskoste word bepaal deur die toepassing van die opgelope-voordeel-waardasiegrondslag deur middel van die geprojekteerde kredieteenheidsmetode.

Huidige dienskoste word as 'n termynuitgawe in bedryfswins erken en word gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word. Dit sluit die uitgawe in vir voordele ontvang deur die werknemer wat tans in diens is, asook die befondsingskoste vir hierdie werknemer wanneer die persoon nie meer in diens is nie.

Verstreke dienskoste, aansuiwerings vir ondervinding, die effek van veranderings in aktuariële aannames en die effek van planveranderings word afgeskryf. Die huidige waarde van die uitwerking van die gewysigde voordele word bepaal en as uitgawe of as inkomste erken in die tydperk waarin die planverandering gedoen word.

*Omskrewe bydraeplanne*

Aftreevoordeelkoste word ook ingevolge omskrewe bydraeplanne (PU Voorsorgfondse) voorsien. Die bydraes tot die omskrewe bydraeplanne word as uitgawe erken in die betrokke periode waarin die aanspreeklikheid ontstaan het en sodoende gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word.

<u>Na-aftree mediese voordele</u>

Die huidige dienskoste van na-aftreevoordele bo en behalwe pensioenfondse word as 'n termynuitgawe erken en gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word en sluit die befondsingskoste in vir wanneer werknemers nie meer in diens is nie. Die aanspreeklikheid word volgens aktuariële aannames bereken om die huidige waarde van die geraamde toekomstige koste van die voordele te bepaal.

Die effek van planveranderings ten opsigte van afgetrede werknemers word bepaal as die huidige waarde van die effek van die veranderde voordele en word as 'n uitgawe of as inkomste erken in die tydperk waarin die verandering aan bepalings van die aftreevoordeelplan gemaak word.

Die betrokke aftreevoordeelverpligting word in die balansstaat aangetoon en verder openbaar in aantekening 11.

Aantekening 18 dui die bedrae aan wat gedurende die tydperk as uitgawe erken is.

Aantekening 25 vermeld dan die ander inligting met betrekking tot aftreevoordeelplanne.

## 2.13 RE 118: Kontantvloeistate

Cilliers et al. (1998:AC 118) stel die volgende punte in verband met kontantvloeistate:

### 2.13.1 Agtergrond (AC 118.03-.07)

'n Onderneming moet 'n kontantvloeistaat in ooreenstemming met die vereistes van hierdie standpunt opstel en moet dit aanbied as 'n integrerende deel van sy finansiële state vir elke tydperk waarvoor finansiële state aangebied word.

Gebruikers van 'n onderneming se finansiële state stel belang in die manier waarop die onderneming kontant en kontantekwivalente voortbring en gebruik.

Kontant bestaan uit kontant voorhande en aanvraagdeposito's. Kontantekwivalente is hoogs likiede korttermynbeleggings wat geredelik in kontantbedrae omskep kan word en wat slegs aan onbeduidende risiko's van veranderings in waarde onderhewig is.

### 2.13.2 Aanbieding van 'n kontantvloeistaat (AC 118.12-.21)

Die kontantvloeistaat moet kontantvloei gedurende die tydperk rapporteer, geklassifiseer volgens bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite.

Bedryfsaktiwiteite

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite word hoofsaaklik uit die belangrikste inkomstegenererende aktiwiteite van die onderneming verkry. Die rapportering daarvan kan deur een van die volgende metodes geskied:

- die direkte metode, waarvolgens hoofkategorieë van bruto kontantopbrengste en bruto kontantbetalings openbaar gemaak word; of
- die indirekte metode, waarvolgens netto wins of verlies aangesuiwer word vir die uitwerking van transaksies van 'n nie-kontantaard, enige uitstel of toevallings van vorige of toekomstige bedryfskontantontvangstes of -betalings, en inkomste- of uitgawe-items wat met beleggings- of finansieringskontantvloei verband hou.

Beleggingsaktiwiteite

Beleggingsaktiwiteite is die verkryging en verkoop van langtermynbates en ander beleggings wat nie by kontantekwivalente ingesluit is nie.

Finansieringsaktiwiteite

Dit is aktiwiteite wat tot veranderings in die grootte en samestelling van die ekwiteitskapitaal en lenings van die onderneming lei.

### 2.13.3 Openbaarmaking (AC 118.23-.55)

Die volgende aspekte word gewoonlik as aantekeninge tot die kontantvloeistaat getoon:

- 'n rekonsiliasie tussen die netto wins voor belasting soos gerapporteer in die inkomstestaat en die kontant voortgebring uit bedrywighede, indien hierdie inligting nie in die kontantvloeistaat self verstrek word nie
- besonderhede ten opsigte van verkrygings en verkope van filiale of ander sake-eenhede gedurende die tydperk (as beleggingsaktiwiteite)
- die komponente van kontant en kontantekwivalente en 'n rekonsiliasie tussen die bedrae in die kontantvloeistaat en die ooreenstemmende items soos gerapporteer in die balansstaat
- beleggings- en finansieringstransaksies wat nie die gebruik van kontant of kontantekwivalente vereis nie, moet slegs by wyse van aantekeninge openbaar word op 'n wyse wat al die tersaaklike inligting verskaf
- beduidende kontant en kontantekwivalente wat nie vir die groep se gebruik beskikbaar is nie
- die bedrag van ongebruikte leenfasiliteite en enige beperkings op die gebruik daarvan
- die totale bedrae van kontantvloei wat verband hou met belange in gesamentlike ondernemings wat volgens proporsionele konsolidasie gerapporteer word
- die totale bedrag van kontantvloei wat verhogings in bedryfskapasiteit verteenwoordig, afsonderlik van die wat vir die handhawing van bedryfskapasiteit vereis word
- die bedrag van kontantvloei van elke gerapporteerde bedryf en geografiese segment.

### 2.13.4 Toepassing

Inligting oor die kontantvloei van 'n onderneming (ook 'n universiteit) gee aan die gebruikers van finansiële state 'n grondslag waarvolgens 'n beoordeling gedoen kan word van die onderneming se vermoë om kontant en kontantekwivalente voort te bring en die behoefte van die onderneming om daardie kontantvloei te benut en gevolglik moet 'n onderneming 'n kontantvloeistaat in ooreenstemming met die vereistes van hierdie standpunt opstel.

Netto inkomste of surplus is 'n aanduiding van die winsgewendheid van die onderneming of universiteit. Die kontantvloeistaat verskaf verdere inligting oor die manier waarop die onderneming of universiteit kontant en kontantekwivalente voortbring en gebruik. Hierdie inligting stel gebruikers in staat om 'n evaluering te maak van die veranderings in netto bates van die onderneming of universiteit, sy finansiële struktuur (insluitend sy likiditeit en solvensie) en sy vermoë om die bedrae en tydsberekening van kontantvloei te beïnvloed ten einde by veranderde omstandighede en geleenthede aan te pas.

Die kontantvloeistaat van die PU vir CHO soos vervat in hoofstuk 4 is volgens die direkte metode opgestel in die voorgeskrewe formaat en soos volg geklassifiseer:

- Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite wat bestaan uit:
  - Kontant uit bedrywighede voortgebring

    (Aantekening 24 verskaf die rekonsiliasie van netto surplus uit gewone aktiwiteite met kontant uit bedrywighede voortgebring. Hierby ingesluit is toename in voorsienings. Voorsienings - getoon as bedryfslas in die balansstaat - word as gevolg van hul aard op soortgelyke wyse as lopende en ander krediteure getoon en maak gevolglik deel uit van die bedryfskapitaalveranderings)
  - Kontantontvangste uit subsidie, klasgelde, dienste en ander
  - Kontant betaal aan verskaffers en werknemers
  - Beleggingsinkomste
  - Finansieringskoste.

- Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite wat bestaan uit:
  - Aankoop van toerusting (vervangings en toevoegings)

    (Die aankoop van toerusting word ooreenkomstig RE 118 as 'n beleggingsaktiwiteit hanteer en verdeel tussen vervangings en toevoegings (volgens die voorbeeld in aanhangsel I van RE 118). Daarteenoor word die opbrengs met verkoop van toerusting ook as beleggingsaktiwiteit getoon)
  - Opbrengs met verkoop van toerusting
  - Toename in langtermynbeleggings
  - Toename in studentelenings toegestaan

    (As gevolg van die langtermynaard van studentelenings word daardie gedeeltes wat oor langer as die volgende boekjaar terugbetaal moet word as langtermynbeleggings beskou en derhalwe as 'n beleggingsaktiwiteit hanteer. Die korttermyngedeelte - dit wil sê daardie gedeeltes betaalbaar binne die volgende boekjaar - is egter by debiteure ingesluit)

- Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite wat bestaan uit:
  - Rentedraende langtermynlenings opgeneem
  - Rentedraende langtermynlenings terugbetaal
  - Nie-rentedraende langtermynlenings opgeneem
  - Nie-rentedraende langtermynlenings terugbetaal
  - Uitgestelde kapitaalsubsidie ontvang

Aantekening 7 by die finansiële state toon die komponente van kontant en kontantekwivalente en 'n rekonsiliasie tussen die bedrae in die balansstaat en kontantvloeistaat gerapporteer. Aantekening 24 verstrek 'n rekonsiliasie van die netto surplus uit gewone aktiwiteite volgens die inkomstestaat met kontant uit bedrywighede voortgebring volgens die kontantvloeistaat.

## 2.14 RE 123: Eiendom, aanleg en toerusting

### 2.14.1 Agtergrond (RE 123.01 & .11)

Volgens SAIGR (1999:RE 123:1-19) is die belangrikste aspekte by die rekeningkundige verantwoording van eiendom, aanleg en toerusting die tydsberekening van erkenning van die bates, die bepaling van hul drabedrae en die waardevermindering wat in verband daarmee erken moet word.

Eiendoms-, aanleg- en toerustingitems behoort as bates (tasbare bates) erken te word wanneer:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat met die bate verband hou, na die onderneming sal vloei; en
- die koste van die bate vir die onderneming betroubaar gemeet kan word.

### 2.14.2 Rekeningkundige hantering (RE 123.18-.63)

**Aanvanklike koste**

Items wat kwalifiseer om as bates erken te word, behoort aanvanklik teen die kosprys daarvan gemeet te word. Dit behels die koopprys daarvan, met inbegrip van die volgende:

- na enige handelsafslag en kortings
- invoerbelastings
- nie-terugbetaalbare koopbelastings
- regstreekse toeskryfbare koste om die bate in 'n werkende toestand vir sy beoogde gebruik te bring, byvoorbeeld:
    - die koste van terreinvoorbereiding
    - aanvanklike aflewerings- en hanteringskoste
    - installasiekoste
    - professionele fooie
- gekapitaliseerde finansieringskoste (volgens RE 114, die standpunt oor leenkoste).

Die volgende behoort nie ingesluit te word nie:

- administratiewe en ander algemene bokoste
- algemene inbedryfstellingskoste en soortgelyke voorproduksiekoste
- aanvanklike bedryfsverliese
- interne winste ten opsigte van selfopgerigte bates.

Wanneer bates geruil word, word die kosprys van sodanige item gemeet teen die billike waarde van die bate wat ontvang is, wat gelyk is aan die billike waarde van die bate wat opgegee is, aangesuiwer met die bedrag van enige kontant of kontantekwivalente wat oorgedra is.

Latere uitgawes met betrekking tot bate-items wat reeds erken is, behoort net by die drabedrag gevoeg te word wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat die oorspronklik geraamde prestasie-standaard van die bestaande bate te bowe gaan, na die onderneming sal vloei.

**Meting na aanvanklike erkenning**

Normbehandeling

Na die aanvanklike erkenning as 'n bate behoort die item teen sy kosprys minus enige opgelope waardevermindering gedra te word, onderworpe aan die verdere vereiste om 'n bate tot sy verhaalbare bedrag af te skryf.

Toegelate alternatiewe behandeling

Na die aanvanklike erkenning as 'n bate, kan die item teen 'n herwaardeerde bedrag gedra te word, naamlik die billike waarde daarvan op die datum van die herwaardasie minus enige latere opgelope waardevermindering en latere opgelope waardedalingsverliese. Herwaardasie moet gereeld gedoen word om te verseker dat die drabedrag nie wesenlik verskil van die billike waarde op balansstaatdatum nie. Die billike of redelike waarde verteenwoordig die markwaarde vir huidige gebruik of die vervangingswaarde vir gespesialiseerde items.

Herwaardasie herstel die negatiewe impak van prysverhogings en verseker ook die volgende:

- inkomstestaat:
  - paar huidige koste met inkomste; en
- balansstaat:
  - verseker dat bates teen realistiese waardes getoon word;
  - herwaardasie behoort minstens elke vyf jaar gedoen te word en wel deur 'n gekwalifiseerde persoon; en
  - die hele klas bates waartoe daardie bate behoort, moet gesamentlik herwaardeer word.

'n Herwaardasiesurplus behoort direk teen ekwiteit gekrediteer te word. Dit behoort egter as inkomste erken te word in die mate waarin dit 'n herwaardasievermindering van dieselfde bate wat voorheen as 'n uitgawe erken is, terugskryf. Daar is twee metodes wat gevolg kan word by die boekstawing daarvan:

- skryf die opgelope waardevermindering terug en pas die drawaarde aan na die redelike waarde; of
- pas die bruto bedrag en opgelope waardevermindering aan.

'n Herwaardasievermindering behoort eers teen die herwaardasiereserwe gedebiteer te word en dan die oorblywende gedeelte teen die inkomstestaat. Surplusse daarna word eers teen die inkomstestaat gekrediteer (om vorige tekorte uit te wis) en dan na die reserwe.

Die herwaardasiesurplus wat by ekwiteit ingesluit word, word na behoue inkomste oorgeplaas wanneer die surplus gerealiseer word. Surplus word gerealiseer wanneer die bate verkoop of gebruik word.

**Waardevermindering**

Die afskryfbare bedrag van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingitem behoort oor die nutsduur daarvan op 'n stelselmatige grondslag toegewys te word. Die waardeverminderingsmetode wat gevolg word, behoort die patroon te weerspieël waarvolgens die bate se ekonomiese voordele deur die onderneming benut word. Die afskryfbare bedrag behoort normaalweg as 'n uitgawe erken te word.

Die nutsduur van die bates behoort periodiek hersien te word en, indien verwagtings beduidend verskil van vorige ramings, behoort die waardeverminderingskoste vir die huidige en toekomstige tydperk aangesuiwer te word.

Die waardeverminderingsmetode moet ook periodiek hersien word en, indien daar 'n beduidende verandering in die verwagte patroon van ekonomiese voordele uit daardie bate was, behoort die metode verander te word. Hierdie verandering behoort verantwoord te word as 'n verandering in rekeningkundige raming en behoort die waardevermindering vir die huidige en toekomstige tydperke aangesuiwer te word.

**Verhaalbaarheid van die drabedrag (waardedalingsverliese)**

'n Onderneming moet by elke jaareinde sy bates vir waardedaling ooreenkomstig die betrokke standpunt toets, en enige waardedalingsverliese moet dienooreenkomstig erken word.

**Onttrekkings en vervreemdings**

'n Bate behoort uit die balansstaat verwyder te word wanneer dit vervreem word of wanneer dit permanent uit gebruik onttrek word en geen toekomstige ekonomiese voordele uit die vervreemding daarvan verwag word nie. Enige winste of verliese (die verskil tussen die werklike of geraamde netto vervreemdingsopbrengs en die drabedrag van die bate) behoort in die inkomstestaat as 'n inkomste of uitgawe erken te word.

### 2.14.3 Openbaarmaking (RE 123.64-.68)

Die finansiële state behoort ten opsigte van elke klas eiendom, aanleg en toerusting die volgende openbaar te maak:

- die metingsgrondslae wat gebruik is vir die bepaling van die bruto drabedrag
- die waardeverminderingsmetodes wat gevolg is
- die nutsdure of waardeverminderingskoerse wat gebruik is
- waardevermindering gedebiteer in die berekening van die netto wins of verlies vir die tydperk
- 'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en aan die einde van die tydperk wat die volgende toon:
  - toevoegings
  - vervreemdings
  - verkrygings deur samevoeging van besighede
  - vermeerderings of verminderings gedurende die tydperk voortspruitend uit herwaardasie

- waardedalingsverliese soos hanteer ingevolge die standpunt oor waardedaling van bates
- waardevermindering
- netto valutaverskille wat ontstaan het met die omrekening van 'n buitelandse entiteit se finansiële state
- ander bewegings

Die finansiële state behoort ook die volgende openbaar te maak:

- die bestaan en bedrae van beperkings op bates wat as sekuriteit dien
- die rekeningkundige beleid vir die geraamde koste van herstel
- die bedrag van uitgawes ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting in die loop van konstruksie
- die bedrag van verpligtinge vir die verkryging van eiendom, aanleg en toerusting.

Wanneer bates teen herwaardeerde bedrae getoon word, behoort die volgende vermeld te word:

- die grondslag wat gebruik is om die bates te herwaardeer
- die effektiewe datum van herwaardasie
- of 'n onafhanklike waardeerder gebruik is
- die aard van enige indekse wat gebruik is om vervangingskoste te bepaal
- die drabedrag van elke klas eiendom, aanleg en toerusting ooreenkomstig die normbehandeling (die historiese metode)
- die herwaardasiesurplus, met die volgende besonderhede:
    - die beweging vir die tydperk
    - enige beperkings op die uitkering van die saldo aan aandeelhouers
    - die gerealiseerde en ongerealiseerde gedeeltes daarvan
    - die buiteaandeelhouersdeel daarvan
- die gedeelte van die waardeverminderingskoste met betrekking tot die herwaardasie.

### 2.14.4 Toepassing

'n Universiteit se tasbare bates bestaan uit die volgende: grond, geboue, laboratoriumtoerusting, biblioteekboeke, motorvoertuie, meubels en rekenaartoerusting.

Die rekeningkundige hantering en openbaarmaking word gedoen ooreenkomstig die normbehandeling soos in hierdie standpunt voorgeskryf, dus word 'n bate getoon teen sy kosprys minus enige opgelope waardevermindering onderworpe aan die verdere vereiste om 'n bate tot sy verhaalbare bedrag af te skryf.

Die rekeningkundige beleid van die PU vir CHO met betrekking tot eiendom en toerusting soos vervat in aantekening 1.3 by die finansiële state in hoofstuk 4 bepaal die volgende:

- Eiendom en toerusting word teen kosprys minus opgelope waardevermindering getoon, behalwe bates wat as skenkings ontvang is. Eiendom en toerusting wat geskenk is aan die universiteit word getoon teen die redelike waarde wat bepaal is by verkryging, minus opgelope waardevermindering.

- Die universiteit skryf waardevermindering af op die reguitlynmetode teen die onderstaande toepaslike koerse om die bates se kospryse oor hulle verwagte nuttige lewensduur tot hulle beraamde reswaardes te verminder. Indien 'n bate se verwagte toekomstige kontantvloei by die bepaling van die verhaalbare bedrag laer is as die drawaarde, word die bate afgeskryf tot sy verhaalbare bedrag. Winste of verliese by die vervreemding van eiendom en toerusting word as normale inkomste of uitgawes verantwoord.

| KATEGORIE | PERSENTASIE | | MOTIVERING VIR PERSENTASIE |
|---|---|---|---|
| Grond | 0,0% | : | Die nuttige gebruik is onbeperk. |
| Geboue | 2,0% | : | Geboue word slegs teen 2,0% gedepresieer aangesien die benutting daarvan 'n lang gebruiksleeftyd regverdig. |
| Rekenaartoerusting | 50,0% | : | Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 2 jaar as gevolg van tegnologiese veroudering. |
| Biblioteekboeke | 2,5% | : | Biblioteekboeke word gedepresieer teen 'n minimum koers omdat die gebruikswaarde daarvan nie afneem nie en 'n stelsel van voortdurende vervanging in stand gehou word. |
| Laboratoriumtoerusting | 10,0% | : | Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 10 jaar op grond van historiese gegewens. |
| Meubels | 2,5% | : | Meubels word slegs teen 2,5% gedepresieer aangesien die kantoorgebruik daarvan 'n lang gebruiksleeftyd regverdig. |
| Voertuie | 15,0% | : | Die voertuigpoel se reswaarde word na drie jaar, wat die gemiddelde vervangingstermyn van voertuie is, teen 55% beraam. |
| Sintetiese Hokkieveld | 12,5% | : | Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 8 jaar wat, volgens die verskaffer, die normale leeftyd daarvan is. |

- Werklike verbeteringe aan geboue word gekapitaliseer wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat die oorspronklik geraamde prestasie-standaard van die bestaande bate te bowe gaan, na die onderneming sal vloei. Grootskaalse onderhoud, roetine instandhouding en herstelwerk met betrekking tot geboue en toerusting word teen die inkomstestaat gedebiteer soos wat dit aangegaan word. Die Universiteit het verder ook 'n tien jaar rollende plan waarvolgens

grootskaalse geboue-onderhoud plaasvind en wat jaarliks hersien word ten einde die geboue behoorlik in stand te hou.

Die drabedrag van eiendom en toerusting word in die balansstaat getoon en die res van die ter sake openbaarmaking geskied by wyse van aantekening 2 by die finansiële state.

## 2.15 RE 125: Finansiële instrumente: openbaarmaking en aanbieding

### 2.15.1 Agtergrond (AC 125.02-.24)

Die standpunt gee voorskrifte ten opsigte van die aanbieding van erkende finansiële instrumente asook inligting wat openbaar moet word ten opsigte van erkende (op balansstaat) en nie-erkende (finansiering buite die balansstaat) finansiële instrumente.

Binnekade et al. (1997:770-771) stel die volgende definisies:

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat beide:

- 'n finansiële bate in die een onderneming en
- 'n finansiële las in 'n ander onderneming veroorsaak.

'n Finansiële bate is:

- kontant
- 'n kontraktuele reg om kontant of 'n finansiële bate te ontvang
- 'n ekwiteitsinstrument van 'n ander onderneming byvoorbeeld 'n aandelebelegging
- 'n kontraktuele reg om finansiële instrumente met 'n ander onderneming te ruil.

'n Finansiële las is 'n kontraktuele verpligting om:

- kontant of 'n ander finansiële bate te lewer
- finansiële instrumente te ruil met 'n ander onderneming.

Voorbeelde van finansiële bates en laste volgens Van Wyk (1999:64-65) is:

- kontant
- ontvangbare rekeninge (debiteure)
- betaalbare rekeninge (krediteure)
- vaste deposito's
- leningsbeleggings
- aandelebeleggings in ander ondernemings
- lenings
- aflosbare voorkeuraandele
- ontvangwissels
- afgeleide instrumente.

Die volgende vorm nie deel van finansiële bates of laste nie, soos aangetoon deur Van Wyk (1999:65-66):

- voorraad
- eiendom, aanleg en toerusting
- gehuurde bates
- ontasbare bates
- vooruitbetaalde uitgawes
- uitgestelde inkomste
- huidige belasting verskuldig
- uitgestelde belasting
- kommoditeitsbelasting
- minderheidsbelange
- belange in filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes
- aftreeplanbates of -laste
- aandele-opsies aan werknemers
- verpligtings onder versekeringskontrakte
- nie-aflosbare voorkeuraandele.

In die klassifikasie van 'n finansiële instrument speel "wese bo vorm" 'n baie belangrike rol, byvoorbeeld:

- Omskepbare skuldbriewe van die onderneming wat nie in kontant afgelos gaan word nie, vorm deel van ekwiteit van die onderneming self sowel as die rente daarop.
- Aflosbare voorkeuraandele van die onderneming wat in kontant afgelos gaan word verteenwoordig 'n finansiële las met die dividende daarop.

Sover vasgestel kon word, het die PU vir CHO nie soortgelyke finansiële instrumente waar die wese daarvan bo die vorm getoon moet word nie.

### 2.15.2 Rekeningkundige hantering (AC 125.25-.43)

Finansiële instrumente kan volgens PricewaterhouseCoopers (1999a:16) in vier kategorieë ingedeel word:

- finansiële bates of laste gehou vir verhandeling
- hou-tot-verval-beleggings
- lenings en ontvangbare bedrae wat deur die onderneming ontstaan het
- finansiële bates wat beskikbaar is vir verkoop.

**Meting van finansiële bates**

Die meting van finansiële bates word deur Van Wyk (1999:66-67) as volg uiteengesit:

Finansiële bates word aanvanklik teen kosprys of die redelike waarde van die teenprestasie ontvang of betaal, insluitende transaksiekoste, geboekstaaf.

Latere meting geskied soos volg:

Teen kosprys:

- lenings en ontvangbare bedrae wat deur die onderneming ontstaan het, byvoorbeeld debiteure
- hou-tot-verval-beleggings
- finansiële bates wat nie redelik waardeer kan word nie, byvoorbeeld aandelebeleggings in privaatmaatskappye of ander belange in besighede.

Teen redelike waarde (markwaarde):

- afgeleide instrumente byvoorbeeld valuta-termynkontrakte
- finansiële bates gehou vir verhandeling (spekulasie)
- finansiële bates beskikbaar vir verkoop.

**Meting van finansiële laste**

Teen redelike waarde:

- afgeleide instrumente
- finansiële laste gehou vir verhandeling.

Teen kosprys:

- ander finansiële laste nie hierbo genoem nie.

'n Finansiële bate en las mag slegs teen mekaar verreken word en die netto bedrag in die balansstaat getoon word wanneer:

- die onderneming 'n regtens afdwingbare reg het om die bedrae teen mekaar te verreken en
- die onderneming van voorneme is om dit gelyktydig te realiseer en te vereffen.

**Rente, dividende, winste en verliese**

Rente, dividende, winste en verliese met betrekking tot finansiële instrumente behoort in die inkomstestaat gerapporteer te word as inkomste of uitgawe.

Uitkerings aan die houers van ekwiteitsinstrumente word direk teen ekwiteit gedebiteer (SAIGR, 1999:RE 125:10). 'n Voorbeeld van uitkerings aan die houers van ekwiteitsinstrumente is wanneer 'n onderneming 'n bedrag moet betaal om 'n reg te behou om sy eie ekwiteitsinstrumente terug te koop van 'n ander party. Die betrokke gedeeltes oor ekwiteitsinstrumente is egter nie op universiteite van toepassing nie.

**Waardedaling**

PricewaterhouseCoopers (1999a:17) toon aan dat daar op elke balansstaatdatum vasgestel moet word of die drabedrag nie minder is as die verhaalbare bedrag nie. Indien dit wel die geval is, moet die nodige afskrywing plaasvind.

### 2.15.3 Openbaarmaking (AC 125.44-.96)

'n Onderneming behoort vir elke klas finansiële bate en finansiële las (erkende sowel as nie-erkende finansiële instrumente) die volgende te openbaar (Van Wyk, 1999:67-68):

- rekeningkundige beleid en metodes ten opsigte van erkenning en meting
- inligting aangaande aard, omvang, terme en omstandighede wat die bedrag, tydsberekening en sekerheid van toekomstige kontantvloei sal beïnvloed
- inligting aangaande blootstelling aan kredietrisiko's
- inligting aangaande blootstelling aan rentekoersrisiko's
- inligting aangaande die redelike of markwaarde (markrisiko's)
- indien die finansiële bate teen hoër as redelike waarde gedra word:
    - drabedrag en redelike waarde
    - redes vir nie-afskrywing
- waar verskansing van toekomstige transaksies plaasgevind het:
    - beskrywing van die transaksie en tydsberekening
    - enige wins of verlies uitgestel
    - verwagte erkenning en tydsberekening van die uitgawe.

### 2.15.4 Toepassing

Die bepalings van die standpunt moet nagekom word om die bruikbaarheid van die finansiële state vir gebruikers te verhoog. Die standpunt het ten doel om die impak van finansiële instrumente op die universiteite se finansiële stand, prestasie en kontantvloei beter uiteen te sit.

Die finansiële instrumente van die PU vir CHO bestaan huidiglik uit:

- lenings en ontvangbare bedrae wat deur die PU vir CHO tot stand gebring is, byvoorbeeld:
    - lopende en ander debiteure
    - lopende en ander krediteure
    - lenings aan studente
    - langtermynlenings
- hou-tot-verval-beleggings, byvoorbeeld:
    - langtermynbeleggings
    - sekere kontantekwivalente, naamlik termyndeposito's.

Dit mag wees dat universiteite in die toekoms ook finansiële instrumente kan hê wat bestaan uit:

- finansiële bates gehou vir verhandeling en
- finansiële bates beskikbaar vir verkoop.

Dit sal grootliks afhang van die finansiële posisie van die betrokke universiteit en in hoe 'n mate die universiteit daarop aangewese is om self fondse te genereer vir sy voortbestaan. Aanduidings wat reeds in die verband in die universiteitswese voorkom is dalende staatsubsidies en dalende studentegetalle. Die

ontginning van hierdie en ander inkomstebronne word toegelaat deur die Wet op Hoër Onderwys, 1997 soos bepaal in artikel 40 en sal waarskynlik in die toekoms 'n al hoe groter rol speel.

Die rekeningkundige beleid van die PU vir CHO, soos getoon in aantekening 1.4 in hoofstuk 4, meld die volgende met betrekking tot finansiële instrumente:
Finansiële instrumente soos getoon in die balansstaat sluit in: langtermynbeleggings, lenings aan studente, lopende en ander debiteure, kontant en kontantekwivalente, langtermynlenings en lopende en ander krediteure. Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen kosprys. Latere meting word uiteengesit soos getoon in die rekeningkundige beleid ten opsigte van elke individuele item. Winste en verliese wat daarvolgens ontstaan, word normaalweg verantwoord in die inkomstestaat vir die tydperk. Waardedalingsverliese word erken in die inkomstestaat indien die verhaalbare bedrag laer is as die drawaarde van die finansiële instrument.

Verdere openbaarmaking ten opsigte van finansiële instrumente waartoe die PU vir CHO 'n party is, word getoon in aantekening 23.

Die genoemde finansiële instrumente word onder gepaste opskrifte in die balansstaat getoon en verder word elkeen by wyse van aantekening uiteengesit. Aantekening 23 dui die blootstelling van die Universiteit aan ten opsigte van die verskillende risiko's en vermeld die volgende:

Kredietrisiko

Daar bestaan nie wesenlike kredietrisiko's met betrekking tot kontant en kontantekwivalente, langtermynbeleggings, lenings aan studente en lopende en ander debiteure nie. Daar word hoofsaaklik met groot, finansieel gesonde en erkende instellings sake gedoen en die transaksies word behoorlik versprei tussen die instellings. Moontlike kredietrisiko's word vervat in die redelike waarde van elke instrument deur voldoende voorsiening te maak vir moontlike slegte skulde.

Rentekoersrisiko

Die Universiteit is blootgestel aan rentekoersrisiko's omdat fondse belê word teen beide vaste en wisselende rentekoerse. Die risiko word beperk deur 'n behoorlike verdeling te maak tussen vaste en wisselende koerse op grond van marktoestande en verwagtinge. In die geval van fondse geleen, is die Universiteit se risiko beperk omdat lenings slegs teen vaste rentekoerse aangegaan word.

Redelike waarde

Die drawaarde van die volgende finansiële bates en laste verteenwoordig hul redelike waarde, naamlik: kontant en kontantekwivalente, langtermynbeleggings, lenings aan studente, lopende en ander debiteure, lopende en ander krediteure en langtermynlenings. Uiteensetting daarvan geskied by wyse van aantekening met betrekking tot elke item.

## 2.16 RE 128: Waardedaling van bates

RE 128 word volgens SAIGR (1999:RE 128:1-36) soos volg bespreek:

### 2.16.1 Agtergrond (RE 128.01-.27)


Die doel van hierdie standpunt is om prosedures voor te skryf wat 'n onderneming op elke balansstaatdatum toepas om te verseker dat die bates teen hoogstens hulle verhaalbare bedrag gedra word. Dit kan tot gevolg hê dat daar sekere waardedalingsverliese erken moet word.

**Omvang**

Die standpunt behoort toegepas te word in die verantwoording van alle bates, behalwe:

- voorraad
- bates voortspruitend uit konstruksiekontrakte
- uitgestelde belastingbates
- werknemersvoordele-bates
- finansiële bates.

**Basis van afskrywing**




PricewaterhouseCoopers (1999a:RE 128)

**Definisies**

- Verhaalbare bedrag is die hoogste van die netto verkoopprys of waarde in gebruik van die bate.
- Netto verkoopprys is die verkoopprys minus die verkoopskoste (koste direk toeskryfbaar aan die vervreemding van die bate) in 'n armlengtetransaksie.
- Waarde in gebruik is die huidige waarde van toekomstige kontantvloei ingesluit enige reswaarde aan die einde van die bate se leeftyd.
- Waardedalingsverlies is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate sy verhaalbare bedrag oorskry.

**Identifisering van 'n bate wat kon verswak het**

'n Onderneming behoort op elke balansstaatdatum te bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n bate kon verswak het, al dan nie. Indien daar so 'n aanduiding is, behoort die onderneming die verhaalbare bedrag van die bate te raam.

Aanduidings: eksterne bronne van inligting

- wesenlike daling in markwaarde
- nadelige uitwerkings in die tegnologiese, mark-, ekonomiese of regsomgewing waarin die onderneming bedrywig is of waaraan die bate toegewy is
- stygings in markrentekoerse wat die diskontokoers beïnvloed wat gebruik word om 'n bate se gebruikswaarde te bereken
- die drabedrag van die onderneming is hoër as sy markkapitalisasie.

Aanduidings: interne bronne van inligting

- bewyse van veroudering of fisiese skade aan 'n bate
- planne om die bedrywigheid waaraan 'n bate behoort, te staak of te herstruktureer, of om 'n bate voor die voorheen verwagte datum te vervreem
- bewyse dat die ekonomiese prestasie van 'n bate swakker is, of sal wees, as wat verwag is.

**Metings van verhaalbare bedrag**

Die verhaalbare bedrag word vir 'n individuele bate bepaal. Indien die bate nie kontantinvloei wat grootliks onafhanklik is van dié van ander bates of groepe bates uit voortgesette gebruik genereer nie, moet die verhaalbare bedrag bepaal word vir die kleinste kontantgenererende eenheid (besigheid as geheel indien nodig) waaraan die bate behoort.

**Meting van die gebruikswaarde**

Die meting van die gebruikswaarde behels die volgende stappe:

- raming van die toekomstige kontantinvloei en -uitvloei wat uit die voortgesette gebruik van die bate en uit sy uiteindelike vervreemding verkry word (uitgesluit belasting en finansieringskoste) en
- toepassing van die toepaslike diskontokoers op hierdie toekomstige kontantvloei.

### 2.16.2 Rekeningkundige hantering (RE 128.60-.110

**Erkenning**

'n Waardedalingsverlies behoort onmiddellik in die inkomstestaat erken te word, of teen die herwaardasiesurplus (volgens die toegelate alternatiewe behandeling RE 123).

Na die erkenning van die waardedalingsverlies behoort die waardevermindering vir die bate aangesuiwer te word in toekomstige tydperke om sodoende die hersiene drabedrag op 'n sistematiese grondslag aan die oorblywende nutsduur daarvan toe te wys.

**Kontantgenererende eenhede**

Wanneer die verhaalbare bedrag nie vir 'n individuele bate geraam kan word nie, behoort dit vir die kleinste kontantgenererende eenheid waaraan die bate behoort, bepaal te word. Laasgenoemde behoort konsekwent van tydperk tot tydperk vir dieselfde bate of tipes bates geïdentifiseer te word.

'n Waardedalingsverlies behoort vir 'n kontantgenererende eenheid erken te word indien die verhaalbare bedrag daarvan minder as die drabedrag is. Die volgorde van afskrywing is soos volg:

- skryf eerstens die klandisiewaarde af;
- skryf tweedens ander ontasbare bates af wat nie 'n aktiewe mark het nie; en
- verminder derdens die ander bates op 'n pro rata-grondslag.

Wanneer 'n waardedalingsverlies soos hierbo toegewys word, behoort die drabedrag van die bate nie laer as die hoogste van die volgende verlaag te word nie:

- die netto verkoopprys daarvan
- die gebruikswaarde daarvan
- nul.

Die waardedalingsverlies wat andersins aan die bate toegewys sou gewees het, behoort op 'n pro rata-grondslag aan die ander bates van die eenheid toegewys te word.

**Terugskrywing van 'n waardedalingsverlies**

'n Onderneming behoort op elke balansstaatdatum te bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige jare vir 'n bate erken is, dalk nie meer bestaan nie of dalk gedaal het. Dieselfde aanduidings as wat hierbo genoem is, word oorweeg, maar ten opsigte van die teenoorgestelde uitwerking daarvan.

'n Terugskrywing van 'n waardedalingsverlies vir 'n bate behoort onmiddellik as inkomste in die inkomstestaat erken te word, of as herwaardasieverhoging. Die verhoogde drabedrag van 'n bate behoort nie die drabedrag te oorskry wat bepaal sou gewees het indien geen waardedalingsverlies in vorige jare vir die bate erken is nie.

Na die terugskrywing van 'n waardedalingsverlies behoort die waardevermindering vir die bate aangesuiwer te word in toekomstige tydperke.

Kontantgenererende eenhede

'n Terugskrywing van 'n waardedalingsverlies vind plaas op die teenoorgestelde wyse en volgorde as wat met die afskrywing die geval was, met inagneming van die volgende verdere vereiste:

'n Waardedalingsverlies ten opsigte van klandisiewaarde behoort slegs teruggeskryf te word indien:

- die waardedalingsverlies veroorsaak was deur 'n spesifieke buitengewone gebeurtenis wat na verwagting nie weer sal plaasvind nie; en
- daaropvolgende eksterne gebeurtenisse plaasgevind het wat die uitwerking van daardie gebeurtenis omswaai.

### 2.16.3 Openbaarmaking (RE 128.114-.119)

Die volgende behoort vir elke klas bates openbaar te word in die finansiële state:

- die bedrag van waardedalingsverliese of -terugskrywings wat gedurende die tydperk in die inkomstestaat erken is, asook die lynitems waarby dit ingesluit is
- die bedrag van waardedalingsverliese of -terugskrywings wat gedurende die tydperk direk in ekwiteit erken is.

Indien bogenoemde wesenlik is, behoort 'n onderneming ook die volgende openbaar te maak:

- die gebeure en omstandighede wat daartoe gelei het
- vir 'n individuele bate:
  - die aard van die bate
  - die rapporteerbare segment waaraan die bate behoort
- vir 'n kontantgenererende eenheid:
  - 'n beskrywing van die eenheid
  - indien die samevoeging van bates vir die identifisering van die kontantgenererende eenheid verander het, die redes daarvoor
- of die verhaalbare bedrag die netto verkoopprys of die gebruikswaarde daarvan is:
  - indien dit die netto verkoopprys is, die grondslag waarvolgens dit bepaal is
  - indien dit die gebruikswaarde is, die diskontokoers wat gebruik is.

Indien waardedalingsverliese of - terugskrywings wat gedurende die tydperk erken is, in totaal wesenlik is, behoort 'n kort beskrywing van die volgende ingesluit te word:

Die hoofbateklasse, -gebeure en -omstandighede waarvoor geen inligting volgens die vorige paragraaf openbaar gemaak word nie.

### 2.16.4 Toepassing

As gevolg van die gespesialiseerde aard van die meeste bates van universiteite, bestaan daar nie 'n aktiewe mark daarvoor nie. Dit kan soms meebring dat dit nie moontlik is om die netto verkoopprys te bepaal nie omdat daar geen grondslag is vir die maak van 'n betroubare raming van die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte, bereidwillige partye nie. In so 'n geval kan die verhaalbare bedrag van die bate as sy gebruikswaarde aanvaar word.

Die gebruikswaarde word bepaal deur kontantvloeiprojeksies te maak van die verwagte kontantvloei, gegrond op redelike en staafbare aannames wat bestuur se beste raming verteenwoordig van die stel ekonomiese toestande wat oor die oorblywende nutsduur van die bate sal bestaan. Deur die toepaslike diskontokoers te gebruik word die huidige waarde verkry as die gebruikswaarde van die bate.

Die PU vir CHO meld in sy rekeningkundige beleid (aantekening 1.3.2 by die finansiële state soos uiteengesit in hoofstuk 4) die volgende:
Indien 'n bate se verhaalbare bedrag laer is as sy drawaarde, word die bate afgeskryf tot sy verhaalbare bedrag. Die gebruikswaarde van 'n bate word bereken deur die bate se verwagte toekomstige kontantvloei te verdiskonteer.

Aantekening 2 oor eiendom en toerusting toon die waardedalingsverliese aan vir elke klas bate-items asook die totaal vir die huidige en vorige jaar. Hierdie bedrae het ontstaan as gevolg van fisiese skade en veroudering. Veroudering ten opsigte van rekenaartoerusting was hoofsaaklik te wyte aan die Jaar-2000-probleem. Verder toon aantekening 19 ook die waardedalingsverliese wat as normale uitgawe verantwoord is.

## 2.17 RE 129: Ontasbare Bates

### 2.17.1 Agtergrond (RE 129.08-.52)

'n Ontasbare bate is, volgens Fourie (1999:RE 129), 'n identifiseerbare nie-monetêre bate sonder fisiese vorm wat gehou word vir gebruik in produksie of verskaffing van goedere of dienste, vir verhuring aan ander, of vir administratiewe doeleindes. Eie aan 'n bate, moet dit deur die onderneming beheer word en sal daar na verwagting ekonomiese voordele na die onderneming vloei.

'n Ontasbare bate behoort slegs erken te word indien:

- dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele wat aan die bate toeskryfbaar is, na die onderneming sal vloei en
- die kosprys van die bate betroubaar gemeet kan word.

SAIGR (1999:RE 129:1-40) toon die volgende aan:

**Afsonderlike verkryging**

Indien 'n ontasbare bate afsonderlik verkry word, kan die kosprys gewoonlik betroubaar gemeet word. Dit sluit nie-terugbetaalbare belastings en enige direk toeskryfbare uitgawes wat bestee word om die bate vir sy voorgenome gebruik voor te berei, in.

**Verkryging as deel van 'n besigheidsamevoeging**

In 'n besigheidsamevoeging wat 'n verkryging is, word die kosprys van daardie ontasbare bate op die billike markwaarde daarvan op die verkrygingsdatum gegrond.

**Intern gegenereerde klandisiewaarde en ontasbare bates**

Intern gegenereerde klandisiewaarde behoort nie as 'n ontasbare bate erken te word nie volgens RE 129. Intern gegenereerde klandisiewaarde word nie as 'n bate erken nie omdat dit nie 'n identifiseerbare bron is wat deur die onderneming beheer word en wat betroubaar teen kosprys gemeet kan word nie.

Om vas te stel of 'n intern gegenereerde ontasbare bate (klandisiewaarde uitgesluit) vir erkenning kwalifiseer, klassifiseer 'n onderneming die generering van die bate in:

- 'n navorsingsfase
- 'n ontwikkelingsfase.

Navorsing is oorspronklike en beplande ondersoeke wat onderneem word met die vooruitsig om nuwe wetenskaplike of tegniese kennis en begrip te bekom.

Geen ontasbare bate wat uit navorsing, of uit die navorsingsfase voortspruit, behoort as bate erken te word nie. Dit behoort as 'n uitgawe erken te word wanneer dit aangegaan word.

Ontwikkeling is die toepassing van navorsingsbevindings of ander kennis op 'n plan of ontwerp vir die produksie van nuwe of aansienlik beter materiale, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste voor die aanvang van kommersiële produksie of gebruik.

'n Ontasbare bate wat ontstaan uit die ontwikkeling, of uit die ontwikkelingsfase, behoort as bate erken te word indien al die volgende bewys kan word:

- die tegniese uitvoerbaarheid van die voltooiing van die ontasbare bate
- voorneme om die tasbare bate te voltooi
- vermoë om dit te gebruik of te verkoop
- hoe die ontasbare bate waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer
- die beskikbaarheid van toereikende middele om die ontwikkeling af te handel
- die vermoë om die uitgawe toeskryfbaar aan die ontasbare bate betroubaar te meet.

Let daarop dat intern gegenereerde handelsmerke, gewelname ("mastheads") van koerante, publikasietitels, klantlyste en items van soortgelyke aard nie as ontasbare bates erken behoort te word nie volgens RE 129.

### 2.17.2 Rekeningkundige hantering (RE 129.57-.100)

**Aanvanklike erkenning**

Uitgawes aan 'n ontasbare bate behoort as 'n uitgawe erken te word wanneer dit aangegaan word, behalwe as:

- dit deel vorm van die kosprys van 'n ontasbare bate (volgens die erkenningsmaatstawwe) of
- die item verkry is in 'n besigheidsamevoeging wat 'n verkryging is (word hanteer as klandisiewaarde).

Uitgawes aan 'n ontasbare bate wat voorheen as uitgawe erken is, behoort nie op 'n latere stadium as deel van die kosprys van die bate erken te word nie.

**Latere uitgawes**

Latere uitgawes aan 'n ontasbare bate behoort as 'n uitgawe erken te word wanneer dit aangegaan word, behalwe as:

- dit waarskynlik is dat dit die bate se oorspronklik geëvalueerde prestasiestandaard sal verhoog en
- hierdie uitgawe betroubaar gemeet kan word.

Normbehandeling

Na aanvanklike erkenning behoort 'n ontasbare bate teen die kosprys daarvan minus enige opgelope amortisasie en enige opgelope waardedalingsverliese erken te word.

Toegelate alternatiewe behandeling

Na aanvanklike erkenning behoort 'n ontasbare bate teen 'n gewaardeerde bedrag erken te word, dit wil sê die billike waarde (in 'n aktiewe mark) op herwaardasiedatum, minus enige latere opgelope amortisasie en waardedalingsverliese.

Waar 'n ontasbare bate herwaardeer word, behoort al die ander bates in sy klas ook herwaardeer te word, tensy daar geen aktiewe mark vir daardie bates is nie.

**Amortisasie**

Die afskryfbare bedrag van 'n ontasbare bate behoort op 'n sistematiese wyse oor die beste raming van sy nuttige lewensduur toegewys te word.

Normaalweg sal die nutsduur van 'n ontasbare bate nie twintig jaar vanaf die datum waarop die bate vir gebruik beskikbaar is, oorskry nie. In uitsonderingsgevalle moet daar oortuigende bewyse voor aangetoon word.

Die reswaarde van 'n ontasbare bate sal normaalweg as nul geneem word, tensy:

- 'n derde party hom daartoe verbind het om dit aan die einde van sy nutsduur te koop of
- daar 'n aktiewe mark vir die bate is.

Die amortisasiemetode en -tydperk behoort op elke balansstaatdatum hersien te word. Veranderings behoort as veranderings in rekeningkundige ramings verantwoord te word deur die amortisasiekoste vir die lopende en toekomstige tydperke aan te pas.

Die standpunt oor waardedaling van bates moet ook toegepas word om te bepaal of 'n ontasbare bate verswak het.

### 2.17.3 Openbaarmaking (RE 129.108-.117)

Die volgende behoort in die finansiële state geopenbaar te word vir elke klas van ontasbare bates met onderskeid tussen intern gegenereerde en ander ontasbare bates:

- die amortisasiekoerse of nutsdure wat gebruik is
- die amortisasiemetode wat gebruik is
- die bruto drabedrag en die opgelope amortisasie (met inbegrip van opgelope waardedalingsverliese) aan die begin en einde van die tydperk
- 'n rekonsiliasie van die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk
- indien 'n ontasbare bate oor meer as twintig jaar geamortiseer word, die redes daarvoor
- 'n beskrywing, die drabedrag en oorblywende amortisasietydperk van enige individuele ontasbare bate wat vir die finansiële state van die onderneming in die geheel wesenlik is
- besonderhede van ontasbare bates wat verkry is by wyse van 'n regeringstoekenning
- besonderhede van ontasbare bates wat as sekuriteit verpand is
- die bedrag van verpligtinge vir die verkryging van ontasbare bates.

Waar die ontasbare bates teen herwaardeerde bedrae gedra word, behoort die volgende openbaar te word:

- vir elke klas van ontasbare bate:
  - effektiewe datum van herwaardasie
  - drabedrag
  - drabedrag indien die ontasbare bates volgens die normbehandeling gedra was
- die herwaardasiesurplus aan die begin en die einde van die tydperk, met 'n aanduiding van die veranderings gedurende die tydperk en enige beperkings op die uitkering van die saldo aan aandeelhouers
- die gedeelte van die amortisasie wat met die herwaardasie verband hou.

Die totale bedrag van navorsings- en ontwikkelingsuitgawes wat gedurende die tydperk as uitgawe erken is, behoort in die finansiële state geopenbaar te word.

### 2.17.4 Oorgangsbepalings (RE 129.122 & .123)

Die uitwerking van die aanvaarding van hierdie standpunt op sy inwerkingstredingsdatum behoort as 'n aansuiwering van die openingsaldo van behoue inkomste erken te word. Die standpunt verskaf verder ook 'n reeks oorgangsbepalings wat toegepas behoort te word.

### 2.17.5 Toepassing

Hierdie standpunt behoort deur alle ondernemings – dit wil sê universiteite ook – in die verantwoording van ontasbare bates toegepas te word.

Sover vasgestel kon word, besit die PU vir CHO tans nie enige ontasbare bates wat aan die erkenningsmaatstawwe voldoen nie.

Daar is egter 'n wye verskeidenheid navorsingsaktiwiteite wat plaasvind ter generering van nuwe wetenskaplike of tegniese kennis. Hierdie uitgawes word in ooreenstemming met die bepalings van die standpunt (RE 129.41-.56) as uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

Die PU vir CHO meld in sy rekeningkundige beleid (aantekening 1.13 by die finansiële state in hoofstuk 4) dat:

- navorsingskoste afgeskryf word in die jaar waarin dit aangegaan word;
- ontwikkelingskoste wat inherent is aan die gewone bedrywighede van 'n universiteit, slegs gekapitaliseer word wanneer die ontasbare bate waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer. Ontwikkelingskoste wat oorspronklik as uitgawe erken is, word nie in volgende tydperke gekapitaliseer nie. Ontwikkelingskoste wat gekapitaliseer word, word gedepresieer vanaf die datum wat die kommersiële produksie daarvan in aanvang neem. Waardevermindering word afgeskryf op die reguitlynmetode oor die verwagte tydperk wat ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei.

Die betrokke navorsings- en ontwikkelingskoste wat as uitgawe in die inkomstestaat verantwoord word, word apart aangetoon in aantekening 19 met betrekking tot bedryfskoste.

Daar moet gelet word dat bogenoemde navorsings- en ontwikkelingskoste slegs dit insluit wat deur die universiteit tot sy eie voordeel aangepak word. Dit sluit dus nie navorsings- en ontwikkelingskoste in wat vir derde partye gedoen word nie.

## 2.18 RE 130: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates

Van Wyk (1999:17-18) bespreek hierdie standpunt soos volg:

### 2.18.1 **Definisies** (RE 130.11)

'n Las (aanspreeklikheid) is 'n huidige verpligting, voortspruitend uit gebeure van die verlede waarvan die nakoming daarvan sal lei tot die uitvloei van hulpbronne.

'n Verpligting kan spruit uit 'n kontrak of die toepassing van wetgewing (regtens) of dit kan ook afgelei (konstruktief) wees, as gevolg van:

- 'n gevestigde patroon van vorige praktyk
- 'n geldige verwagting wat geskep is
- gepubliseerde beleid
- vestiging teenoor verwante partye.

'n Voorsiening is 'n aanspreeklikheid waarvan die tydsberekening en bedrag onseker is.

'n Voorwaardelike aanspreeklikheid is 'n moontlike las, wat ontstaan uit gebeure in die verlede en afhang van onsekere toekomstige gebeure wat buite die beheer is van die onderneming. Dit kan ook 'n las wees waarvan die bedrag nie betroubaar gemeet kan word nie.

'n Beswarende kontrak is 'n bindende ongunstige kontrak waarvan die onafwendbare koste meer is as die verwagte ekonomiese voordele.

'n Herstrukturering is 'n program wat beplan is vir wesenlike veranderinge in die omvang en bedryf van die besigheid.

### 2.18.2 **Erkenning** (RE 130.15-.36)

**Voorsienings**

'n Voorsiening behoort erken te word wanneer die onderneming 'n huidige wettige of konstruktiewe verpligting het wat voortspruit uit gebeure in die verlede, wat 'n waarskynlike uitvloei van hulpbronne sal meebring en waarvan die bedrag betroubaar gemeet kan word.

**Voorwaardelike aanspreeklikhede of bates**


'n Onderneming behoort nie 'n voorwaardelike aanspreeklikheid of bate te erken nie. Daar is egter sekere openbaarmakingsvereistes wat nagekom moet word.

Op bladsy 66 is 'n besluitnemingsdiagram wat 'n opsomming gee van die hooferkenningsmaatstawwe met betrekking tot voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede.

### 2.18.3 Meting van 'n voorsiening (RE 130.37-.59)

Volgens Van Wyk (1999:19-21) behoort die bedrag wat as 'n voorsiening erken word, die beste raming te wees op balansstaatdatum, met inbegrip van risiko's en onsekerhede. Waar die uitwerking van die tydswaarde van geld wesenlik is, behoort die huidige waarde gebruik te word. Indien daar terugbetalings deur 'n ander party verwag word, behoort dit slegs erken te word indien dit feitlik seker is dat die terugbetaling ontvang sal word (laasgenoemde behoort as 'n afsonderlike bate behandel te word).

**Besluitnemingsdiagram**




SAIGR (1999:RE 130:28)

### 2.18.4 Ander bepalings (RE 130.60-.81)

- 'n Voorsiening behoort slegs gebruik te word vir die oorspronklike doel.
- Voorsienings behoort ten minste op elke balansstaatdatum hersien te word.
- Voorsienings behoort nie vir toekomstige bedryfsverliese erken te word nie.
- Ten opsigte van bindende ongunstige (beswarende) kontrakte moet toekomstige verliese erken word.

**Herstrukturering**

'n Konstruktiewe (afgeleide) verpligting word voorsien wanneer 'n onderneming:

- 'n formele plan vir die herstrukturering het en
- by diegene wat geraak word 'n redelike verwagting (aankondiging) geskep het dat die herstrukturering uitgevoer gaan word.

Geen verpligting ontstaan vir die verkoop van 'n bedrywigheid totdat daar 'n bindende verkoopsooreenkoms is nie.

'n Voorsiening vir herstrukturering behoort slegs direkte of verwante uitgawes in te sluit, naamlik die wat beide:

- noodsaaklik is vir herstrukturering
- nie met die voortgesette aktiwiteite van die onderneming verband hou nie.

### 2.18.5 Openbaarmaking (RE 130.85-.92)

Vir elke klas voorsiening, behoort 'n onderneming die volgende openbaar te maak:

- beskrywing en aard
- onsekerhede oor kontantvloei
- belangrikste aannames wat gemaak is
- tydsberekenings van kontantvloei
- drabedrag aan die begin en einde van die tydperk
- bewegings gedurende die jaar met betrekking tot verdere voorsienings of ongebruikte voorsienings teruggeskryf
- enige verhaling verreken of bate wat erken is.

Waar dit onprakties is om bogenoemde te openbaar, moet daardie feit vermeld word. Alle feite behoort geopenbaar te word indien die bedrag nie geraam kan word nie.

Vir elke klas voorwaardelike aanspreeklikheid, behoort 'n onderneming die volgende openbaar te maak:

- beskrywing en aard
- raming van die finansiële uitwerking daarvan

- onsekerhede wat met die bedrag of tydsberekening van enige uitvloei verband hou
- moontlike eise of terugbetalings deur derde partye.

Bogenoemde is nie nodig as die waarskynlikheid van uitvloei laag is nie.

Vir voorwaardelike bates behoort die volgende geopenbaar te word:

- beskrywing en aard
- raming van die finansiële uitwerking daarvan.

Bogenoemde is slegs nodig indien 'n invloei van ekonomiese voordele hoogs waarskynlik is.

Volgens SAIGR (1999:RE 130:23) behoort die uitwerking van die aanvaarding van hierdie standpunt verantwoord te word as 'n aansuiwering aan die beginsaldo van behoue verdienste vir die tydperk waarin die standpunt vir die eerste keer aanvaar word. Verder is dit ook verkieslik dat die beginsaldo van die vorige periode aangesuiwer word en om die vergelykende inligting weer saam te stel.

### 2.18.6 Toepassing

Finansiële state handel oor die finansiële stand van 'n onderneming aan die einde van sy verslagdoeningstydperk en nie oor sy moontlike stand in die toekoms nie. Volgens die standpunt word slegs daardie verpligtings wat spruit uit vorige gebeure as voorsienings erken. Moontlike verpligtings (voorwaardelike aanspreeklikhede) word by wyse van aantekening openbaar.

Hierdie standpunt behoort deur alle ondernemings toegepas te word en sal gevolglik net so deur universiteite toegepas word.

Die PU vir CHO meld die volgende in ooreenstemming met AARP in sy rekeningkundige beleid ten opsigte van voorsienings in aantekening 1.10 by die finansiële state in hoofstuk 4:
Voorsienings word gemaak vir items waarvan die bedrae betroubaar gemeet kan word en daar 'n verpligting op die Universiteit berus, voortspruitend uit gebeure in die verlede, waarvan die nakoming daarvan sal lei tot die uitvloei van hulpbronne.
<u>Opgehoopte verlof</u>
Voorsiening word in gevolge diensregulasies gemaak vir verlof wat reeds aan personeellede toegeval het maar wat nog nie geneem is nie ten opsigte van dienste deur hulle gelewer. Dit word bereken soos uiteengesit in die diensregulasies en sluit jaarlikse sowel as opgehoopte verlof in.

Voorsienings word apart in die balansstaat getoon onder bedryfslaste en by wyse van aantekening 14 verder geopenbaar.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word in aantekening 26 soos volg vermeld:

Daar bestaan voorwaardelike aanspreeklikhede as borg en mede-hoofskuldenaar teenoor finansiële instellings ten opsigte van studentelenings, welke bedrag op 31 Desember 1999 R1 150 500 (1998: R1 624 100) beloop het. Daar word nie verwag dat dit 'n wesenlike las vir die Universiteit tot gevolg sal hê nie.

## 2.19 RE 406: Interpretasie van standpunte oor AARP: Koste verbonde aan modifikasie van bestaande sagteware

### 2.19.1 Aanbeveling (AC 406.04-.07)

Die koste wat aangegaan word vir die herstel of instandhouding van die toekomstige ekonomiese voordele, wat 'n onderneming van die oorspronklik beoordeelde prestasiestandaard van bestaande sagteware kan verwag, moet as 'n uitgawe erken word namate die werk uitgevoer word (veral kostes sodat sagtewarestelsels na die eeuwending steeds na behore sal funksioneer). 'n Las sal slegs ontstaan wanneer die werk reeds gedoen is.

Verder, in ooreenstemming met RE 000 en RE 123, vind kapitalisering van latere kostes slegs plaas indien:

- dit waarskynlik is dat daardie koste die sagteware in staat stel om spesifiek toeskryfbare ekonomiese voordele te genereer wat beter is as die oorspronklik beoordeelde prestasiestandaard en
- daardie koste betroubaar gemeet en aan die bate toegeskryf kan word.

### 2.19.2 Openbaarmaking (AC 406.05)

Ondernemings word aangemoedig om, buiten die finansiële state, ook inligting aan te bied oor die belangrikste onsekerhede soos byvoorbeeld uitgawes en aktiwiteite met betrekking tot beduidende modifikasies van sagteware vir die eeuwending. (Vergelyk SAIGR, 1999:RE 406:1-2.)

### 2.19.3 Toepassing

Inligtingstegnologie het onontbeerlik geword vir die bestuur en bedryf van universiteite. Universiteite is daarom genoodsaak om op die voorpunt van die snel veranderde wêreld van inligtingstegnologie te bly deur voortdurend nuwe behoeftes aan te spreek en te verseker dat rekenaarsagteware in pas bly daarmee.

Die PU vir CHO meld die volgende in sy rekeningkundige beleid, soos vervat in aantekening 1.15, ten opsigte van rekenaarprogrammatuur (finansiële state in hoofstuk 4):

Die koste wat aangegaan word vir die deurlopende ontwikkeling, herstel of instandhouding van rekenaarprogrammatuur word as uitgawe erken namate die werk uitgevoer word. Dit sluit ook kostes in wat aangegaan moes word om die sagtewarestelsels gereed te kry vir die jaar 2000. Kapitalisering van kostes vind slegs plaas indien:

- daardie koste betroubaar gemeet kan word en
- dit waarskynlik is dat daardie koste die sagteware in staat stel om spesifiek toeskryfbare ekonomiese voordele in toekomstige finansiële tydperke te lewer.

Aantekening 19 toon die bedrag wat as normale uitgawe verantwoord is. Daar word ook verdere inligting in die verband in die verslag van die Universiteitsraad verskaf.

## 2.20 GK 131: Rekeningkundige hantering van staatstoekennings en die openbaarmaking van staatsondersteuning

Uit SAIGR (1999:GK 131:1-9) blyk die volgende:

### 2.20.1 Erkenning en meting (ED 131.07-.38)

Staatstoekennings, insluitende nie-monetêre toekennings teen redelike waarde, moet eers erken word wanneer dit redelik seker is dat:

- die onderneming die voorwaardes verbonde aan die toekenning sal nakom en
- die toekenning ontvang sal word.

Staatstoekennings behoort as inkomste erken te word oor die tydperke wat benodig word om dit op 'n sistematiese wyse te paar met die verwante uitgawes waarvoor die toekenning gemaak is. Dit behoort nie direk teen aandeelhouersbelang gekrediteer te word nie.

**Toekennings ten opsigte van bates**

Waar staatstoekennings gemaak word met betrekking tot bates is daar twee metodes om dit te verantwoord, naamlik:

- die toekenning word as uitgestelde inkomste hanteer wat op 'n sistematiese wyse erken word as inkomste oor die nuttige lewensduur van die bate; of
- die toekenning word afgetrek om die drawaarde van die bate te verkry - dit bring ook mee dat die toekenning as inkomste erken word oor die nuttige lewensduur van die bate deurdat dit 'n verlaagde waardeverminderingsuitgawe veroorsaak. Hierdie metode word verkies wanneer die nuttige lewensduur van sekere bates (byvoorbeeld geboue) moeilik bepaalbaar is.

**Toekennings ten opsigte van inkomste**

Waar staatstoekennings gemaak word met betrekking tot inkomste is daar ook twee metodes om dit te verantwoord, naamlik:

- as krediet in die inkomstestaat, apart of onder 'n algemene opskrif
- as 'n vermindering van die betrokke uitgawe waarvoor die toekenning bedoel is.

**Terugbetaling van staatstoekennings**

'n Staatstoekenning wat terugbetaalbaar word, moet verantwoord word as 'n verandering in rekeningkundige raming.

Terugbetaling: toekennings ten opsigte van inkomste

Die terugbetaling geskied eerstens teen die uitgestelde inkomste en die res word onmiddellik as uitgawe erken.

Terugbetaling: toekennings ten opsigte van bates

Die terugbetaling geskied teen die uitgestelde inkomste of die drabedrag van die bate. Die addisionele waardevermindering (asof hierdie toekenning nooit ontvang was nie) word onmiddellik as uitgawe erken.

**Staatsondersteuning**

Die volgende is uitgesluit uit die definisie van staatstoekennings, naamlik:

- sekere vorms van ondersteuning waarop daar moeilik 'n waarde geplaas kan word, byvoorbeeld die verskaffing van gratis tegniese advies of die verskaffing van waarborge
- sekere transaksies wat nie onderskei kan word van die normale bedryfsaktiwiteite nie, byvoorbeeld staatsaankope wat vir 'n gedeelte van die onderneming se inkomste verantwoordelik is.

### 2.20.2 Openbaarmaking (ED 131.39)

Die volgende behoort verstrek te word in die finansiële state van die onderneming:

- die rekeningkundige beleid en metode wat aanvaar is vir die erkenning van staatstoekennings
- die aard en omvang van staatstoekennings wat in die finansiële state erken is
- die aard, omvang en tydsduur van ander vorme van staatsondersteuning
- voorwaardes wat die onderneming nog moet nakom in die verband.

### 2.20.3 Toepassing

GK 131 behoort deur universiteite toegepas te word aangesien staatstoekennings 'n wesenlike deel vorm van hul inkomste.

Wat die finansiële state van die PU vir CHO (uiteengesit in hoofstuk 4) betref, word daar voldoen aan al bogenoemde bepalings.

Die rekeningkundige beleid in aantekening 1.12.1 bepaal die volgende:

Staatsubsidies word as inkomste erken oor die tydperke wat benodig word om die inkomste op 'n sistematiese wyse te paar met die verwante uitgawes waarvoor dit bestem is. Staatsubsidies vir die verkryging van eiendom en toerusting word aanvanklik as uitgestelde inkomste hanteer. Die toekenning word dan, op datum van verkryging van die bate, afgetrek by die bepaling van die drawaarde van die betrokke bate.

Staatsubsidie ontvang word as aparte lynitem in die inkomstestaat getoon en verder uiteengesit in aantekening 17. Die gepaardgaande las (uitgestelde inkomste - kapitaalsubsidie) word getoon as nie-bedryfslas in die balansstaat en uiteengesit in aantekeninge 2 en 12. Vervolgens word dit ook hanteer as 'n finansieringsaktiwiteit in die kontantvloeistaat.

## 2.21 GK RE 408: Voorgestelde interpretasie van standpunte oor AARP: Eerste aanwending van standpunte oor AARP as die primêre basis van rekeningkundige verantwoording

Hierdie voorgestelde interpretasie van standpunte word deur SAIGR (1999:GK RE 408:1-4) soos volg bespreek:

### 2.21.1 Aanbeveling (ED AC 408.03-.06)

Die finansiële state van 'n onderneming moet, vir die tydperk waarin daar vir die eerste keer volledig aan standpunte oor AARP voldoen word, so opgestel word asof dit altyd in die verlede in ooreenstemming met die standpunte en interpretasies van AARP gedoen is. Die standpunte en interpretasies wat geld vir daardie rekeningkundige tydperk moet dus terugwerkend toegepas word, behalwe as:

- individuele standpunte of interpretasies ander oorgangsmaatreëls vereis of toelaat of
- die bedrag van die aansuiwering met betrekking tot vorige tydperke nie betroubaar bepaal kan word nie.

Vergelykende syfers moet ook saamgestel word in ooreenstemming met standpunte oor AARP. Enige aansuiwering wat spruit uit die oorgang na standpunte oor AARP moet (waar prakties moontlik) hanteer word as 'n aansuiwering teen die openingsaldo van behoue inkomste vir die vroegste tydperk wat aangetoon word.

### 2.21.2 Openbaarmaking (ED AC 408.07)

'n Onderneming moet die volgende openbaar in die tydperk waarin daar vir die eerste keer volledig aan die standpunte oor AARP voldoen word:

- in geval waar die bedrag van die aansuiwering met betrekking tot vorige tydperke nie betroubaar bepaal kan word nie, daardie feit
- in geval waar dit onprakties is om vergelykende syfers te verskaf, daardie feit en
- vir elke standpunt oor AARP wat 'n keuse van oorgangsmaatreëls verskaf, die rekeningkundige beleid wat gekies is.

### 2.21.3 Toepassing

Ingevolge artikel 41(3) van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) en die vereistes van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite (Wet No. 93 van 1992, soos gewysig) is universiteite verplig om finansiële jaarstate vanaf die 1999-boekjaar aan die Departement van Onderwys voor te lê, wat voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

Die finansiële jaarstate van die PU vir CHO, soos uiteengesit in hoofstuk 4, voldoen aan die vereistes van bogenoemde wette. Die rekeningkundige beleid word in aantekening 1 by die finansiële state vermeld. In aantekening 1.1 word daar dan ook spesifiek na AARP verwys en wel soos volg:
Die finansiële jaarstate is opgestel op die historiese kostegrondslag, en voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) en Bylae 4 van die Maatskappywet (Wet No. 61 van 1973, soos gewysig) sover dit van toepassing mag wees op universiteite. Die volgende standpunte wat eers op 1 Januarie 2000 in werking tree, is reeds geïnkorporeer:

RE 123: Eiendom, aanleg en toerusting (hersiene weergawe)
RE 128: Waardedaling van bates
RE 129: Ontasbare bates
RE 130: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates.

Verdere verwysing na AARP in die finansiële state vind plaas in die:

- Verklaring oor Korporatiewe Beheer
- Goedkeuring van Finansiële Jaarstate
- Verslag van die Onafhanklike Ouditeure
- Verslag van die Universiteitsraad.

## 2.22 Gevolgtrekking

Volgens SANSO-voorskrifte word:

- transaksies hoofsaaklik op die kontantbasis geboekstaaf
- geen waardevermindering op vaste bates afgeskryf nie
- geen voorsienings geskep nie
- reserweverrekening gedoen
- finansiële state opgestel in 'n statistiese formaat wat nie wyd bekend is nie.

Volgens AARP is daar egter spesifieke vereistes vir die hantering van bogenoemde en ook met betrekking tot die formaat en inhoud van die finansiële state. Enkele van die belangrikste implementeringsaangeleenthede is die volgende:

- definiëring van toepaslike rekeningkundige beleid
- hantering van vaste batetransaksies en die afskrywing van waardevermindering
- skep van toepaslike voorsienings
- voldoening aan AARP in terme van rekeningkundige hantering (aanpassing van die finansiële inligtingstelsel) en openbaarmakingsvereistes.

Dit blyk baie duidelik dat standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met groot vrug deur universiteite gebruik kan word en dat dit voorwaar waarde toevoeg in die vorm van verbeterde en eenvormige finansiële state. As gevolg van die generiese aard van die meeste standpunte het hulle net so betrekking op universiteite en is die toepassing daarvan ook moontlik in die universiteitswese soos telkens aangedui in hoofstuk 2. Deur voldoening aan AARP is die finansiële state van universiteite meer verstaanbaar en vergelykbaar vir die algemene publiek en belanghebbendes - deurdat dit volgens die algemene verslagdoeningsformaat vir maatskappye en handelsondernemings opgestel is.

# HOOFSTUK 3

## BYLAE 4 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 1973 (WET NO. 61 VAN 1973 SOOS GEWYSIG): VEREISTES VIR FINANSIëLE JAARSTATE, TUSSENTYDSE VERSLAE EN VOORLOPIGE FINANSIëLE JAARSTATE

### 3.1 Agtergrond

Die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite No. 93 van 1992 soos gewysig deur Wet No. 30 van 1997 bepaal onder andere die volgende in artikel 6(4):

> Die finansiële jaarstate in subartikel (1) vermeld, moet ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk die finansiële prestasie en veranderinge in die finansiële posisie van die entiteit gedurende die betrokke boekjaar en die finansiële posisie van die entiteit aan die einde van die betrokke boekjaar redelik weergee en moet -
>
> (a) vir daardie doel ooreenstem met en ten minste insluit die aangeleenthede voorgeskryf deur ***Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, vir sover dit toepaslik is***, en
>
> (b) voldoen aan die ander verslagdoeningsvereistes wat voorgeskryf mag word.

Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, verskaf 'n uiteensetting van die openbaarmakingsvereistes met die oorkoepelende voorskrif van redelike weergawe. Dit dui die aspekte aan wat openbaar moet word indien wesenlik - dit impliseer slegs items en bedrae wat wesenlik is vir begrip van die finansiële state en wat wesenlik genoeg is om evaluerings of besluite te beïnvloed van gebruikers van die finansiële state. Wesenlik dui op enigiets betekenisvol met betrekking tot die omstandighede van toepassing op elke maatskappy (Cilliers et al., 1996:6-8). Dit is dan ook die aspek van wesenlikheid wat vir universiteite die verdere geleentheid bied om aan die bepalings van Bylae 4 te voldoen, sover dit toepaslik is. Verder kan en moet enige wesenlike items wat addisioneel by universiteite voorkom, openbaar word - volgens die vereiste van redelike weergawe.

Bylae 4 geld bykomend tot die vereistes neergelê in die Maatskappywet, 1973, en die openbaarmakingsvereistes moet nagekom word met betrekking tot alle wesenlike items. Volgens Cilliers et al. (1977:20) is die doel daarvan om as openbaarmakingsbeginsel alle voorgeskrewe inligting te openbaar om die gebruikers van die finansiële state in staat te stel om die finansiële stand, prestasie en veranderinge in finansiële stand self te kan beoordeel ten einde besluite te kan neem.

Inligting wat volgens voorskrif van Bylae 4 in 'n balansstaat of inkomstestaat vermeld moet word, kan in die vorm van 'n aantekening of 'n aanhangsel daarby gegee word as so 'n aanbieding doeltreffender of geriefliker sal wees. Die meeste aangeleenthede wat in Bylae 4 vervat is, is op universiteite van

toepassing. Daar is egter sekere aangeleenthede wat nie van toepassing is nie as gevolg van die ondernemingsvorm en die aard van universiteite se bedrywighede, byvoorbeeld:

- aandelekapitaal en aandele – vervang deur opgehoopte fondse
- dividende – word nie betaal nie want daar is geen besitters nie
- belasting en uitgestelde belasting – universiteite is volgens die Inkomstebelastingwet nie belastingpligtig nie.

Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, sit die openbaarmakingsvereistes vir finansiële verslagdoening in vier gedeeltes uiteen, naamlik:

- Deel I: bevat algemene vereistes met betrekking tot rekeningkundige begrippe en beleid en spesifieke vereistes met betrekking tot die balansstaat, inkomstestaat en kontantvloeistaat.
  Hierdie vereistes is grotendeels ook op universiteite van toepassing en is net so nagevolg in die opstel van die model stel finansiële jaarstate van die PU vir CHO soos uiteengesit in hoofstuk 4.
- Deel II: bevat vereistes met betrekking tot groeps- finansiële jaarstate.
  Omdat die PU vir CHO nie as moedermaatskappy vir 'n groep ondernemings optree nie, word daar nie groeps- finansiële jaarstate opgestel nie.
- Deel III: bevat vereistes met betrekking tot die direkteursverslag.
  'n Verslag van die Universiteitsraad word opgestel in die plek van die direkteursverslag - soos in punt 3.2 hieronder verduidelik.
- Deel IV: bevat vereistes met betrekking tot die tussentydse verslag en voorlopige finansiële jaarstate.
  Die PU vir CHO stel ook 'n volledige stel finansiële state op vir tussentydse periodes wat gevolglik meer inligting bevat as die minimum volgens deel IV.

Die vernaamste bepalings van Bylae 4, soos spesifiek van toepassing op die PU vir CHO (naamlik deel I en deel III hierbo), word uiteengesit in bylaag C.

Bron: Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973, soos gewysig).

## 3.2 Toepassing

Bogenoemde bepalings geld vir maatskappye, maar is ook toepaslik op universiteite alhoewel laasgenoemde 'n ander ondernemingsvorm is.

### Aandelekapitaal en aandele

By universiteite is daar nie sprake van aandelekapitaal nie, maar wel van opgehoopte fondse en reserwes. As ekwiteit verteenwoordig dit die oorblywende belang in bates van die universiteit nadat al die laste afgetrek is. By universiteite verteenwoordig dit nie 'n waardebelang wat direk of indirek in 'n bepaalde natuurlike persoon of persone vestig nie, aangesien daar nie privaat eienaars is nie. Dit dien egter steeds as waarborgfonds vir krediteure hoewel aanspreeklikheid ook beperk is soos by 'n

maatskappy. Beheer en aanspreeklikheid word gereguleer deur artikels 25 en 27 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997.

Volgens artikel 8 van die Private Wet van die PU vir CHO (Wet No. 80 van 1993) oefen die Universiteitsraad beheer uit oor die Universiteit ingevolge artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997). Daarvolgens is fondse nie uitkeerbaar nie maar slegs aanwendbaar ter vervulling van die Universiteit se Missie en Taakstelling. Artikel 25 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, stel dat die Minister van Onderwys by die sluiting van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys volle handelsbevoegdheid het oor enige bates wat oorbly na die betaling van alle laste. Bogenoemde bevestig inderdaad dat dit die kenmerke van ekwiteit het met betrekking tot permanentheid en as waarborgfonds vir krediteure. Die openbaarmaking van opgehoopte fondse by universiteite word dus soortgelyk hanteer as reserwes in terme van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, omdat laasgenoemde dieselfde karakter het.

**Raad van direkteure**

Die beheerliggaam van 'n universiteit is die Universiteitsraad. Die Universiteitsraad word ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, soos volg saamgestel (ten minste 60 persent van hierdie lede mag nie in diens wees van, of studente wees by die betrokke inrigting nie):

- die hoof
- die adjunkhoof(de)
- hoogstens vyf persone aangestel deur die Minister van Onderwys
- lede van die Senaat verkies deur die Senaat
- akademiese werknemers van die Universiteit
- studente van die Universiteit
- nie akademiese werknemers van die Universiteit
- addisionele persone soos deur die Statuut van die Universiteit bepaal.

Die Raad bestuur en beheer die Universiteit ingevolge artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997), artikel 8 van die Private Wet en die Statuut van die PU vir CHO. Magte en pligte van die Raad behels onder andere die volgende volgens die Private Wet van die Universiteit:

- beheer al die eiendom van die Universiteit
- doen personeelaanstellings
- stel universiteitsgelde vas.

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, moet die Raad rekords hou en inligting verstrek. Artikel 41 bepaal die volgende:

(1) Die Raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet op die wyse deur die Minister bepaal -

(a) rekords hou van al sy verrigtinge; en

(b) volledige verrekeningsrekords hou van alle bates, laste, inkomste en uitgawes en enige ander finansiële transaksies van die openbare inrigting vir hoër onderwys as 'n geheel, van sy substrukture en van ander liggame wat onder beskerming van die inrigting funksioneer.

(2) Die Raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet, ten opsigte van die vorige jaar en teen die datum of datums en op die wyse deur die Minister bepaal, die Minister voorsien van -

(a) 'n verslag oor die algehele beheer van die openbare inrigting vir hoër onderwys;

(b) 'n behoorlik geouditeerde staat van inkomste en uitgawes; en

(c) 'n balansstaat en kontantvloeistaat;

(3) Die Raad van 'n openbare inrigting vir hoër onderwys moet die Minister voorsien van -

(a) die inligting wat ingevolge die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992 (Wet No. 93 van 1992), verstrek moet word; en

(b) die bykomende inligting wat die Minister redelikerwys vereis.

Uit bogenoemde blyk dit dat die lede van die Universiteitsraad bykans dieselfde rol vervul as die direkteure van 'n maatskappy. Waar daar dus na 'n direkteur verwys word, is dit van toepassing op 'n raadslid van 'n universiteit en sodoende dien die verslag van die Universiteitsraad as direkteursverslag. Sekere aspekte is egter nie van toepassing nie, byvoorbeeld aandele en dividende (soos reeds in punt 3.1 hierbo genoem).

**Verdere bepalings wat van toepassing is – bylaag C**

Die bepalings soos vervat in bylaag C is spesifiek van toepassing op die PU vir CHO en die finansiële jaarstate (hoofstuk 4) is dan ook met inagneming daarvan opgestel.

Finansiële state in hierdie formaat en inhoud is vanweë die algemene aanvaarbaarheid aan die deursnee gebruiker meer bekend omdat dit ooreenstem met die algemene verslagdoeningsformaat. Die doel is dan ook om voldoende inligting in die finansiële jaarstate te openbaar (verantwoording te doen) om die gebruiker daarvan in staat te stel om 'n behoorlike evaluering van die betrokke instansie te kan maak.

Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Universiteitsraad. Die Raad moet dus toesien dat daar behoorlike rekeningkundige rekords bestaan en dat die state volgens voorskrif opgestel word sodat daar behoorlik verantwoording gedoen kan word op 'n wyse wat waarde toevoeg.

## 3.3 Gevolgtrekking

As gevolg van die generiese aard van die bepalings van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, is die meeste daarvan net so van toepassing op universiteite. Daar bestaan dus geen twyfel oor die toepassing daarvan nie en is die wetsvereistes duidelik.

Soos reeds aangetoon vervul die Universiteitsraad bykans dieselfde rol as die Direksie van 'n maatskappy. Dit hou ten slotte in dat die Universiteitsraad ook moet verseker dat goeie korporatiewe beheer toegepas word. Die Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag soos uiteengesit in die

King-verslag voorsien 'n stel beginsels wat as integrale deel van goeie korporatiewe beheer aanbeveel word (word nie statutêr vereis nie).

In die publikasie "Die King-verslag oor Korporatiewe Beheer" van die Instituut van Direkteure in Suider-Afrika (1994:33-34) word die volgende aangeleenthede aangedui waaroor die Direksie (Universiteitsraad) in hul jaarverslag verslag behoort te doen:

- die direkteure se verantwoordelikheid om finansiële jaarstate op te stel wat 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die maatskappy soos aan die einde van die finansiële jaar, met inbegrip van die wins of verlies vir daardie tydperk
- dat die ouditeure vir verslagdoening oor die finansiële sate verantwoordelik is
- dat voldoende rekeningkundige rekords en 'n effektiewe stelsel van interne beheer gehandhaaf word
- dat die toepaslike rekeningkundige beleid, gesteun deur redelike en omsigtige oordele en ramings, konsekwent gebruik is
- dat daar aan toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen is. Indien daar enigsins daarvan afgewyk is, moet dit nie net geopenbaar en verduidelik word nie, maar ook gekwantifiseer word
- dat daar geen rede is om te glo dat die besigheid in die komende jaar nie meer 'n lopende saak sal wees nie, met verduideliking van enige rede tot die teendeel
- dat die Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag nagekom is of, indien nie, in watter opsigte voldoening ontbreek het.

## HOOFSTUK 4

# MODEL STEL FINANSIëLE JAARSTATE VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS (PU VIR CHO)

## 4.1 Inleiding

'n Model stel finansiële jaarstate vir die PU vir CHO is opgestel om te voldoen aan AARP ingevolge die voorskrifte van die Wet op Hoër Onderwys, 1997.

Gestruktureerde gesprekke is ook gevoer met die Registrateur Finansies en die Direkteur Interne oudit en Bestuursinligting om die beleids- en prosedure-aanpassings wat gemaak moet word, uit te klaar – verwys bylaag D. Die model stel finansiële jaarstate is volledig bespreek, deurgewerk en aangepas om te verseker dat daar volledig voldoen word aan artikel 41 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997). Aspekte waarop veral gekonsentreer was, is:

- definiëring van rekeningkundige beleid
- hantering van waardevermindering
- nakoming van die betrokke openbaarmakingsvereistes
- opstelling van die verslag van die Universiteitsraad - in die plek van die direkteursverslag
- verseker dat die finansiële jaarstate verstaanbaar, toepaslik, betroubaar en vergelykbaar is.

Daar is verder gekontroleer watter standpunte nie op die PU vir CHO van toepassing is nie as gevolg van die aard van die Universiteit se bedrywighede en transaksies - soos gelys in bylaag B. Op versoek van die Registrateur Finansies is van denkbeeldige syfers gebruik gemaak omdat hierdie dien as 'n model stel finansiële jaarstate en nie die amptelike state van die PU vir CHO is nie.

Die PU vir CHO het reeds in 1996 begin om finansiële state in ooreenstemming met AARP op te stel en het reeds in daardie jaar begin om waardevermindering af te skryf. Daar sal nou met hierdie state vir die 1999-boekjaar vir die eerste keer volledig aan AARP voldoen word, asook die toepaslike vereistes gestel in Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973 (oorhoofse vereistes gestel deur die Wet op Hoër Onderwys, 1997). Nakoming daarvan lei tot verbeterde en eenvormige finansiële state in 'n algemene verslagdoeningsformaat wat waarde toevoeg deur die algemene bruikbaarheid en aanvaarbaarheid daarvan te verhoog.

## 4.2 Model stel finansiële jaarstate

'n Model stel finansiële jaarstate vir die PU vir CHO wat voldoen aan AARP en die toepaslike vereistes van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, is uiteengesit in bladsye 82 tot 123.

Verwysings is soos volg aangebring:

- eerstens word aangedui in watter gedeelte daardie spesifieke aangeleentheid hanteer is, byvoorbeeld punt 2.10.4 van die skripsie – dui op hoofstuk 2 en kom voor op bladsy 36 of C1.3.3 – dui op bylaag C punt 1.3.3 en kom voor op bladsy 143 (ten opsigte van hoofstuk 3) of D1.4 – dui op bylaag D punt 1.4 en kom voor op bladsy 148 (ten opsigte van hoofstuk 4).
- tweedens word aangedui watter AARP-standpunt betrekking het of Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973.

Die verwysings is in hakies aangebring agter die opskrif of teks waarop dit betrekking het. Waar die inligting in tabelvorm uiteengesit is, is dit langs die linkerkantste kantlyn aangebring.

**Potchefstroomse Universiteit**

**vir Christelike Hoër Onderwys**

**Finansiële Jaarstate**

**vir die jaar geëindig 31 Desember 1999**

# Potchefstroomse Universiteit
## vir Christelike Hoër Onderwys


**Posadres**
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520
Suid-Afrika

**Fisiese adres**
Hoffmanstraat
Potchefstroom
2531
Suid-Afrika

| | |
|---|---|
| Webadres: | http://www.puk.ac.za |
| E-pos Adres: | rfbijr@puknet.puk.ac.za |
| Telefoon: | +27 (0) 18 299-1111 |
| Faks: | +27 (0) 18 299-2799 |


**Ouditeure**
PricewaterhouseCoopers Ing.
Klerksdorp
Suid-Afrika

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## FINANSIëLE JAARSTATE

## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

## INHOUDSOPGAWE


| ITEM | BLADSY |
|---|---|
| Korporatiewe Beheer | 2 - 5 |
| Goedkeuring van Finansiële Jaarstate | 6 |
| Verslag van die Onafhanklike Ouditeure | 7 |
| Verslag van die Universiteitsraad | 8 - 12 |
| Balansstaat | 13 |
| Inkomstestaat | 14 |
| Staat van veranderings in Ekwiteit | 15 |
| Kontantvloeistaat | 16 |
| Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate | 17 - 40 |

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## KORPORATIEWE BEHEER

Die beginsels van openheid, integriteit en toerekenbaarheid soos deur die King-komitee aanbeveel, word deur die Universiteit onderskryf. Beskerming van die integriteit van besluitneming en kontrole oor aktiwiteite van en in die Universiteit word deur die toepassing van gesamentlike besluitneming en monitering van gebeure en risiko's deur bestuurspanne en komitees bewerkstellig. Hierdie beginsels word van die hoogste vlak vanaf die uitvoerende bestuur tot in die kleinste eenheid toegepas. Die Universiteit voldoen in alle wesenlike aspekte aan die King Kode van Korporatiewe Praktyk en Gedrag.

**Universiteitsraad**

Die Universiteitsraad bestaan uit akademiese en nie-akademiese persone, aangestel ingevolge die Statuut van die Universiteit, waarvan die meeste nie-uitvoerend is.

Die Raad is verantwoordelik vir die strategiese bestuur van die Universiteit en sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word. Die Raad vergader minstens 4 keer per jaar en het hom verbind tot gesonde bestuursbeginsels. 'n Aantal raadskomitees en vaste komitees treë ondersteunend tot die Raad op. Sekeres daarvan word hieronder uiteengesit.

**Finansiële Komitee van die Raad**

Die komitee is soos volg saamgestel:
Dr EL Grové (voorsitter)
Dr DC Cronjé (visevoorsitter en kanselier)
Prof CJ Reinecke (rektor)
Prof IJ Rost (registrateur finansies)
Prof AJ Viljoen (viserektor)
Mnr W van Wyk
Prof CFC van der Walt (sekretaris)

Vergaderings word twee keer per jaar gehou om finansiële aangeleenthede, vir advies aan die Raad, te bespreek, byvoorbeeld:

- finansiële administrasie
- finansiële jaarstate en halfjaarstate
- finansiële begrotings en begrotingsbeheer
- verslae van die ouditkomitee
- beleggingsportefeulje en -opbrengs
- kapitaalprojekte, eiendomme en verbeteringe

## POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

**KORPORATIEWE BEHEER** (vervolg)

- betaalbare gelde en
- voorsienings en reserwes.

**Ouditkomitee van die Raad**

Die komitee is soos volg saamgestel:

Dr EL Govè (voorsitter)

Dr DC Cronjé (kanselier)

Mnr W van Wyk

Vergaderings word minstens twee keer per jaar gehou en word bygewoon deur die eksterne en interne ouditeure (wat in beide gevalle onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee het), asook belanghebbende lede van die uitvoerende bestuur, insluitende diegene wat betrokke is by finansiële bestuur en beheer. Die komitee se werksaamhede geskied ooreenkomstig 'n skriftelike opdrag wat deur die Raad bekragtig is en sluit in bystand aan die Raad met betrekking tot die volgende:

- versekering dat toepaslike wetgewing en die vereistes van regulerende owerhede nagekom word;
- sake in verband met finansiële en interne beheer, rekeningkundige beleid, verslagdoening en openbaarmaking;
- interne en eksterne ouditbeleid;
- die werksaamhede, omvang, toereikendheid en doeltreffendheid van die interne ouditfunksie en ouditplanne - hierdie evaluering word aangevul deur gehalteversekeringsoorsigte van die interne ouditfunksie wat deur die eksterne ouditeure uitgevoer word; en
- die hersiening/goedkeuring van eksterne ouditplanne, bevindings, probleme, verslae en fooie.

**Komitee vir Beleidsbeheer**

Die komitee is soos volg saamgestel:

Dr PW Bingle (voorsitter)

Dr CJ Smit (visevoorsitter)

Prof CJ Reinecke (rektor)

Prof AJ Viljoen (viserektor)

Prof JJ Grobler

Mev R Jager

Prof CFC van der Walt (sekretaris)

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## KORPORATIEWE BEHEER (vervolg)

Die komitee is hoofsaaklik verantwoordelik vir die handhawing van die Christelike beginsels en karakter van die Universiteit, die roeping na binne en na buite en die evaluering van statute en beleid van die Universiteit vir advies aan die Raad.

**Komitee vir Administratiewe Beheer**

Die komitee is soos volg saamgestel:

Mev R Jager (voorsitter)

Prof CJ Reinecke (rektor)

Prof JJD Havenga

Mnr L Wessels

Prof AL Combrink (sekundus)

Prof CFC van der Walt (sekretaris)

Die komitee is verantwoordelik vir die administrasie en, waar van toepassing, vir alle personeel- en studenteaangeleenthede van die Universiteit vir advies aan die Raad.

**Vergoedingskomitee**

Dr EL Grové (voorsitter)

Mnr W van Wyk

Mev R Jager (sekundus)

Die vergoedingskomitee van die Raad is verantwoordelik vir oorweging van en aanbeveling aan die Raad oor die vergoeding en byvoordele van senior funksionarisse.

**Interne Beheer**

Die Bestuur is verantwoordelik vir die handhawing van die rekeningkundige en administratiewe bestuurstelsels, wat daarop gemik is om redelike sekerheid te verleen dat transaksies volgens die Universiteit se beleid en prosedures uitgevoer en op skrif gestel word, dat die bates beveilig word en dat die finansiële inligting vir die voorbereiding van finansiële state betroubaar is.

Interne beheer behels dat die Bestuur standaarde bepaal vir metodes, prosedures en stelsels wat geïmplementeer moet word om:

- bates veilig te bewaar en die risiko van verlies, foute, bedrog en ander onreëlmatighede te verminder;

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## KORPORATIEWE BEHEER (vervolg)

- die akkuraatheid en volledigheid van rekeningkundige rekords te verseker; en
- betroubare finansiële state en inligting ooreenkomstig relevante wetgewing en algemeen aanvaarde rekeningkundige beleid en praktyke tydig op te stel.

Die Universiteit se interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure beoordeel elk onafhanklik die toereikendheid en doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls.

Die doeltreffendheid van interne beheerstelsels is onderhewig aan inherente beperkings, insluitend die moontlikheid van menslike foute en die ontduiking van beheermaatreëls. 'n Doeltreffende interne beheerstelsel kan slegs redelike versekering bied.

Niks het gedurende die jaar onder die aandag van die bestuur gekom wat dui op 'n wesenlike leemte in die werking van finansiële kontroles, prosedures en stelsels nie.

**Studente en werkersdeelname**

'n Breë spektrum van deelnemende strukture bestaan vir die hantering van sake wat studente en werknemers regstreeks en wesenlik raak. Dié strukture is ontwerp om verhoudings te bevorder deur doeltreffende uitruil van toepaslike inligting, oorlegpleging en identifisering en oplossing van verskille.

**Etiek**

Daar word van alle personeellede vereis om deur die handhawing van die hoogste etiek te verseker dat die bedrywighede van die Universiteit onder alle omstandighede bo verdenking is.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## GOEDKEURING VAN FINANSIëLE JAARSTATE

Die Raad is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en objektiwiteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat in hierdie verslag ingesluit is en wat die resultaat van die bedrywighede van die Universiteit aan die einde van die finansiële jaar redelik weergee. Om dié verantwoordelikheid na te kom, word hulle deur die bestuur en die interne- en eksterne ouditeure van die Universiteit bygestaan. Die eksterne en interne ouditeure het onbeperkte toegang tot alle dokumente, notules, rekords en inligting en daar is geen beperkings op die oudits geplaas nie. Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om verslag te doen oor die finansiële jaarstate. Interne beheer en administratiewe stelsels wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf oor die integriteit van die finansiële state, dat bates beveilig en dat transaksies uitgevoer word in terme van die Universiteit se beleid en prosedures, is in plek en word na behore onderhou op 'n koste-effektiewe basis.

Die finansiële jaarstate voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en die bepalings van die Maatskappywet sover dit van toepassing mag wees op universiteite, wat volle en verantwoordelike openbaarmaking in ooreenstemming met die Universiteit se rekeningkundige beleid insluit. Die finansiële jaarstate is opgestel op die lopende saak-grondslag en alle aanduidings dui daarop dat die Universiteit opbepaald sal voortbestaan. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas en word verder deur redelike en omsigtige oordeel en ramings ondersteun.

Die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 1999, soos uiteengesit op bladsye 8 tot 40, is deur die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 21 April 2000 goedgekeur en namens die Raad onderteken deur:

________________________________

VOORSITTER VAN DIE RAAD

________________________________

REKTOR

________________________________

REGISTRATEUR FINANSIES
POTCHEFSTROOM

# *PRICEWATERHOUSECOOPERS ING.*

## VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

aan die Raad van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Ons het die finansiële jaarstate van die Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 1999 soos uiteengesit op bladsye 8 tot 40 geouditeer. Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die Universiteit se Raad. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

**Omvang**

Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun;
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is; asook
- 'n oorweging van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

**Ouditmening**

Na ons mening is hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Universiteit op 31 Desember 1999 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en op die wyse deur die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997) vereis.

**PricewaterhouseCoopers Ing.**
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Klerksdorp
21 April 2000

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## VERSLAG VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

**Visie** (C2.1.2 - Bylae 4, D6)

'n Universiteit van hoë gehalte, op 'n Christelike grondslag, ondernemingsingesteld en diensgerig vir die tyd, die land en die mense.

**Missie en Taakstelling** (C2.1.3 - Bylae 4, D6)

Die ideaal van Christelike Hoër Onderwys in die amptelike naam van die Universiteit was deur die jare die koersgewende inspirasie, wat ook tans deurslaggewend is vir die visie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) met die oog op doelmatige taakvervulling in die toekoms.

Ter verwesenliking van die visie word die grondslag en karakter van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys erken in sy Privaatwet, verwerklik deur sy personeel, uitgedra deur sy studente, verbeeld in sy ampswapen, vergestalt in sy leuse en verwoord in sy missie:

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys:

- streef in sy opvoedkundige taak na die wetenskaplike toerusting en algemene vorming van die student tot vakkundigheid, roepingsvervulling en diensbaarheid waarin skoling vanuit die Christelike perspektief en waardes sentraal staan;
- streef om deur navorsing kennis te ontgin, uit te brei, oor te dra en toe te pas;
- wil hoëvlakmannekrag lewer, toegerus met gefundeerde wetenskaplike denke, vaardighede en houdings, om te voorsien in die aktuele eise van die tyd en van die land;
- streef daarna om 'n erkende deskundigheidsentrum vir die Christelike wetenskap te wees; en
- wil as ontwikkelingsagent toepaslik diensbaar wees in sy onmiddellike omgewing en streek, die breër belanghebbende gemeenskap en in die besonder aan sy ondersteuners en geesgenote.

**Samestelling van die Universiteitsraad** (C2.1.3 - Bylae 4, D6)

Voorsitter: Dr EL Grové, B.Com., HOD.(PU vir CHO), M.Sc.(Econ.) Columbia, (NY), D.Com.(UP)

Ondervoorsitter: Mev R Jager, Hons.B.A.(PU vir CHO).

Die Raad van die Universiteit bestaan uit 25 lede en is ooreenkomstig artikel 8(1) van die private wet en paragraaf 24(1) van die statuut soos volg saamgestel:

(a) Die rektor

- Prof CJ Reinecke, M.Sc.(PU vir CHO), D.Sc (Leiden).

(b) Aangewys deur die rektor

- Prof AJ Viljoen (viserektor), M.A.(Bibl.), U.D.B., D.Phil. (PU vir CHO), SSAIBI.
- Prof CFC van der Walt (registrateur), B.Jur. et Art. (PU vir CHO), LL.B. (RAU), LL.D. (Unisa)

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## VERSLAG VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

(c) Verkies deur die senaat van die Universiteit

- Prof JJD Havenga, M.Com.(PU vir CHO), D.Econ.(VU A'dam)
- Prof AL Combrink, D.Litt. (PU vir CHO), U.O.D. (SA)

(d) Verkies deur die akademiese werknemers van die Universiteit

- Prof AM de Lange, Hons.B.A., H.O.D. (PU vir CHO), M.A. (SA), D.Phil (Rhodes)

(e) Aangewys deur die werkplekforum van die Universiteit

- Mnr NJ de W Scott, Hons.B.Com. (PU vir CHO)

(f) Aangewys deur die institusionele forum van die Universiteit

- Mnr TP Venter, M.A. (PU vir CHO)

(g) Verkies deur die studenterade

- Mnr RP Bezuidenhout
- Mnr JP Dreyer

(h) Aangestel deur die minister van onderwys

- Mnr PD Mbonyana, B.Th. (Unisa), MAP, (UW), MBA (Brunel Universiteit, Duitsland)

(i) Verkies deur die korporatiewe investeerders

- Mnr W van Wyk, B.Sc.(Meg.Ing.) (UN)
- Mnr JJ Gerber, B.Sc., M.B.A. (PU vir CHO)

(j) Aangewys deur die kuratorium van die Teologiese Skool namens die oorspronklike oprigters van die Universiteit

- Dr PW Bingle, B.A., Th.D.(PU vir CHO)
- Ds AE Liphadzi, B.A. (Unisa), Th.B. (PU vir CHO, Th.M. (Calvin Theological Seminary)
- Ds RP van Wyk, Kandidaatseksamen Teologie (HTS), B.A. (Unisa), B.A. Hons. (UWK), M.Phill. UWK.

(k) Aangewys deur die trustees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Administratiewe Buro)

- Dr CJ Smit B.A., Th.D.(PU vir CHO)
- Dr MC van Loggerenberg, B.A., Hons.B.A., U.O.D., B.Ed., M.Ed. (PU vir CHO), D.Ed. (RAU).

(l) Verkies deur die konvokasie

- Mev R Jager, Hons.B.A.(PU vir CHO)
- Mnr L Wessels, LL.B. (PU vir CHO, LL.M. (RAU)

(m) Verkies deur die Bond van Oud-Pukke

- Mnr BR Howard, B.A. (PU vir CHO)

(n) Benoem deur die Raad, een lid van buite die Universiteit

- Dr EL Grové, B.Com. H.O.D. (PU vir CHO), M.Sc. (Econ.)(Columbia, N.Y.), D.Com. (UP)

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## VERSLAG VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

Adviseurs

- Prof WE Scott, (viserektor akademie) B.Com., LL.D. (PU vir CHO).
- Prof MS Zibi, (viserektor ontwikkeling) B.Com. (Fort Hare), M.A. (Ruhr Universiteit, Duitsland), Dipl. in Bestuur (Internasionale Bestuursinstituut, Riedenburg, Duitsland); M.P.A. (UP).
- Prof PJJ Prinsloo, (viserektor Vaaldriehoekkampus): D.Litt.(PU vir CHO), THOD(POK).
- Prof IJ Rost, (registrateur finansies), S.T.R., M.Com. (PU vir CHO), Higher Diploma in Tax Law (Wits), GR (S.A.).

| **Finansiële oorsig** (C2.1.1 & C2.1.2 - Bylae 4, D6) | **1999** R | % | **1998** R | % |
|---|---|---|---|---|
| Bedryfsinkomste | 584,730,936 | 100 | 532,638,976 | 100 |
| Staatsubsidie ontvang | 249,551,646 | 43 | 229,639,133 | 43 |
| Staat – Navorsingskontrakte | 32,720,639 | 6 | 29,749,589 | 6 |
| Klas- en ander gelde | 95,769,063 | 16 | 86,789,634 | 16 |
| Ander navorsingskontrakte en toekennings | 53,647,466 | 9 | 54,691,270 | 10 |
| Inwoning- en voedseldienste | 47,421,027 | 8 | 45,943,652 | 9 |
| Dienste: Opvoedkundige & ondersteuningsaktiwiteite | 105,621,095 | 18 | 85,825,698 | 16 |
| | | | | |
| Bedryfsuitgawes | 598,479,641 | 100 | 539,555,735 | 100 |
| Personeelvergoeding | 291,694,044 | 49 | 263,869,235 | 49 |
| Bedryfskoste | 280,255,063 | 47 | 253,521,418 | 47 |
| Waardevermindering | 26,530,534 | 4 | 22,165,082 | 4 |

Die netto surplus van R19,493,666 (1998: R17,111,542) vir die jaar het met R2,382,124 toegeneem teenoor die vorige jaar. Die beleggingsportefeulje het 1,95% beter presteer as die algemene markaanwysers, soos bereken deur die aktuarisse. Verder is 'n nuwe lesingsaal opgerig ten bedrae van R4,999,095 (C2.1.3 - Bylae 4). Die besonderhede ten opsigte van eiendom en toerusting word verskaf in aantekening 2.

Die Universiteit se vasberadenheid om sy finansiële doelwitte te bereik, is gedurende die oorsigjaar tot die uiterste getoets. Beduidende interne veranderings is geïmplementeer om die Universiteit beter te posisioneer vir die toekoms. Hierbenewens het al die normale werksaamhede van die Universiteit

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## VERSLAG VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

glad verloop en kan daar gerapporteer word dat 1999 'n veeleisende jaar was wat egter hoogs suksesvol afgeloop het.

Die Universiteit stel hom ten doel om meer selfversorgend en minder staatsafhanklik te word. Een van die belangrikste instrumente ter bereiking hiervan is die benutting van die deskundigheid van die Universiteit ter versterking van die materiële en intellektuele vermoë van die Universiteit – vandaar ook die styging in fondse gegenereer deur dienslewering .

'n Nuwe verdelingsmodel vir subsidie en klasgelde is ontwikkel asook 'n nuwe beleid vir 'n geïntegreerde finansiële en akademiese stelsel met sterk gedesentraliseerde bevoegdhede binne sentraal ooreengekome randvoorwaardes.

'n Rekordgetal van 16 165 studente was ingeskryf by die PU vir CHO in 1999 - die meeste in die geskiedenis van die Universiteit. Hierdie resultaat is nie primêr bereik weens positiewe groei in die aantal studente van die Universiteit nie, maar veral weens die inisiatief om die onderrigaanbiedings van die Universiteit op 'n gedifferensieerde manier te struktureer.

'n Beleid vir die vorming van fokusareas vir nagraadse opleiding en navorsing, geïntegreer met 'n proses van selfevaluering, bevordering van kwaliteit en 'n eksterne akademiese oudit hiervan, is ontwikkel en die eerste fase daarvan geïmplementeer.

**Prestasie-inligting** (D6)
(Vermeld hier die volgende inligting soos voorgeskryf deur artikel 7(3) van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992, soos gewysig.)

*Die verslag moet:*

- *die werksaamhede en oogmerke van die Universiteit uiteensit;*
- *die mate waarin die Universiteit sy voorafbepaalde oogmerke soos deur die Universiteitsraad goedgekeur vir die betrokke boekjaar bereik het, vermeld;*
- *toepaslike prestasie-inligting oor die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe aanwending van hulpbronne bevat; en*
- *die bedrag geld, as daar is, van die Staat ontvang, en enige ander verpligting, deur die Staat verstrek, aandui.*

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## VERSLAG VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD

## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

**Tegnologie** (2.19.3 - RE 406, D6)

Tegnologie word ter ondersteuning van besigheidsdoelwitte aangewend. Die PU vir CHO se pogings is daarop gefokus om aan studente se behoeftes te voldoen en om gerief vir studente en personeel te verbeter. Oor die afgelope vyf jaar is die meerderheid stelsels herontwikkel en die grootste deel van die ontwikkelingskoste is nie gekapitaliseer nie. Alle stelsels en toerusting was teen Oktober 1999 Jaar 2000 versoenbaar teen 'n koste van nagenoeg R3 miljoen.

**Finansiële jaarstate** (2.21.3 - RE 408, D6)

Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, no. 101 van 1997, is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê, wat voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en die vereistes van die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992. Hierdie vereistes tree in werking vir jare wat eindig op of na 31 Desember 1999 en is nagekom.

Daar was geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels gedurende die jaar nie. Ons is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële stand, die resultate van bedrywighede en kontantvloei redelik weergee ooreenkomstig die toepaslike rekeningkundige beleid en Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

**Gebeure na balansstaatdatum** (2.8.4 - RE 107, C2.1.2 – Bylae 4, D6)

Geen wesenlike feite of omstandighede het ontstaan tussen die datum van die balansstaat en hierdie verslag wat die finansiële posisie van die Universiteit beïnvloed nie.

Verwysingsraamwerk

| Rubriek | AARP/ Bylae 4 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS** | | | |
| 2.2.5 | RE 000 | **BALANSSTAAT** | | | |
| 2.4.5<br>C1.2 | RE 101<br>Bylae 4 | **OP 31 DESEMBER 1999** | | **1999** | **1998** |
| D2 | | | **Aantekening** | **R** | **R** |
| | | **BATES** | | | |
| C1.2.4 | Bylae 4 | **Nie-bedryfsbates** | | 443,277,119 | 431,819,631 |
| 2.14.4<br>2.16.4 | RE 123<br>RE 128 | Eiendom en toerusting | 2 | 282,306,029 | 276,556,059 |
| 2.15.4 | RE 125 | Ander finansiële bates | | 160,971,090 | 155,263,572 |
| 2.7.4 | RE 106 | Langtermynbeleggings | 3 | 153,033,292 | 148,529,621 |
| | | Studentelenings | 4 | 7,937,798 | 6,733,951 |
| C1.2.4 | Bylae 4 | **Bedryfsbates** | | 196,907,231 | 192,884,639 |
| 2.9.4 | RE 108 | Voorraad | 5 | 6,041,950 | 4,965,788 |
| 2.15.4 | RE 125 | Lopende en ander debiteure | 6 | 16,440,573 | 15,823,670 |
| 2.13.4<br>2.15.4 | RE 118<br>RE 125 | Kontant en kontantekwivalente | 7 | 174,424,708 | 172,095,181 |
| | | **Totale bates** | | 640,184,350 | 624,704,270 |
| | | **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| 2.2.5 | RE 000 | **Kapitaal en reserwes** | | 457,194,020 | 437,700,354 |
| C1.2.2 | Bylae 4 | Opgehoopte fondse | 8 | 457,194,020 | 437,700,354 |
| C1.2.3 | Bylae 4 | **Nie-bedryfslaste** | | 95,180,127 | 104,896,829 |
| 2.11.4<br>2.15.4 | RE 114<br>RE 125 | Rentedraende lenings | 9 | 41,678,127 | 44,671,776 |
| 2.15.4 | RE 125 | Nie-rentedraende lenings | 10 | 4,650,000 | 6,434,053 |
| 2.12.4<br>C1.2.6 | RE 116<br>Bylae 4 | Aftreevoordeelverpligting | 11 | 28,852,000 | 28,791,000 |
| 2.20.3 | GK 131 | Uitgestelde inkomste - Kapitaalsubsidie | 12 | 20,000,000 | 25,000,000 |
| C1.2.3 | Bylae 4 | **Bedryfslaste** | | 87,810,203 | 82,107,087 |
| 2.15.4 | RE 125 | Lopende en ander krediteure | 13 | 46,277,409 | 45,478,008 |
| 2.15.4 | RE 125 | Korttermynlenings | | 0 | 0 |
| 2.11.4<br>2.15.4 | RE 114<br>RE 125 | Lopende deel van rentedraende lenings | 9 | 2,993,649 | 2,819,194 |
| 2.15.4 | RE 125 | Lopende deel van nie-rentedraende lenings | 10 | 1,784,053 | 2,110,960 |
| 2.18.6 | RE 130 | Voorsienings | 14 | 35,598,852 | 30,742,653 |
| 2.4.5 | RE 101 | Inkomste vooruit ontvang | 15 | 1,156,240 | 956,272 |
| | | **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | | 640,184,350 | 624,704,270 |

Verwysingsraamwerk

| Rubriek | AARP/ Bylae 4 | POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.2.5 | RE 000 | **INKOMSTESTAAT** | | | |
| 2.4.5 | RE 101 | **VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** | | | |
| 2.5.7 | RE 103 | | | | |
| C1.3 | Bylae 4 | | | **1999** | **1998** |
| D3 | | | **Aantekening** | **R** | **R** |
| 2.2.4<br>2.10.4<br>C1.3.3<br>D1.5 | RE 000<br>RE 111<br>Bylae 4 | **Bedryfsinkomste** | 16 | 584,730,936 | 532,638,976 |
| 2.20.3 | GK 131 | Staatsubsidie ontvang | 17 | 249,551,646 | 229,639,133 |
| | | Staat - Navorsingskontrakte | | 32,720,639 | 29,749,589 |
| | | Klas- en ander gelde | | 95,769,063 | 86,789,634 |
| | | Ander navorsingskontrakte en toekennings | | 53,647,466 | 54,691,270 |
| | | Inwoning- en voedseldienste | | 47,421,027 | 45,943,652 |
| | | Dienste - Opvoedkundige en ondersteuningsaktiwiteite | | 105,621,095 | 85,825,698 |
| | | **Minus: Bedryfsuitgawes** | | 598,479,641 | 539,555,735 |
| 2.12.4 | RE 116 | Personeelvergoeding | 18 | 291,694,044 | 263,869,235 |
| 2.4.5 | RE 101 | Bedryfskoste | 19 | 280,255,063 | 253,521,418 |
| 2.14.4 | RE 123 | Waardevermindering | 2 | 26,530,534 | 22,165,082 |
| | | **Surplus uit bedryfsaktiwiteite** | 20 | (13,748,705) | (6,916,759) |
| 2.10.4<br>2.15.4<br>C1.3.2 | RE 111<br>RE 125<br>Bylae 4 | Beleggingsinkomste | 21 | 41,821,949 | 33,102,669 |
| | | **Surplus voor finansieringskoste** | | 28,073,244 | 26,185,910 |
| 2.11.4<br>C1.3.2 | RE 114<br>Bylae 4 | Minus: Finansieringskoste | 22 | 8,579,578 | 9,074,368 |
| | | **Netto surplus uit gewone aktiwiteite** | | 19,493,666 | 17,111,542 |
| 2.5.3<br>C1.3.3 | RE 103<br>Bylae 4 | Buitengewone items | | 0 | 0 |
| 2.5.7 | RE 103 | **Netto surplus vir die jaar** | | 19,493,666 | 17,111,542 |

Verwysingsraamwerk

| Rubriek | AARP/ Bylae 4 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS | | |
| 2.2.5 | RE 000 | **STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT** | | |
| 2.4.5 | RE 101 | **VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** | | |
| C1.2.2 | Bylae 4 | | | |
| C1.3.2 | Bylae 4 | | **1999** | **1998** |
| D4 | | | **R** | **R** |
| | | OPGEHOOPTE FONDSE | | |
| | | **Saldo op 1 Januarie** | 437,700,354 | 420,588,812 |
| 2.5.5 | RE 103 | Veranderings in rekeningkundige beleid | 0 | 0 |
| | | **Hersaamgestelde saldo** | 437,700,354 | 420,588,812 |
| | | **Netto surplus vir die jaar** | 19,493,666 | 17,111,542 |
| | | **Saldo op 31 Desember** | 457,194,020 | 437,700,354 |

Verwysingsraamwerk

| Rubriek | AARP/ Bylae 4 | POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS | Aantekening | 1999 R | 1998 R |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.2.5 | RE 000 | **KONTANTVLOEISTAAT** | | | |
| 2.4.5 | RE 101 | **VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** | | | |
| 2.13.4 | RE 118 | | | | |
| C1.4 | Bylae 4 | | | | |
| D5 | | | | | |
| C1.4.1 | Bylae 4 | **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | 52,894,476 | 50,751,596 |
| C1.4.2 | Bylae 4 | Kontant uit bedrywighede voortgebring | 24 | 19,652,105 | 26,723,295 |
| | | Kontantontvangste uit subsidie, klasgelde, dienste en ander | | 584,414,001 | 528,968,699 |
| | | Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | (564,761,896) | (502,245,404) |
| D1.3 | | Beleggingsinkomste | 21 | 41,821,949 | 33,102,669 |
| C1.4.2 | Bylae 4 | Finansieringskoste | 22 | (8,579,578) | (9,074,368) |
| C1.4.2 | Bylae 4 | **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | (40,787,247) | (38,011,565) |
| | | Aankoop van toerusting | 2 | (35,912,657) | (32,841,899) |
| | | Vervanging van toerusting | | (20,829,341) | (19,048,301) |
| | | Toevoegings tot toerusting | | (15,083,316) | (13,793,598) |
| | | Opbrengs met verkoop van toerusting | 2 | 632,928 | 975,515 |
| | | Toename in langtermynbeleggings | 3 | (4,503,671) | (6,972,736) |
| | | Toename/(Afname) in studentelenings toegestaan | 4 | (1,003,847) | 827,555 |
| C1.4.2 | Bylae 4 | **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | (9,777,702) | 14,614,859 |
| | | Rentedraende langtermynlenings opgeneem | 9 | 0 | 0 |
| | | Rentedraende langtermynlenings terugbetaal | 9 | (2,993,649) | (2,819,194) |
| | | Nie-rentedraende langtermynlenings opgeneem | 10 | 0 | 4,545,013 |
| | | Nie-rentedraende langtermynlenings terugbetaal | 10 | (1,784,053) | (2,110,960) |
| 2.20.3 | GK 131 | Uitgestelde kapitaalsubsidie ontvang/(gebruik) | 12 | (5,000,000) | 15,000,000 |
| | | **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | | 2,329,527 | 27,354,890 |
| | | **Kontant en kontantekwivalente begin van jaar** | | 172,095,181 | 144,740,291 |
| | | **Kontant en kontantekwivalente einde van jaar** | 7 | 174,424,708 | 172,095,181 |
| | | **Deurlopende oortrokke bankfasiliteit** | | 10,000,000 | 10,000,000 |

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999

### 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (2.2.5 - RE 000, 2.4.5 - RE 101, 2.5.7 - RE 103, 2.21.3 - RE 408, C1.1 - Bylae 4)

Die belangrikste rekeningkundige beleid is in alle wesenlike aspekte in ooreenstemming met dié van die vorige jaar.

### 1.1 Rekeningkundige grondslae (2.21.3 - RE 408, D1)

Die finansiële jaarstate is opgestel op die historiese kostegrondslag, en voldoen aan Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) en Bylae 4 van die Maatskappywet (Wet No. 61 van 1973 soos gewysig) sover dit van toepassing mag wees op universiteite. Die volgende standpunte wat eers op 1 Januarie 2000 in werking tree, is reeds geïnkorporeer:

RE 123: Eiendom, aanleg en toerusting (hersiene weergawe)
RE 128: Waardedaling van bates
RE 129: Ontasbare bates
RE 130: Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates.

### 1.2 Basis van samestelling (2.4.5 - RE 101)

Die finansiële state inkorporeer die resultate, bates en laste van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus asook die Telematiese leersentrums van die PU vir CHO en sluit alle institute, buro's en eenhede verbonde aan die Universiteit in.

### 1.3 Eiendom en toerusting (2.14.4 - RE 123, D1.1)

1.3.1 Eiendom en toerusting word teen kosprys minus opgelope waardevermindering getoon, behalwe bates wat as skenkings ontvang is. Eiendom en toerusting wat geskenk is aan die Universiteit word getoon teen die redelike waarde wat bepaal is by verkryging, minus opgelope waardevermindering.

1.3.2 Die Universiteit skryf waardevermindering af op die reguitlynmetode teen die onderstaande toepaslike koerse om die bates se kospryse oor hulle verwagte nuttige lewensduur tot hulle beraamde reswaardes te verminder. Indien 'n bate se verhaalbare bedrag, geneem as die gebruikswaarde daarvan, laer is as sy drawaarde, word die bate afgeskryf tot sy verhaalbare bedrag (2.16.4 - RE 128). Die gebruikswaarde van 'n bate word bereken deur die bate se verwagte toekomstige kontantvloei te verdiskonteer. Winste of verliese by die vervreemding van eiendom en toerusting word as normale inkomste of uitgawes verantwoord.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**

**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** (vervolg)

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

### 1.3 Eiendom en toerusting (vervolg)

| KATEGORIE | PERSENTASIE | MOTIVERING VIR PERSENTASIE |
|---|---|---|
| Grond | 0,0% | : Die nuttige gebruik is onbeperk. |
| Geboue | 2,0% | : Geboue word slegs teen 2,0% gedepresieer aangesien die benutting daarvan 'n lang gebruiksleeftyd regverdig. |
| Rekenaartoerusting | 50,0% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 2 jaar as gevolg van tegnologiese veroudering. |
| Biblioteekboeke | 2,5% | : Biblioteekboeke word gedepresieer teen 'n minimum koers omdat die gebruikswaarde daarvan nie afneem nie en 'n stelsel van voortdurende vervanging in stand gehou word. |
| Laboratoriumtoerusting | 10,0% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 10 jaar op grond van historiese gegewens. |
| Meubels | 2,5% | : Meubels word slegs teen 2,5% gedepresieer aangesien die kantoorgebruik daarvan 'n lang gebruiksleeftyd regverdig. |
| Voertuie | 15,0% | : Die voertuigpoel se reswaarde word na drie jaar, wat die gemiddelde vervangingstermyn van voertuie is, teen 55% beraam. |
| Sintetiese Hokkieveld | 12,5% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 8 jaar wat, volgens die verskaffer, die normale leeftyd daarvan is. |

1.3.3 Werklike verbeteringe aan geboue word gekapitaliseer wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat die oorspronklik geraamde prestasie-standaard van die bestaande bate te bowe gaan, na die onderneming sal vloei. Grootskaalse onderhoud, roetine instandhouding en herstelwerk met betrekking tot geboue en toerusting word teen die inkomstestaat gedebiteer soos wat dit aangegaan word. Die Universiteit het verder ook 'n tien jaar rollende plan waarvolgens grootskaalse geboue-onderhoud plaasvind en wat jaarliks hersien word ten einde die geboue behoorlik in stand te hou.

### 1.4 Finansiële instrumente (2.15.4 - RE 125, D1.2)

Finansiële instrumente soos getoon in die balansstaat sluit in: langtermynbeleggings, lenings aan studente, lopende en ander debiteure, kontant en kontantekwivalente, langtermynlenings en lopende en ander krediteure.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** (vervolg)

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

### 1.4 Finansiële instrumente (vervolg)

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen kosprys. Latere meting word uiteengesit soos getoon in die rekeningkundige beleid ten opsigte van elke individuele item. Winste en verliese wat daarvolgens ontstaan, word normaalweg verantwoord in die inkomstestaat vir die tydperk.

Waardedalingsverliese word erken in die inkomstestaat indien die verhaalbare bedrag laer is as die drawaarde van die finansiële instrument.

Verdere openbaarmaking ten opsigte van finansiële instrumente waartoe die PU vir CHO 'n party is, word getoon in aantekening 23.

### 1.5 Langtermynbeleggings (2.7.4 - RE 106, 2.15.4 - RE 125, D1.3)

Langtermynbeleggings word teen kosprys plus opgelope rente getoon en word slegs afgeskryf indien daar 'n permanente daling in waarde is. Hierdie afskrywings, asook winste en verliese met realisasie, word in normale inkomste verantwoord in die tydperk wanneer dit voorkom.

### 1.6 Studentelenings ( 2.15.4 - RE 125, D1.4)

Studentelenings word getoon teen kosprys minus voorsiening vir slegte skulde. Laasgenoemde word jaarliks hersien en aangepas volgens die jongste tendense en risiko-faktore. Die gedeelte van studentelenings wat binne die volgende jaar terugbetaalbaar is, word as debiteure verantwoord.

### 1.7 Voorrade ( 2.9.4 - RE 108)

Voorrade word teen kosprys of netto realiseerbare waarde welke ookal die laagste is, waardeer. Kospryse word soos volg bepaal:

1.7.1 Sentrale magasyn-, kafeteria- en koshuisvoorraad teen gemiddelde aankoopprys.

1.7.2 Brandstofvoorraad volgens die eerste-in-eerste-uit-formule (EIEU).

1.7.3 Gedrukte publikasies teen gemiddelde aankoopprys.

1.7.4 Waar nodig word voorsiening vir verouderde en stadig bewegende voorraad gemaak.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

### 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

### 1.8 Lopende en ander debiteure ( 2.15.4 - RE 125)

Lopende en ander debiteure word getoon teen kosprys minus voorsiening vir slegte skulde. Voorsiening vir slegte skulde word jaarliks hersien op balansstaatdatum en aangepas volgens die jongste beskikbare inligting en neigings. Slegte skulde word afgeskryf in die tydperk waarin dit geïdentifiseer word.

### 1.9 Kontant en kontantekwivalente ( 2.15.4 - RE 125)

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande, saldo's by banke en beleggings in geldmarkinstrumente en word getoon teen redelike waarde.

### 1.10 Voorsienings ( 2.18.6 - RE 130)

Voorsienings word gemaak vir items waarvan die bedrae betroubaar gemeet kan word en daar 'n verpligting op die Universiteit berus voortspruitend uit gebeure in die verlede waarvan die nakoming daarvan sal lei tot die uitvloei van hulpbronne.

Opgehoopte verlof

Voorsiening word in gevolge diensregulasies gemaak vir verlof wat reeds aan personeellede toegeval het maar wat nog nie geneem is nie ten opsigte van dienste deur hulle gelewer. Dit word bereken soos uiteengesit in die diensregulasies en sluit jaarlikse sowel as opgehoopte verlof in.

### 1.11 Bruikhuurkontrakte ( 2.6.4 - RE 105)

Bruikhuurkontrakte word by die oorgaan van die risiko en vergoeding verbonde aan eienaarskap na die PU vir CHO gekapitaliseer en gedepresieer oor hul nuttige lewensduur. Bruikhuurpaaiemente word verdeel tussen kapitaal en rente volgens die effektiewe-rentekoers-metode.

### 1.12 Inkomste erkenning ( 2.10.4 - RE 111, 2.20.3 - GK131, C1.3.3 - Bylae 4, D1.5)

Inkomste word normaalweg erken wanneer dit waarskynlik is dat ekonomiese voordele na die universiteit sal vloei en die waarde daarvan betroubaar gemeet kan word.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** (vervolg)

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

### 1.12 Inkomste erkenning (vervolg)

Die rekeningkundige beleid betreffende die elemente van bruto inkomste, is die volgende:

1.12.1 Staatsubsidies word as inkomste erken oor die tydperke wat benodig word om die inkomste op 'n sistematiese wyse te paar met die verwante uitgawes waarvoor dit bestem is. Staatsubsidies vir die verkryging van eiendom en toerusting word aanvanklik as uitgestelde inkomste hanteer. Die toekenning word dan, op datum van verkryging van die bate, afgetrek by die bepaling van die drawaarde van die betrokke bate ( 2.20.3 - GK 131).

1.12.2 Klasgelde, losiesgelde en ander inkomste word erken soos die diens gelewer word volgens die persentasie-van-voltooiing-metode.

1.12.3 Navorsingsgelde word soos volg hanteer omdat die resultate nie betroubaar geraam kan word nie:

- Inkomste word erken wanneer dit ontvang word en word nie uitgestel oor die termyn van die spesifieke navorsing nie.
- Daarteenoor word die uitgawes ook verreken wanneer dit aangegaan word en word dit nie uitgestel oor die termyn van die spesifieke navorsing nie.

1.12.4 Interdepartementele inkomste en uitgawes word geëlimineer.

1.12.5 Dividende word as inkomste erken op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en wanneer dit verklaar word in die geval van ongenoteerde aandele. Rente word erken op 'n tydverhoudingsgrondslag wat die effektiewe opbrengs van die bate in berekening bring.

1.12.6 Skenkings ontvang word erken teen die redelike markwaarde op die datum van die skenking.

1.12.7 Huur ontvang word erken in die tydperk waarvoor die verhuring plaasvind en dit verdien word.

### 1.13 Navorsings- en ontwikkelingskoste ( 2.17.5 - RE 129)

1.13.1 Navorsingskoste word, soos hierbo genoem, afgeskryf in die jaar wanneer dit aangegaan word.

1.13.2 Ontwikkelingskoste wat inherent is aan die gewone bedrywighede van 'n universiteit, word gekapitaliseer wanneer daar verwag word dat toekomstige ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei. Ontwikkelingskoste wat oorspronklik as uitgawe erken is, word nie in volgende tydperke gekapitaliseer nie. Ontwikkelingskoste wat gekapitaliseer word, word gedepresieer vanaf die datum wat die kommersiële produksie daarvan in aanvang neem. Die waardevermindering word afgeskryf op die reguitlynmetode oor die verwagte tydperk wat ekonomiese voordele na die onderneming sal vloei.

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** (vervolg)

**1. REKENINGKUNDIGE BELEID** (vervolg)

**1.14 Leenkoste** ( 2.11.4 - RE 114)

Leenkoste wat regstreeks aan die verkryging, konstruksie of produksie van 'n kwalifiserende bate ('n bate wat 'n aansienlike tydperk in beslag neem om vir sy beoogde gebruik of verkoop in gereedheid te kry) toeskryfbaar is, word as deel van die koste van daardie bate gekapitaliseer. Ander leenkoste word as uitgawe erken gedurende die tydperk waarin dit aangegaan word.

**1.15 Rekenaarprogrammatuur** ( 2.19.3 - RE 406)

Die koste wat aangegaan word vir die deurlopende ontwikkeling, herstel of instandhouding van rekenaarprogrammatuur word as uitgawe erken namate die werk uitgevoer word. Dit sluit ook kostes in wat aangegaan moes word om die sagtewarestelsels gereed te kry vir die jaar 2000. Kapitalisering van kostes vind slegs plaas indien:

- daardie koste betroubaar gemeet kan word en
- dit waarskynlik is dat daardie koste die sagteware in staat stel om spesifiek toeskryfbare ekonomiese voordele in toekomstige finansiële tydperke te lewer.

**1.16 Aftreevoordeelkoste** ( 2.12.4 - RE 116, C1.2.6 - Bylae 4)

1.16.1 Pensioenfondse

*Omskrewe voordeelplanne*

Aftreevoordeelkoste word ingevolge omskrewe voordeelplanne (PU Pensioenfonds en die Pensioenfonds vir Geassosiëerde Inrigtings) voorsien. Die huidige waarde van die omskrewe voordeelverpligting en die huidige dienskoste word bepaal deur die toepassing van die opgelope-voordeel-waardasiegrondslag deur middel van die geprojekteerde kredieteenheidsmetode.

Huidige dienskoste word as 'n termynuitgawe in bedryfswins erken en word gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word. Dit sluit die uitgawe in vir voordele ontvang deur die werknemer wat tans in diens is, asook die befondsingskoste vir hierdie werknemer wanneer die persoon nie meer in diens is nie.

Verstreke dienskoste, aansuiwerings vir ondervinding, die effek van veranderings in aktuariële aannames en die effek van planveranderings ten opsigte van bestaande werknemers word afgeskryf volgens die reguitlynmetode oor die verwagte oorblywende werklewe van daardie werknemers. Ten opsigte van afgetrede werknemers word die huidige waarde van die uitwerking van die gewysigde voordele bepaal en as uitgawe of inkomste erken in die tydperk waarin die planverandering gedoen word.

# POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

## AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE
## VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)

### 1. REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

### 1.16 Aftreevoordeelkoste (vervolg)

1.16.1 Pensioenfondse (vervolg)

*Omskrewe bydraeplan*

Aftreevoordeelkoste word ook ingevolge 'n omskrewe bydraeplan (PU Voorsorgfonds) voorsien. Die bydraes tot die omskrewe bydraeplan word as uitgawe erken in die betrokke periode waarin die aanspreeklikheid ontstaan het en sodoende gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word.

1.16.2 Na-aftree mediese voordele

Die huidige dienskoste van na-aftreevoordele bo en behalwe pensioenfondse word as 'n termynuitgawe erken en gepaar met die voordeel wat gedurende die werkleeftyd van die werknemer ontvang word en sluit die befondsingskoste in vir wanneer werknemers nie meer in diens is nie. Die aanspreeklikheid word volgens aktuariële aannames bereken om die huidige waarde van die geraamde toekomstige koste van die voordele te bepaal.

Die effek van planveranderings ten opsigte van afgetrede werknemers word bepaal as die huidige waarde van die effek van die veranderde voordele en word as 'n uitgawe of as inkomste erken in die tydperk waarin die verandering aan bepalings van die aftreevoordeelplan gemaak word.

### 1.17 Inflasie (2.4.5 - RE 101)

Die finansiële jaarstate is opgestel op die historiese kostebasis en geen voorsiening vir inflasie is gemaak nie aangesien Suid-Afrika nie 'n hiperinflasionêre land is nie (die kumulatiewe inflasiekoers oor drie jaar nader of oorskry nie 100% nie).

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**

**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999** (vervolg)

## 2. EIENDOM EN TOERUSTING

| Bewegings | Grond | Geboue | Voertuie | Meubels | Laboratoriumtoerusting | Biblioteekboeke | Rekenaartoerusting | Sintetiese hokkieveld | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Kosprys op 31/12/97 | 15,213,921 | 117,916,935 | 5,819,180 | 21,902,899 | 69,734,732 | 43,768,744 | 26,193,614 | 0 | 300,550,025 |
| Opgelope waardevermindering 31/12/97 | 0 | (7,617,344) | (1,101,970) | (2,229,866) | (7,096,025) | (7,354,190) | (6,583,595) | 0 | (31,982,990) |
| Drawaarde op 31/12/97 | 15,213,921 | 110,299,591 | 4,717,210 | 19,673,033 | 62,638,707 | 36,414,554 | 19,610,019 | 0 | 268,567,035 |
| Waardevermindering vir die jaar | 0 | (2,243,213) | (925,952) | (524,657) | (6,881,586) | (1,005,947) | (10,583,727) | 0 | (22,165,082) |
| Toevoegings in die jaar | 0 | 3,722,193 | 2,932,807 | 2,088,672 | 13,227,967 | 4,414,003 | 6,456,257 | 0 | 32,841,899 |
| Vervreemdings in die jaar | 0 | 0 | (508,191) | (137,057) | (280,658) | (92,180) | (754,515) | 0 | (1,772,601) |
| Waardedalingsverlies | | | 0 | 0 | (328,321) | 0 | (586,871) | 0 | (915,192) |
| Rente gekapitaliseer | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Drawaarde op 31/12/98 | 15,213,921 | 111,778,571 | 6,215,874 | 21,099,991 | 68,376,109 | 39,730,430 | 14,141,163 | 0 | 276,556,059 |
| Kosprys op 31/12/98 | 15,213,921 | 121,639,128 | 8,243,796 | 23,854,514 | 82,353,720 | 48,090,567 | 31,308,485 | 0 | 330,704,131 |
| Opgelope waardevermindering 31/12/98 | 0 | (9,860,557) | (2,027,922) | (2,754,523) | (13,977,611) | (8,360,137) | (17,167,322) | 0 | (54,148,072) |
| Waardevermindering vir die jaar | 0 | (2,290,367) | (794,439) | (582,466) | (8,247,293) | (1,103,430) | (13,356,289) | (156,250) | (26,530,534) |
| Toevoegings in die jaar | 319,243 | 10,479,540 | 848,022 | 1,858,306 | 15,518,097 | 3,601,390 | 5,788,059 | 2,500,000 | 40,912,657 |
| Kapitaalsubsidie erken (aantekening 12) | 0 | (5,000,000) | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | (5,000,000) |
| Vervreemdings in die jaar | 0 | 0 | (686,745) | (185,212) | (601,431) | (124,567) | (724,012) | 0 | (2,321,967) |
| Waardedalingsverlies | | | 0 | 0 | (221,514) | 0 | (1,088,672) | 0 | (1,310,186) |
| Rente gekapitaliseer | | | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Drawaarde op 31/12/99 | 15,533,164 | 114,967,744 | 5,582,712 | 22,190,619 | 74,823,968 | 42,103,823 | 4,760,249 | 2,343,750 | 282,306,029 |
| Kosprys op 31/12/99 | 15,533,164 | 127,118,668 | 8,405,073 | 25,527,608 | 97,048,872 | 51,567,390 | 35,283,860 | 2,500,000 | 362,984,635 |
| Opgelope waardevermindering 31/12/99 | 0 | (12,150,924) | (2,822,361) | (3,336,989) | (22,224,904) | (9,463,567) | (30,523,611) | (156,250) | (80,678,606) |

| Verwysingsraamwerk Rubriek | AARP/ Bylae 4 | |
|---|---|---|
| | | POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS |
| | | AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE<br>VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg) |
| 2.14.4<br>2.16.4<br>C1.2.4<br>C1.2.5<br>C1.3.2<br>D1.1 | RE 123<br>RE 128<br>Bylae 4<br>Bylae 4<br>Bylae 4 | 2. EIENDOM EN TOERUSTING (vervolg) |
| C1.2.5 | Bylae 4 | KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE |
| 2.6.4 | RE 105 | BEDRYFSHUURKONTRAKTE VAN ROERENDE BATES |

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1999 (vervolg)**

## 2. EIENDOM EN TOERUSTING (vervolg)

Die betrokke waardedalingsverliese soos aangetoon, word as normale uitgawe verantwoord. Hierdie bedrae het ontstaan as gevolg van fisiese skade en veroudering. Veroudering ten opsigte van rekenaartoerusting was hoofsaaklik te wyte aan die Jaar-2000-probleem.

Alle bates is onbeswaard. Die verkoop en oordrag van grond en geboue, wat met die finansiële steun van die Staat bekom is, is onderhewig aan Ministeriële goedkeuring.

Die bateregister met volledige besonderhede ten opsigte van grond en geboue, word by die kantore van die Universiteit ter insae gehou.

### KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE

Die volgende verpligtinge, wat nie in die balansstaat erken is nie, het op 31 Desember 1999 bestaan ten opsigte van kapitale uitgawes goedgekeur maar nog nie afgehandel nie:

| | 1999<br>R | 1998<br>R |
|---|---|---|
| Geboue | 10,090,392 | 3,760,412 |
| Biblioteekboeke | 206,996 | 159,227 |
| | 10,297,388 | 3,919,639 |

Hierdie uitgawes sal deur interne fondse gefinansier word.

### BEDRYFSHUURKONTRAKTE VAN ROERENDE BATES

Onverstreke paaiemente op bedryfshuurkontrakte van roerende bates:

| | 1999 | 1998 |
|---|---|---|
| Betaalbaar binne 1 jaar | 782,649 | 890,653 |
| Betaalbaar na 1 jaar maar binne 5 jaar | 2,448,827 | 3,031,276 |
| Betaalbaar na 5 jaar | 0 | 0 |
| | 3,231,476 | 3,921,929 |

Verwysingsraamwerk

| Rubriek | AARP/ Bylae 4 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | **POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS** | | |
| | | **AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE** | | |
EVERINGHAM, G.K. & WATSON, A. 1998. Generally Accepted Accounting Practice: a South African viewpoint. Cape Town: Juta & Co, Ltd. 522p.

FOURIE, H.S. 1999. Nuwe ontwikkeling in AARP oor die afgelope twee jaar - aangebied tydens die CFA se nasionale konvensie. Potchefstroom. Sep. 29.

ISCOR LIMITED. 1999. Annual Report 1999. Pretoria. 96p.

JOUBERT, D.S. 1993. Corporate reporting - a different perspective. Accountancy SA, 10(1): 4-6, Jan.

KOEN, M. & FRANCIS, R.L. 1997. Performance reporting by listed public entities - do they comply? SAIPA - Journal of Public Administration, 32(2): 95-113, Jun.

MARX, B. & DU TOIT, A. 1996. Die rol van die ouditkomitee: korporatiewe beheer. Finansies & Tegniek, 48(26): 36-37, Jun. 28.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS. 1993. Private Wet op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Volksraad) No. 80 van 1993. Potchefstroom. 12p.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS. 1999. Finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 1998. Potchefstroom. 21p.

PRICEWATERHOUSECOOPERS. 1999a. GAAP-Technical update. Klerksdorp. Oct. 18-19.

PRICEWATERHOUSECOOPERS. 1999b. Higher Education conference. Port Elizabeth. Aug. 5-6.

SAAMBOU. 1999. Jaarverslag 1999. Pretoria. 57p.

SAICA (The South African Institute of Chartered Accountants). 1998. Seminar on reporting by Public Entities. Pretoria. Feb. 27.

SAIGR (Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters). 1999. Handleiding vir lede. Volume 1 en 4. Kengray.

SENTRUM VIR REKENINGKUNDE. 1996. Finansiële Rekeningkunde. Bloemfontein: UOVS. 40p.

SOUTH AFRICA. OFFICE OF THE AUDITOR-GENERAL. 1997. Internal checklist for the evaluation of the annual financial statements of a Public Entity. December 1997. Pretoria. 43p.

SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 1998. Statuut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys . *Goewermentskennisgewing*, 1125:1-51, September 9.

SUID-AFRIKA. 1973. Maatskappywet No. 61 van 1973 (soos gewysig). Johannesburg: Lex Patria Uitgewers. 320p.

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op Hoër Onderwys No. 101 van 1997. *Staatskoerant*, 18515: 1-47, Desember 19. (Regulasie-koerant no. 18515.)

SUID-AFRIKA. 1992. Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite No. 93 van 1992 (soos gewysig). Pretoria: Staatsdrukker.

THE INSTITUTE OF DIRECTORS IN SOUTHERN AFRICA. 1994. The King Report on Corporate Governance. Johannseburg. 56p.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH. 1999. Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate 31 Desember 1998. Stellenbosch. 17p.

VAN WYK, H.A. 1997. AARP-Kursus vir die Instituut van Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters van Suider-Afrika. Klerksdorp. Jul. 7.

VAN WYK, H.A. 1998. AARP-Kursus vir die Instituut van Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters van Suider-Afrika. Klerksdorp. Okt. 13.

VAN WYK, H.A. 1999. AARP-Kursus vir die Instituut van Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters van Suider-Afrika. Klerksdorp. Nov. 16.

# LYS VAN STANDPUNTE OOR ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK (AARP)

## RE Rekeningkunde

### Rekeningkundige praktyk

| *RE* | *Titel* | *Datum Uitgereik of Hersien* | *Effektiewe Datum **** |
|---|---|---|---|
| 000 | Raamwerk vir die opstel en aanbieding van finansiële state | Nov 1990 | |

### Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk

| | | | |
|---|---|---|---|
| 100 | Voorwoord by standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige praktyk | Apr 1983 | |
| 101 | Aanbieding van finansiële state | Feb 1999 | 1 Jul 1999 |
| 102 | Inkomstebelasing | Mrt 1999 | 1 Jul 1999 |
| 103 | Netto wins of verlies vir die tydperk, fundamentele foute en veranderinge in rekeningkundige beleid | Mrt 1995 | 1 Mrt 1995 |
| 104 | Verdienste per aandeel | Mrt 1999 | 1 Jan 1999 |
| 105 | Rekeningkundige verantwoording van hure in die finansiële state van huurders | Jan 1989 | 1 Apr 1989 |
| 106 | Beleggingseiendomme | Jul 1982 | 1 Jan 1983 |
| 107 | Gebeurlikhede en gebeure na balansstaatdatum | Apr 1983 | 1 Jan 1983 |
| 108 | Voorraad | Nov 1995 | 1 Okt 1995 |
| 109 | Konstruksiekontrakte | Aug 1995 | 1 Jul 1995 |
| 110 | Verantwoording vir beleggings in geassosieerdes | Jun 1999 | 1 Jul 1998 |
| 111 | Inkomste | Des 1994 | 1 Jan 1995 |
| 112 | Die uitwerking van veranderings in wisselkoerse | Des 1998 | 1 Jan 1999 |
| 113 | Rekeningkundige verantwoording van verhuringskontrakte | Okt 1985 | 1 Jan 1996 |
| 114 | Leenkoste | Mrt 1995 | 1 Mrt 1995 |
| 115 | Segmentverslagdoening | Mrt 1999 | 1 Jul 1999 |
| 116 | Aftreevoordeelkoste | Feb 1997 | 1 Mrt 1997 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 117 | Eindigende bedrywighede | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |
| 118 | Kontantvloeistate | Sept 1996 | 1Jul 1996 |
| 119 | Finansiële verslagdoening oor belange in gesamentlike ondernemings | Jun 1999 | 1 Mrt 1997 |
| 120 | Openbaarmaking in die finansiële state van banke | Nov 1993 | 1 Jan 1996 |
| 121 | Openbaarmaking in die finansiële state van langtermyn-versekeraars | Feb 1994 | 1 Jan 1994 |
| 123 | Eiendom, aanleg en toerusting | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |
| 124 | Finansiële verslagdoening in hiperinflasionêre ekonomieë | Feb 1997 | 1 Mrt 1997 |
| 125 | Finansiële instrumente: openbaarmaking en aanbieding | Aug 1997 | 1 Jul 1998 |
| 126 | Openbaarmakings deur verwante partye | Aug 1997 | 1 Jul 1998 |
| 127 | Tussentydse finansiële verslagdoening | Mrt 1999 | 1 Jul 1999 |
| 128 | Waardedaling van bates | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |
| 129 | Ontasbare bates | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |
| 130 | Voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates | Jul 1999 | 1 Jan 2000 |
| 131 | Besigheidsamevoegings | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |
| 132 | Gekonsolideerde finansiële state en rekeningkundige verantwoording vir beleggings in filiale | Jun 1999 | 1 Jan 2000 |

*** Van toepassing op finansiële state wat tydperke dek wat op of na hierdie datum 'n aanvang neem.

## Rekeningkundige Riglyne

| | | |
|---|---|---|
| 201 | Openbaarmaking van die gevolge van prysveranderings op finansiële resultate | Aug 1978 |
| 203 | Waardering van vaste-eiendomsbates | Okt 1983 |
| 205 | Waardasie van lewende hawe in die finansiële state van boerderyondernemings | Sep 1988 |
| 206 | Rekeningkundige verantwoording deur koöperasies | Jul 1989 |
| 207 | Rekeningkundige en verslagdoeningspraktyke van korttermyn-versekeraars | Jul 1990 |
| 208 | Verantwoording vir finansiële termynkontrakte | Mrt 1991 |

## Rekeningkundige Menings

| | | |
|---|---|---|
| 300 | Voorwoord by menings deur die Taakgroep vir Rekeningkundige Vraagpunte uitgespreek | Mei 1990 |

| | | |
|---|---|---|
| 301 | Verantwoording vir die belastinguitwerking voortspruitend uit die verandering in belastingwetgewing aangaande LIEU-reserwes, verbruiksvoorraad en onvoltooide werk | Mei 1990 |
| 302 | Verantwoording vir 'n aanvanklike belegging in 'n buitelandse bedrywigheid in finansiële rand gedoen | Nov 1991 |
| 303 | Rekeningkundige verantwoording vir die tweeledige korporatiewe belastingstelsel | Jul 1999 |
| 304 | Verantwoording vir die oorgangsheffing en ander belastingwysigings wat in die 1994 - begroting aangekondig is | Jul 1999 |
| 305 | Verantwoording vir ná-aftreevoordele bo en behalwe pensioene | Aug 1995 |
| 306 | Wesensverdienste - Uitwerking van die uitreiking van RE 103 (hersien) op die berekening en openbaarmaking van verdienste per aandeel | Jan 1996 |
| 307 | Inkomste- of uitgawe-items binne wins of verlies uit gewone bedrywighede wat afsonderlik openbaar gemaak word | Mrt 1996 |
| 308 | Koste verbonde aan modifikasie van bestaande sagteware | Jun 1998 |
| 309 | Die openbaarmaking van skripuitleenaktiwiteite | Des 1998 |

## Interpretation of Statements of Generally Accepted Accounting Practice

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *Dokumente hieronder slegs in Engels uitgereik* | | |
| 400 | Preface to interpretations of statements of generally accepted accounting practice | Jul 1999 | |
| 401 | Concistency - different cost formulas for inventories | Jul 1999 | 1 Jan 2000 |
| 402 | Concistency - capitalisation of borrowing costs | Jul 1999 | 1 Jan 2000 |
| 403 | Elimination of unrealised profits and losses on transactions with associates | Jul 1999 | 1 Jan 2000 |
| 405 | Classification of financial instruments - contingent settlement provisions | Jul 1999 | 1 Jan 2000 |
| 406 | Cost of modifying existing software | Jul 1999 | Onmiddellik |
| 407 | Introduction to Euro | Jul 1999 | Onmiddellik |
| 411 | Foreign exchange - capitalisation of losses resulting from severe currency devaluations | Jul 1999 | Onmiddellik |

## Uitstaande Geopenbaarde Konsepte

| GK | Titel | Datum Uitgereik | Kommentaar Datum |
|---|---|---|---|
| 100 | Woordelys | Mrt 1995 | Oop |
| | *Dokumente hieronder slegs in Engels uitgereik* | | |
| 105 | Report of financial information to be included in a prospectus | Aug 1996 | Nov 1996 |
| 113 | The consideration of environmental matters in the audit of financial statements | Aug 1997 | Sep 1997 |
| 115 | Preface to South African Auditing Standards and related services | Sept 1997 | Des 1997 |
| 116 | Going concern | Okt 1997 | Jan 1998 |
| 121 | Assurance engagements | Jun 1999 | Aug 1999 |
| 125 | Reporting accountant's report on information to be included in a prospectus | Des 1997 | Mrt 1998 |
| 126 | Financial instruments: recognition and measurement | Jul 1998 | Sep 1998 |
| 127 | Employee benefits | Aug 1998 | Okt 1998 |
| 128 | Leases | Aug 1998 | Okt 1998 |
| 129 | Communications to those charged with governance | Nov 1998 | Jan 1999 |
| 130 | Events after the balance sheet date | Jan 1999 | Mrt 1999 |
| 131 | Accounting for government grants and disclosure of government assistance | Apr 1999 | Jun 1999 |
| 132 | External confirmations | Apr 1999 | Jun 1999 |
| 133 | The special consideration in the audit of small entities | Apr 1999 | Jul 1999 |
| 134 | Investment property | Aug 1999 | Okt 1999 |
| 135 | Agriculture | Sep 1999 | Des 1999 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Batch 2 of Proposed Interpretations of Generally Accepted Accounting Practice** | | Mei 1999 | Jun 1999 |
| *GK RE* | | | |
| 408 | First-time application of statements of GAAP as the primary basis of accounting | | |
| 409 | Business combinations - classifications either as acquisitions or unitings of interests | | |
| 412 | Consolidation - special purpose entities | | |
| 413 | Jointly controlled entities - non-monetary contributions by venturers | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 414 | Property, plant and equipment - compensation for impairment or loss of items | | |
| 415 | Operating leases - incentives | | |
| 410 | Government assistance - no specific relation to operating activities | Apr 1999 | Jun 1999 |
| 416 | Share capital - reacquired own equity instruments (Treasury shares) | Jul 1999 | Aug 1999 |

| | | |
|---|---|---|
| **Batch 3 of Proposed Interpretations of Generally Accepted Accounting Practice** | Sep 1999 | Okt 1999 |

417 Share capital – transaction

418 Consistency - alternative accounting policies

# STANDPUNTE OOR ALGEMEEN AANVAARDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK WAT NIE OP DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS VAN TOEPASSING IS NIE

## Rekeningkundige praktyk

*RE* *Titel*

102 Inkomstebelasting

In terme van artikel 10(1)(F) van die Inkomstebelastingwet is universiteite vrygestel van normale SA Inkomstebelasting.

104 Verdienste per aandeel

Die PU vir CHO is nie 'n maatskappy nie en het nie aandelekapitaal nie.

109 Konstruksiekontrakte

Die PU vir CHO tree nie op as kontrakteur ten opsigte van konstruksiekontrakte nie .

110 Verantwoording vir beleggings in geassosieerdes

Die Universiteit het nie tans beleggings in ander ondernemings waarin hy 'n beduidende invloed het nie.

112 Die uitwerking van veranderings in wisselkoerse

Die Universiteit het nie enige wesenlike transaksies wat in buitelandse valuta vereffen moet word nie en ook nie buitelandse bedrywighede nie.

113 Rekeningkundige verantwoording van verhuringskontrakte

Die PU vir CHO tree nie op as verhuurder ten opsigte van bruikhuurkontrakte nie.

115 Segmentverslagdoening

Hierdie standpunt behoort toegepas te word deur ondernemings wie se ekwiteit- of skuldeffekte openbaar verhandel word.

117 Eindigende bedrywighede

Die PU vir CHO het nie eindigende bedrywighede nie en sal as lopende saak voortbestaan.

119 Finansiële verslagdoening oor belange in gesamentlike ondernemings

Die PU vir CHO het nie kontrakte met ander instansies waarvolgens ekonomiese bedrywighede onderneem word wat gesamentlik beheer word nie.

120 Openbaarmaking in die finansiële state van banke

Die PU vir CHO is 'n universiteit en tree nie op as 'n bank nie.

121 Openbaarmaking in die finansiële state van langtermynversekeraars

Die PU vir CHO is 'n universiteit en tree nie op as 'n langtermynversekeraar nie.

124 Finansiële verslagdoening in hiperinflasionêre ekonomieë

Suid-Afrika het nie 'n hiperinflasionêre ekonomie nie (die kumulatiewe inflasiekoers oor drie jaar nader nie of oorskry nie 100% nie).

126 Openbaarmakings deur verwante partye

Daar is huidiglik nie verwante partye waarin die Universiteit 'n beduidende invloed op op hul besluitneming in verband met finansies en bedryf kan uitoefen nie.

127 Tussentydse finansiële verslagdoening

Die PU vir CHO stel ook 'n volledige stel finansiële state op vir tussentydse periodes.

131 Besigheidsamevoegings

Die PU vir CHO is nie as 'n party betrokke waar afsonderlike ondernemings in een onderneming saamsmelt nie of waar beheer verkry word oor die netto bates van die ander onderneming nie.

132 Gekonsolideerde finansiële state en rekeningkundige verantwoording vir beleggings in filiale

Die PU vir CHO tree nie as moedermaatskappy op vir 'n groep ondernemings nie.

# VERNAAMSTE BEPALINGS VAN BYLAE 4 VAN DIE MAATSKAPPYWET, 1973 (WET NO. 61 VAN 1973 SOOS GEWYSIG): VEREISTES VIR FINANSIëLE JAARSTATE, TUSSENTYDSE VERSLAE EN VOORLOPIGE FINANSIëLE JAARSTATE

Die vernaamste bepalings van Bylae 4, soos spesifiek van toepassing op die PU vir CHO, word vervolgens uiteengesit.

## 1. Deel I: Algemene vereistes met betrekking tot rekeningkundige begrippe en beleid en spesifieke vereistes met betrekking tot die balansstaat, inkomstestaat en kontantvloeistaat (Bylae 4 P5-P51)

### 1.1 Algemeen

Waar daar afwykings voorkom ten opsigte van standpunte oor AARP moet die volgende vermeld word:

- besonderhede van die afwyking
- die uitwerking daarvan
- die redes daarvoor.

Die rekeningkundige beleid wat deur 'n maatskappy aanvaar is om die drawaardes van bates en laste en die resulterende netto inkomste van die maatskappy te bepaal, moet vermeld word.

### 1.2 Balansstaat

1.2.1 <u>Ooreenstemmende bedrae in die vorige jaar</u>

Die ooreenstemmende bedrae aan die einde van die onmiddellik voorafgaande boekjaar, ten opsigte van alle items in die balansstaat aangetoon, moet vermeld word - behalwe in die geval van die eerste balansstaat.

1.2.2 <u>Reserwes</u>

Vermeld die volgende:

- die bedrag van elk van die reserwes op die aanvangsdatum van die rekenpligtige tydperk en op balansstaatdatum
- die bron en bedrag van oorplasings na reserwes
- die aanwending en bedrag van oorplasings van reserwes.

1.2.3 Laste

In die algemeen moet laste saamgevat word met die besonderhede wat nodig is om hulle algemene aard te openbaar en moet geklassifiseer word onder opskrifte wat toepaslik is.

*Lenings en verpligtinge*

Die volgende moet onder afsonderlike opskrifte aangetoon word:

- die bedrae van langtermynlenings en verpligtinge (insluitend die wat ontstaan uit die kapitalisasie van gehuurde bates) wat terugbetaal moet word meer as een jaar na balansstaatdatum - toon ook die rentekoerse, die onderskeie terugbetalings- of hernuwingsdatums en, indien terugbetaalbaar in paaiemente, die bedrae daarvan
- die bedrae van bedryfslenings, bankoortrekkings en verpligtinge (insluitende daardie wat ontstaan uit die kapitalisasie van gehuurde bates) wat terugbetaal moet word binne een jaar na balansstaatdatum
- die totaal van alle rentedraende lenings en verpligtinge tussen kort- en langtermyn ontleed.

*Ander laste*

Toon onder 'n afsonderlike opskrif die totale bedrag van voorsienings (behalwe voorsiening vir waardevermindering of vermindering in waarde van bedryfsbates).

*Gesekureerde laste*

Waar 'n las deur 'n beswaring oor enige bate gesekureer word, moet dit vermeld word asook die bedrag van die verpligting, die aard van die beswaring en die bedrag van die bate waardeur dit gesekureer is.

1.2.4 Bates

- In die algemeen moet bates saamgevat word met die besonderhede wat nodig is om hulle algemene aard te openbaar en moet geklassifiseer word onder opskrifte wat toepaslik is.
- Vaste bates, gekapitaliseerde bruikhuurbates, bedryfsbates en bates wat nóg vaste nóg bedryfsbates is, moet afsonderlik geïdentifiseer word.
- Die metodes wat gevolg is om die bedrag te bepaal van die vaste bates en die bates wat nóg vaste nóg bedryfsbates is, moet onder elke opskrif vermeld word.

*Vaste bates*

- Om die bedrag te bepaal van vaste bates (tasbaar of ontasbaar) of enige bates wat nóg vaste nóg bedryfsbates is, word die verskil geneem tussen:
  - die kosprys daarvan of waardasie indien dit herwaardeer is en
  - die totale bedrae voorsien of afgeskryf sedert die datum van verkryging of waardasie, vir waardevermindering of waardedaling.
- Toon die bedrae soos hierbo bereken ten opsigte van die bates onder elke opskrif.
- Vermeld ook die volgende met betrekking tot grond en geboue:
  - 'n beskrywing van sodanige grond en geboue en die ligging daarvan
  - die datum van verkryging

   - die kosprys daarvan
   - die koste van byvoegings of verbeterings sedert die datum van verkryging of waardasie.

   (Met dien verstande dat wanneer daar meer as vyf afsonderlike items van grond en geboue is, die inligting in 'n bylae of register ingesluit kan word en in daardie geval moet daar in 'n aantekening by die balansstaat vermeld word dat die bylae of register ter insae beskikbaar is.)
- Vaste bates wat waardeer is se kosprys en verkrygingsdatum hoef nie aangetoon te word nie, maar wel die volgende:
   - die mees onlangse jaar waarin die bates afsonderlik waardeer is
   - in die geval van bates wat gedurende die huidige tydperk waardeer is, die name en kwalifikasies van die persone wat die waardasie uitgevoer het
   - die basis van die waardasie en
   - die beleid oor die frekwensie van waardasie.

*Lenings aan en sekuriteit vir direkteure, bestuurders en werknemers*

Volledige besonderhede (soos vereis deur artikel 295 en 296) en die totale bedrae van uitstaande lenings moet onder afsonderlike opskrifte aangetoon word.

*Beleggings*

- Onderskeid moet getref word tussen genoteerde en ongenoteerde beleggings.
- Die totale markwaarde van genoteerde beleggings moet aangetoon word indien dit verskil van die bedrag van die beleggings soos aangetoon.
- Die totaal van die direkteure se waardasie van ongenoteerde beleggings moet aangetoon word, met verdere vermelding van die volgende:
   - die beleid rakende die frekwensie van herwaardasies
   - die basis van waardering
   - die datum van die jongste herwaardasie.

*Voorraad*

Vermeld die bedrae ten opsigte van die volgende kategorieë voorraad:

- grondstowwe
- klaarprodukte
- handelsware (onder gepaste opskrifte)
- verbruikersgoedere (insluitende instandhoudingsonderdele)
- onvoltooide werk (insluitende staande oeste)
- onvoltooide kontrakte - vermeld verder ook of winste of verliese in berekening gebring is en, indien wel, op watter grondslag.

1.2.5 Beswarings, voorwaardelike aanspreeklikhede en verpligtinge

*Beswarings*

Besonderhede van 'n beswaring van die bates van die maatskappy ter sekurering van die verpligtinge van 'n ander persoon, insluitende die bedrag gesekureer waar doenlik, moet vermeld word.

*Voorwaardelike aanspreeklikhede*

Die volgende besonderhede van enige voorwaardelike aanspreeklikhede wat nie in die finansiële state erken is nie, moet geopenbaar word, naamlik:

- die aard van die voorwaardelike aanspreeklikheid
- die onsekere faktore wat die toekomstige uitkoms kan beïnvloed
- die geraamde bedrag en die uitwerking daarvan.

*Verpligtinge*

Die totale bedrag of geraamde bedrag moet vermeld word ten opsigte van kontrakte of gemagtigde (deur direkteure) uitgawes met betrekking tot kapitale items asook die bron waaruit dit gefinansier sal word.

1.2.6 Aftreevoordeelinligting

Voldoende inligting oor aftreevoordeelplanne moet verskaf word om die omvang van werklike en voorwaardelike aanspreeklikhede op balansstaatdatum aan te dui. Die volgende moet vermeld word:

- of die aftreevoordeelplan deur die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956) beheer word
- die aard van die aftreevoordeelplan met 'n aanduiding of dit 'n omskrewe bydraeplan of omskrewe voordeelplan is
- enige verbintenis van die onderneming, formeel of konstruktief, om onbefondsde voordele te betaal
- 'n aanduiding van die gedeelte van die onderneming se werknemers wat deur aftreevoordeelplanne gedek word
- die effektiewe datum van die mees onlangse aktuariële waardasie
- die mening van die aktuaris of die plan finansiëel gesond is
- enige verandering in die bydraebasis wat deur die aktuaris aanbeveel is, met spesifisering van die aard, bedrag en duur van die verandering en of die aanbeveling geïmplementeer word of nie en
- die jaar van die volgende aktuariële waardasie.

### 1.3 Inkomstestaat

1.3.1 Ooreenstemmende bedrae in die vorige jaar

Die ooreenstemmende bedrae van die onmiddellik voorafgaande boekjaar, ten opsigte van alle items in die inkomstestaat aangetoon, moet vermeld word - behalwe in die geval van die eerste inkomstestaat.

1.3.2 Aantoonbare items

Die volgende moet afsonderlik aangetoon word:

- die bedrag van inkomste uit beleggings waarin onderskei word tussen genoteerde en ongenoteerde beleggings en tussen rente, dividende en ander vermelde inkomste

- die bedrag van rente (of ander vergoeding) op lenings, insluitende skuldbriewe en bankoortrekkings, aan die maatskappy gemaak, waarin die gedeelte, as daar is, wat gedurende die tydperk gekapitaliseer is, geïdentifiseer word
- die onderskeie bedrae as vergoeding betaal vir bestuurs-, tegniese, administratiewe of sekretariële dienste, hoe ook al beskryf, uitgesonderd aan die bona fide-werknemers van die maatskappy;
- die bedrag aan die ouditeure betaal
- die bedrag oorgeplaas of beoog om oorgeplaas te word na of uit reserwes
- winste of verliese op aandeletransaksies
- die totale bedrag van winste en verliese op die tegeldemaking, skrapping of ander vervreemding van nie-handels-, vaste en ander nie-bedryfsbates
- die bedrag teen inkomste gedebiteer by wyse van voorsienings (behalwe voorsienings vir waardeverminderings van bedryfsbates) met vermelding van die aard van elke voorsiening of die bedrag onttrek aan sodanige voorsienings en nie vir die doeleindes daarvan aangewend nie
- die bedrag van 'n krediet of debiet wat ontstaan ten gevolge van 'n gebeurtenis in 'n voorafgaande boekjaar
- die bedrag van bedryfshuurkoste met onderskeid tussen die hoofkategorieë van bates wat onder bedryfshure gehou word
- inkomste- of uitgawe-items wat, in die rekenpligtige tydperk, van abnormale omvang is en voortspruit uit gebeure waarvan die onderliggende aard kenmerkend van die gewone handels- of bedryfsaktiwiteite van die onderneming is
- die wins of verlies wat ontstaan uit die verkoop van 'n bate na aansuiwering vir enige verskil tussen die verkoopsprys en redelike waarde waar daar 'n verkoop- en terughuurtransaksie was wat aanleiding tot 'n bedryfshuur gegee het en
- waar groepstate nie voorgelê word nie, ten opsigte van beleggings in geassosieerde maatskappye, die dividend ontvang, die belegger se belang in die behoue ekwiteitsinkomste of -tekort en die belegger se effektiewe belang in buitengewone items en vorige-jaar-aansuiwerings.

1.3.3 <u>Bykomende inligting</u>

Die onderstaande inligting moet ook vermeld word:

- die omset vir die betrokke tydperk en die grondslag waarop dit bepaal is;
- indien voorsiening vir waardevermindering op vaste bates gemaak is op 'n ander wyse as 'n waardeverminderingskoste, of indien geen voorsiening daarvoor gemaak is nie, moet die wyse waarop daar voorsiening gemaak is of die feit dat geen voorsiening daarvoor gemaak is nie, vermeld word;
- die bedrag van buitengewone items; en
- indien geen voorsiening vir belasting gemaak is nie, moet daardie feit en die rede daarvoor vemeld word.

### 1.4 Kontantvloeistaat

1.4.1 Ooreenstemmende bedrae in die vorige jaar

Die ooreenstemmende bedrae van die onmiddellik voorafgaande boekjaar, ten opsigte van alle items in die kontantvloeistaat aangetoon, moet vermeld word - behalwe in die geval van die eerste kontantvloeistaat.

1.4.2 Aantoonbare items

Die volgende items moet in die kontantvloeistaat aangetoon word:

- kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring
- beleggingsinkomste
- veranderings in die nie-kontantkomponente van bedryfskapitaal
- kontantgevolge van finansieringskoste en belasting
- kontantgevolge van beleggingsaktiwiteite
- kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite.

1.4.3 Bykomende inligting

'n Rekonsiliasie moet voorsien word tussen bedryfsinkomste vir die tydperk soos in die inkomstestaat getoon en kontant deur bedrywighede voortgebring, met vermelding van aansuiwerings vir nie-kontantitems wat by inkomste vir die tydperk ingesluit is.

## 2. Deel III: Vereistes met betrekking tot die direkteursverslag (Bylae 4 P66-P72)

### 2.1 Direkteursverslag

2.1.1 Inleidend

- Die direkteursverslag handel, onder gepaste opskrifte in verhalende trant, met al die beskrywende aangeleenthede. Bedrae of statistiek moet sover moontlik in tabelvorm uiteengesit word.
- Bykomende aangeleenthede wat wesenlik is vir die begrip van die stand van die sake van die onderneming, as daar is, moet onder gepaste opskrifte behandel word.
- Wanneer bedrae vermeld word, moet die ooreenstemmende bedrae, as daar is, ten opsigte van die onmiddellike voorafgaande boekjaar ook verstrek word.

2.1.2 Algemene oorsig

- 'n Algemene oorsig moet gegee word van die besigheid en bedrywighede van die onderneming gedurende die rekenpligtige tydperk en van die resultate daarvan en moet met elke feit of omstandigheid handel wat wesenlik is vir die begrip van die stand van die onderneming se sake - insluitende 'n verklaring van die geraamde verhouding waarin netto inkomste of verlies toeskryfbaar is aan die verskeie klasse van besigheid van die onderneming.
- Enige wesenlike feit of omstandigheid wat plaasgevind het tussen die balansstaatdatum en die datum van die verslag, moet behandel word.

2.1.3 Besondere aangeleenthede

Die direkteursverslag moet die volgende verstrek (tensy die inligting alreeds gegee is in 'n dokument wat by die finansiële jaarstate aangeheg is):

- die aard van die besigheid van die maatskappy en van sy filiale en enige belangrike verandering daarin gedurende die rekenpligtige tydperk
- enige belangrike verandering in die aard van die vaste bates van die onderneming gedurende die rekenpligtige tydperk of enige verandering van beleid met betrekking tot die gebruik van vaste bates en
- die name van die direkteure en die sekretaris, die sekretaris se besigheids- en posadres, en veranderings gedurende die rekeningpligtige tydperk.

Bron: Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973, soos gewysig).

# GESTRUKTUREERDE GESPREKKE MET DIE REGISTRATEUR FINANSIES EN DIE DIREKTEUR INTERNE OUDIT EN BESTUURSINLIGTING VAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Gestruktureerde gesprekke is gevoer met die Registrateur Finansies en die Direkteur Interne oudit en Bestuursinligting. Die model stel finansiële jaarstate is volledig bespreek, deurgewerk en aangepas om te verseker dat daar volledig voldoen word aan artikel 41 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997) en dat al die ter sake aangeleenthede korrek openbaar is. Aangeleenthede waarop veral gekonsentreer was, word hieronder uiteengesit - dit verteenwoordig die kommentaar wat in die verband ontvang is vanaf die Registrateur Finansies en die Direkteur Interne oudit en Bestuursinligting en word duidelikheidshalwe in die vorm van vrae en antwoorde weergegee.

## 1. Rekeningkundige beleid

**Vraag:**

Bestuur moet die rekeningkundige beleid op so 'n wyse selekteer en toepas dat die finansiële state in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van elke toepaslike AARP-standpunt voldoen. Laat dit toe dat die uniekheid van die Universiteit binne die raamwerk daarvan verwoord kan word en welke uitsonderings verdien spesiale aandag?

**Antwoord:**

Ja, die rekeningkundige beleid soos spesifiek van toepassing op die PU vir CHO, is geformuleer en voldoen aan AARP. As gevolg van die generiese aard van die toepaslike AARP-standpunte en die vereistes van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, was dit moontlik. Die onderstaande aangeleenthede verdien verdere toeligting.

### 1.1 Eiendom en toerusting

Die verwagte nuttige lewensduur van die verskillende klasse bates is beoordeel. Dit dien as basis waarvolgens waardevermindering afgeskryf word op die reguitlynmetode om die bates se kospryse oor hulle verwagte nuttige lewensduur tot hulle beraamde reswaardes te verminder (aantekening 1.3):

| KATEGORIE | PERSENTASIE | | MOTIVERING VIR PERSENTASIE |
|---|---|---|---|
| Grond | 0,0% | : | Die nuttige gebruik is onbeperk. |
| Geboue | 0,0% | : | Die nuttige gebruik is onbeperk aangesien sodanige instandhoudingsbeleid gevolg word wat natuurlike waardevermindering teenwerk en daar 'n |

| | | |
|---|---|---|
| | | voorsiening vir die doel van grootskaalse geboue-onderhoud gemaak word. *** |
| Rekenaartoerusting | 50,0% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 2 jaar as gevolg tegnologiese veroudering. |
| Biblioteekboeke | 2,5% | : Biblioteekboeke word gedepresieer teen 'n minimum koers omdat die gebruikswaarde daarvan nie afneem nie en 'n stelsel van voortdurende vervanging in stand gehou word. |
| Laboratoriumtoerusting | 10,0% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 10 jaar op grond van historiese gegewens. |
| Meubels | 2,5% | : Meubels word slegs teen 2,5% gedepresieer aangesien die kantoorgebruik daarvan 'n lang gebruiksleeftyd regverdig. |
| Voertuie | 15,0% | : Die voertuigpoel se reswaarde word na drie jaar, wat die gemiddelde vervangingstermyn van voertuie is, teen 55% beraam. |
| Sintetiese Hokkieveld | 12,5% | : Die nuttige gebruiksleeftyd word beraam op 8 jaar wat, volgens die verskaffer, die normale leeftyd daarvan is. |

*** Die rekeningkundige beleid ten opsigte van die voorsiening vir grootskaalse geboue-onderhoud bepaal die volgende (aantekening 1.10):

> Die Universiteit het 'n tien jaar rollende plan waarvolgens grootskaalse geboue-onderhoud plaasvind en wat jaarliks hersien word. Die beweging van die bedrae wat vir hierdie doel geoormerk is, word in die inkomstestaat verantwoord (dit word in die plek van waardevermindering teen die inkomstestaat gedebiteer). Roetine onderhoudskoste word normaalweg teen die inkomstestaat gedebiteer soos wat dit aangegaan word. Die gevolg van hierdie instandhoudingsbeleid is dat die nuttige gebruik van geboue onbeperk is en daar word derhalwe geen waardevermindering op geboue afgeskryf nie.

**1.2 Finansiële instrumente**

Die rekeningkundige beleid soos getoon in aantekening 1.4, is gekontroleer en die risiko's gedefinieer soos getoon in aantekening 23, naamlik:

<u>Kredietrisiko</u>

Daar bestaan nie wesenlike kredietrisiko's met betrekking tot kontant en kontantekwivalente, langtermynbeleggings, lenings aan studente en handels- en ander debiteure nie. Daar word hoofsaaklik met groot, finansieel gesonde en erkende instellings sake gedoen en die transaksies word behoorlik versprei tussen die instellings. Moontlike kredietrisiko's word vervat in die redelike waarde van elke instrument deur voldoende voorsiening te maak vir moontlike slegte skulde.

Rentekoersrisiko

Die Universiteit is blootgestel aan rentekoersrisiko's omdat fondse belê word teen beide vaste en wisselende rentekoerse. Die risiko word beperk deur 'n behoorlike verdeling te maak tussen vaste en wisselende koerse op grond van marktoestande en verwagtinge. In die geval van fondse geleen is die Universiteit se risiko beperk omdat lenings slegs teen vaste rentekoerse aangegaan word.

Redelike waarde

Die drawaarde van die volgende finansiële bates en laste verteenwoordig hul redelike waarde, naamlik: kontant en kontantekwivalente, langtermynbeleggings, lenings aan studente, handels- en ander debiteure, handels- en ander krediteure en langtermynlenings. Uiteensetting daarvan geskied by wyse van aantekening met betrekking tot elke item.

**1.3 Beleggingsinkomste**

Ten opsigte van aantekeninge 1.5 en 21 beveel die Registrateur Finansies aan dat beleggingsinkomste onderverdeel behoort te word tussen langtermyn en korttermyn. Korttermynbeleggingsinkomste word gegenereer deur kontant en kontantekwivalente en moet verkieslik deel vorm van bedryfsinkomste in die inkomstestaat as gevolg van die aard daarvan en vorm gevolglik deel van kontant uit bedrywighede voortgebring in die kontantvloeistaat. Langtermynbeleggingsinkomste word gegenereer deur die langtermynbeleggings en word apart aangetoon in die inkomstestaat na surplus uit bedryfsaktiwiteite en vorm deel van kontant uit bedryfsaktiwiteite in die kontantvloeistaat.

**1.4 Studentelenings**

As gevolg van die langtermynaard van studentelenings (aantekening 1.6) word daardie gedeeltes wat oor langer as die volgende boekjaar terugbetaal moet word, as langtermynbeleggings beskou en derhalwe as 'n beleggingsaktiwiteit in die kontantvloeistaat hanteer. Die korttermyngedeelte - dit wil sê daardie gedeeltes betaalbaar binne die volgende boekjaar - moet egter by debiteure ingesluit word.

**1.5 Inkomste erkenning**

Die volgende word bevestig ten opsigte van aantekening 1.12:

- Staatsubsidies word op 'n sistematiese wyse erken oor die betrokke tydperk wat benodig word om die inkomste te paar met die uitgawes waarvoor dit bestem is. Staatsubsidies vir die verkryging van eiendom en toerusting word aanvanklik as uitgestelde inkomste hanteer. Die toekenning word dan op datum van verkryging van die bate as inkomste erken.

    (GK 131 laat egter die volgende twee keuse toe waarvolgens staatstoekennings wat gemaak word met betrekking tot bates, verantwoord moet word, naamlik:

  - die toekenning word as uitgestelde inkomste hanteer wat op 'n sistematiese wyse erken word as inkomste oor die nuttige lewensduur van die bate; of
  - die toekenning word afgetrek om die drawaarde van die bate te verkry - dit bring ook mee dat die toekenning as inkomste erken word oor die nuttige lewensduur van die bate deurdat dit 'n verlaagde waardeverminderingsuitgawe veroorsaak. Hierdie metode word verkies wanneer die nuttige lewensduur van sekere bates, byvoorbeeld geboue, moeilik bepaalbaar is).
- Interdepartementele inkomste en uitgawes word nie geëlimineer nie.

  (Dit behoort egter geëlimineer te word. Die finansiële inligtingstelsel van die PU vir CHO kan tans nie hierdie transaksies apart identifiseer nie, maar sal dringend aangepas moet word om dit te kan elimineer vir state-doeleindes).

## 2. Balansstaat

**Vraag:**

Is alle voorgeskrewe inligting korrek geopenbaar om gebruikers van die finansiële jaarstate in staat te stel om die finansiële stand self te kan beoordeel ten einde besluite te kan neem? Dui ook aspekte aan waar die uniekheid van universiteite 'n rol speel.

**Antwoord:**

Ja, ten opsigte van lynitems is die minimum inligting wel geopenbaar en by wyse van aantekeninge verder uiteengesit.

Die uniekheid van universiteite speel veral 'n rol by hul ekwiteit. Universiteite het nie aandelekapitaal nie, maar wel opgehoopte fondse of reserwes wat bestaan uit opgehoopte winste sedert die ontstaan daarvan. As ekwiteit verteenwoordig dit ook die oorblywende belang in bates van 'n universiteit nadat al die laste afgetrek is. Dit is nie 'n waardebelang wat uitkeerbaar is nie, aangesien daar nie privaat eienaars is nie. Dit dien as waarborgfonds vir krediteure hoewel aanspreeklikheid ook beperk is soos by 'n maatskappy. Die openbaarmaking van opgehoopte fondse by universiteite word soortgelyk hanteer as reserwes in terme van Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973 omdat dit dieselfde karakter het.

Die ander lynitems in die balansstaat pas normaalweg in soos enige ander onderneming s'n as gevolg van die generiese inherente eienskappe van elkeen, byvoorbeeld eiendom en toerusting.

## 3. Inkomstestaat

**Vraag:**

Die aktiwiteite eie aan 'n universiteit bepaal sy eiesoortige transaksies en is bepalend vir die inhoud van sy inkomstestaat wat onder gepaste hoofde aangebied moet word. Is daar in hierdie formaat en inhoud voldoende ruimte en voorsiening gemaak om dit reg te openbaar?

**Antwoord:**

Ja, want die indeling is gedoen volgens die eiesoortige transaksies van die Universiteit deur middel van gepaste lynitems en by wyse van aantekeninge verder uiteengesit.

- Bedryfsinkomste:

  Gepaste lynitems is getoon ten opsigte van die verskillende inkomstekategorieë. Staatsubsidie word ook apart getoon en ontleed soos voorgeskryf deur GK 131.

- Bedryfsuitgawes:

  Die uitgawes is getoon volgens die aard daarvan soos ook verder ontleed in die betrokke aantekeninge.

### 4. Staat van veranderings in ekwiteit

**Vraag:**

Kom die beweging duidelik na vore in die formaat soos voorgestel deur RE 101?

**Antwoord:**

Ja, die beweging word korrek weergegee soos vereis deur AARP en Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973.

### 5. Kontantvloeistaat

**Vraag:**

Is die voorgeskrewe formaat geskik om die Universiteit se kontantvloei-inligting volledig te openbaar?

**Antwoord:**

Ja, as gevolg van die generiese aard daarvan was daar geen probleme met die opstelling daarvan nie.

### 6. Verslag van die Universiteitsraad (Direkteursverslag)

**Vraag:**

Die verslag van die Universiteitsraad met gepaste subopskrifte moet opgestel word in die plek van die direkteursverslag as deel van die finansiële jaarstate. Kan die aangeleenthede soos uiteengesit in Bylae 4 van die Maatskappywet, 1973, aangespreek word in soverre dit op die PU vir CHO van toepassing is?

**Antwoord:**

Ja, omdat die Raadslede dieselfde rol vervul as die direksie kan die ter sake aspekte daarin vervat word en dra dit by tot beter begrip van die stand van sake van die Universiteit by die gebruiker van die finansiële jaarstate. Dit kan ingedeel word onder die volgende opskrifte:

- Werksaamhede en oogmerke van die Universiteit